SEKS VIR DIE HUWELIK? 'N UITGEDIENDE PARADIGMA IN 'N VERANDERENDE WÊRELD?

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad MAGISTER IN TEOLOGIE aan die Universiteit van Stellenbosch

Deur

Wynand Fourie

Promotor: Dr. R.R. Vosloo

September 2006

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit te verkryging van ‘n graad voorgelê is nie.

……. **……..**

Datum

BEDANKING EN ERKENNING

Baie dankie aan Dr. R.R. Vosloo vir al u insette en bystand in die skryf van hierdie tesis.

Hierdie tesis is vir daardie mense wat die lewe die moeite werd maak, die mense wat my hoop en moed gee. Monique, Jouba, Le Roux, Willem, Rue, Anel, Fourie, Janes, Gottlieb, Simon, Dylon, Elise, Evan, Martus, Xander, Suzaan, Michelle, Dr. Punt, John & Gladys Vaaltuin, Tannie Rika, Ouma Tina, Ouma Laetitia, Mnr. Bakkes, Oom Tienie en Tannie Alida, Leon, en Ryno.

Hierdie tesis is vir die twee engele in my lewe: ma en pa. Dankie.

Hierdie tesis is vir Oom Jaap – ek sou dit graag vir oom wou wys. Ek hoop oom dans saam met God!

OPSOMMING

In hierdie studie word daar gefokus op die uitdagings wat ons moderne samelewing aan die kerk en haar verstaan van seksualiteit stel. Sekere "tradisionele" waardes word bevraagteken, dikwels in die naam van 'n nuwe konteks. 'n Nuwe era bied nuwe uitdagings en daarom word baie van dit wat as "tradisioneel" beskou word verwerp as iets wat vandag geen waarde meer het nie. 'n "Tradisionele" seks-etiek wat sê dat seks slegs in die huwelik hoort, is een van hierdie slagoffers.

Hierdie tesis probeer dus aantoon dat só 'n tradisionele seks-etiek vandag, in 'n veranderende wêreld, steeds relevant is. Dit kan slegs aangetoon word deur deeglik kennis te neem van die stand van die moderne samelewing, 'n waardering van die Christelike tradisie, en die Woord van God. Deur die Woord van God krities in gesprek te bring met 'n moderne samelewing en die uitdagings wat dit bied, kan daar aangetoon word dat seks steeds in die huwelik hoort – nie voor die huwelik nie, ook nie buite die huwelik nie.

Die Woord van God bied aan ons geen sistematiese teorie oor die mens se seksualiteit nie. Om hierdie rede is dit belangrik dat ons die sentrale tema van die Woord as ons vertrekpunt sal neem vir ons bestudering van die mens se seksualiteit. Die basis van dit alles is *liefde* en *geregtigheid* – God se opdrag om ons naaste lief te hê kan slegs deur hierdie twee riglyne 'n realiteit word. Deur seks slegs in die huwelik te beoefen, is ons getrou aan hierdie opdrag van God.

ABSTRACT

In this thesis the focus will be on the challenges that our modern society presents to the church and her understanding of sexuality. Certain "traditional" values are questioned on a continual basis. Many people argue that a new era represents new challenges and therefore new answers are needed – "traditional" values has nothing more to say in this new world. A "traditional" sex-ethic that believes sex should be kept for marriage, is one of the casualties.

This thesis attempts to show that such a "traditional" sex-ethic is still relevant in this world, today. This can only be done by taking serious notice of the current state of a modern society, & by respecting the Christian tradition, as well as the Word of God. By bringing the Word of God into a critical dialogue with the modern world and the challenges that it represents, it will be possible to show that a "traditional" sex-ethic is still relevant in this modern world.

The Word of God gives us no systematic theory on human sexuality. It is therefore important that we take the central theme of the bible as our point of departure. Love and justice should guide every decision people make: if we want to obey God's central command of loving our neighbors, we need to approach others with love and justice. By keeping sex for marriage we stay true to what God expects of us.

Pectora roborant cultus recti

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: Die identifisering en uitbeelding van die probleem

1.1 Voorwoord 8
1.2 Hoekom seks en die huwelik? 9
1.3 Agtergrond en navorsingsvraag 12
1.4 Hipotese 13
1.5 Die doel van hierdie navorsing 14
1.6 Die gesag van die Woord van God? 14
1.7 Metodologie 19
1.8 Navorsingsontwerp en struktuur van die tesis 20

HOOFSTUK 2: Die huwelik in 'n moderne samelewing: in gesprek met Don Browning

2.1 Waar kom die huwelik vandaan? 22
2.2 Die huwelik en modernisasie 23
2.3 Opsommend 35

HOOFSTUK 3: Lewis B. Smedes en James B. Nelson se sienings oor seksualiteit

3.1 *Lewis B. Smedes* 37
3.1.1 Seks en Christene: "Hoe voel jy daaroor?" 38
3.1.2 Laat ons juig en vrolik wees daaroor! 41
3.1.3 Seksualiteit en die huwelik 43
3.1.4 Verdraaide seksualiteit 44
3.1.5 Verlossing en seksualiteit 44
3.1.6 Christelike liefde en seksuele liefde 46
3.1.7 Seks en enkellopendes: seksuele omgang 47
3.1.8 Die huwelik? 49
3.1.8 Seks en getroude mense 50

3.1.9 Opsommend 51

3.2 *James B. Nelson* 53

3.2.1 Die menslike liggaam 53

3.2.2 Simbole 55

3.2.3 Spirituele en seksistiese dualisme 56

3.2.4 Die verlossing van ons seksualiteit 60

3.2.5 Liefde en seksuele etiek 64

3.2.6 Die huwelik 65

3.2.7 Trou in die huwelik 67

3.2.8 Opsommend 68

HOOFSTUK 4: Kritiese dialoog en gevolgtrekkings

4.1 ‘n Kritiese dialoog tussen die werke van Don S. Browning, Lewis B. Smedes, en James B. Nelson 70

4.2 Die publieke rol van die kerk 77

4.3 ‘n Nuwe, relevante, goeie mens 78

4.4 Ten slotte 80

Bibliografie 82

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk 1

Die identifisering en uitbeelding van die probleem

Die titel van hierdie ondersoek kan as volg geformuleer word: Seks vir die huwelik? ‘n Uitgediende paradigma in ‘n veranderende wêreld?

- **Voorwoord**

Ek begin my bespreking oor hierdie onderwerp met twee aanhalings van *Dietrich Bonhoeffer* – twee aanhalings wat dien as die motivering en dryfveer vir my skrywe:

“***Cheap grace*** is the deadly enemy of our Church. We are fighting to-day for *costly grace.* Cheap grace means grace sold on the market like cheapjacks’ wares…cheap grace means grace as a doctrine, a principle, a system…cheap grace means the justification of sin without the justification of the sinner…cheap grace is the preaching of forgiveness without requiring repentance, baptism without church discipline, Communion without confession, absolution without personal confession. Cheap grace is grace without discipleship, grace without the cross, grace without Jesus Christ, living and incarnate.” (Bonhoeffer 2003:43-45)

“***Costly grace*** is the treasure hidden in the field; for the sake of it a man will gladly go and sell all that he has…costly grace is the gospel which must be sought again and again, the gift which must be asked for, the door at which a man must knock. Such grace is costly because it calls us to follow, and it is grace because it calls us to follow Jesus Christ. It is costly because it costs a man his life, and it is grace because it gives a man the only true life…costly grace is the sanctuary of God; it has to be protected from the world and not thrown to the dogs…grace is costly because it compels a man to submit to the yoke of Christ and follow him; it is grace because Jesus says: ‘My yoke is easy and my burden is light.’” (Bonhoeffer 2003: 45)

Hierdie tesis is my poging om erns te maak met die radikale aard van dissipelskap. Dit is my poging om selfs my seksualiteit in die lig van my lewe saam met Jesus Christus te benader. Wat was God se oorspronklike bedoeling (met die indiwidu en die gemeenskap) toe Hy ons as seksuele wesens geskep het? En, indien ons ‘n antwoord op hierdie vraag kry, is ons bereid om voluit daarvolgens te

leef? Alle Christene wat hierdie tesis lees moet worstel en wonder oor die radikale aard van dissipelskap, en of ons bereid is om te leef soos wat Christus van ons vra – selfs in ons seksualiteit.

Hierdie tesis sal nie baanbrekers werk op die gebied van seksualiteit en die huwelik lewer nie. Aanvanklik was ek baie opgewonde om te skryf oor hierdie onderwerp, maar met die verloop van tyd het ek besef dat hierdie ‘n komplekse, ingewikkelde en baie frustrerende tema is. Daar is so baie opinies – en elkeen verskil van die ander. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat daar sekere keuses gemaak moet word, en dit is presies wat ek hier sal doen. Die leser sal waarskynlik saamstem met van die dinge wat ek kwytraak – met ander sal daar weer nie saamgestem word nie. Weet tog dat my keuses beïnvloed word deur my strewe na “…the creative growth and integration of the human person.” (Kosnik in Lebacqz 1999:555) Al die aspekte van hierdie onderwerp sal weer ’n slag op die tafel geplaas word sodat die leser opnuut kan besef wat God se oorspronklike bedoeling met sy skepping was. Wat is sekualiteit en hoe funksioneer dit? Hoekom sê ‘n tradisionele seks-etiek dat seks in die huwelik hoort? Wat is die funksie van seksualiteit *in* die huwelik? Is voor-huwelikse en buite-huwelikse seks sonde? Waar kom die huwelik vandaan en is dit nog ‘n funksionele instelling in ‘n moderne samelewing? Hierdie is alles vrae waarop daar gefokus sal word deur die verloop van hierdie studie.

- **Hoekom seks en die huwelik?**

Ek kom uit ‘n omgewing/konteks *waar daar nooit oor seks gepraat is nie*. Ek is baie dankbaar dat my pa wel met my die gesprek oor die “bytjies en die blommetjies” gehad het, maar ‘n groot klomp van my vriende het nooit hierdie voorreg gehad nie - wat hulle weet oor seks het hulle maar bymekaar gehoor... seker iewers in die skool se badkamers of in ‘n voorligting klas! In ons wit Afrikaner kultuur praat jy eenvoudig nie oor seks nie, dit is ‘n lelike ding. Daarom skryf ek oor seks en die huwelik, sodat mense kan hoor van hierdie ‘ding’: seksualiteit - dat hierdie ‘ding’ iets pragtig is wat deur God geskep is. Maar dat, indien jy nie God se bedoeling daarmee verstaan en dit respekteer nie, dit jou lewe sal verwoes.

Om te skryf oor seksuele waardes/norme is ‘n groot waagstuk, besef ek. Die onderwerp delf diep in die sensitiewe impuls van ‘n baie delikate dimensie van ons bestaan. In die lig hiervan is dit baie maklik om sommer net algemene stellings te maak en om dit te versier met die gevaarligte en alarms

van die morele verval van ons tyd. Ek wil dinge egter nie so doen nie. Wat ek probeer doen, som *Lewis Smedes* baie goed op: "I have tried to suggest a morality that, within a biblical perspective, is as liberating as it is limiting. And for that, a little risk is worth taking." (Smedes 1976:10) Ek poog om selfs aan te toon hoe só 'n bybelse perspektief "liberating" deur die "limiting" van ons seksualiteit is! Ek skryf hierdie tesis om duidelikheid (nie antwoorde nie!!) te kry oor my vrae (as Christen) rondom seksualiteit en die huwelik.

Ons beleef tans 'n *oorgangsfase* in ons verstaan van seksualiteit en ons omgang daarmee (sien *Nelson, J.B* 1978:8), en natuurlik word enige oorgangfase gekenmerk deur verwarring, frustrasie, diskontinuïteit, onvoorspelbaarheid, 'n verlies aan beheer en baie vrae. Die tradisionele idees wat mense het van hoe ons met ons seksualiteit moet omgaan, en dit wat werklik gebeur, klop nie met mekaar nie. Mense smag dan natuurlik weer na die ou paradigmas en maniere van dinge doen — hulle verlang weer na die sekuriteit en beheer wat hulle voorheen gehad het. In my studie sal ek eerstens fokus op seksualiteit — hoe moet ons dit verstaan? M.b.v. die afleidings/riglyne wat ons hieruit verkry is dit dan vir ons moontlik om te sê hoe seks en die huwelik met mekaar verband hou. Dit is dus nie die geval dat ek seksualiteit bestudeer ten koste van seks of die huwelik nie. Die een volg net logies op die ander. Dit is onmoontlik om te praat oor die verband tussen seks en die huwelik sonder 'n deeglike begrip van die mens se seksualiteit en die huwelik.

Waarvoor ek egter pleit in hierdie oorgangsfase, is dat ons (as liggaam van Christus) nie net noodwendig moet terugval op die tradisionele seks-etiek (na dit wat bekend is en wat vir ons gemaklik is nie), sonder om dit eers *deeglik en krities* te bestudeer nie. Ons moet die geleenthede raaksien wat hierdie oorgangsfase aan ons bied in ons verstaan en omgang met ons seksualiteit: die geleentheid vir iets nuut om gebore te word/na vore te kom uit hierdie hele situasie, is baie groot. Ek sal deur die loop van hierdie studie kyk na die tradisionele verstaan van seksualiteit en dit, in die lig van die veranderende verstaan van seksualiteit evalueer en kritiseer, om te sien of so 'n tradisionele seks-etiek nog relevant is in die wêreld waarin ons onsself bevind. *Ek hoop egter om een stappie verder te gaan as dit:* ek wil nie net aantoon dat die tradisionele seks-etiek die mees verantwoordelike manier is om ons seksualiteit uit te leef nie; ek hoop ook om die redes waarom ek glo aan 'n tradisionele seks-etiek duidelik uit te spel. Ek het 'n vermoede dat my redes effens sal verskil van die oorspronklike motiverings – ek wil graag 'n teologiese respons gee op die tema van seksualiteit en die huwelik. Ek hoop om die leuen oop te vlek dat ons seksualiteit

sonde is die oomblik as dit lekker is. Verder wil ek aantoon dat, alhoewel ‘n tradisionele seks-etiek my voorkeur is, selfs hierdie benadering tot ons seksualiteit besmet is met die gogga wat ons *tradisionalisme* noem: d.i. wanneer tradisie verstaan word as “dogmatic or moral propositions transmitted from the past.” (Cahill 1999:329) Dit is egter beter om tradisie te verstaan as “the story of a people, handed on or transmitted for reappropriation in each generation. Tradition is the historical identity and self-understanding of the religious community, which is informed by the Scriptures, and which continues to inform its present and future.” (Cahill 1999:329) Die tradisionele verstaan van mans en vrouens en hul rol in die samelewing en seksualiteit is ‘n onontbeerlike element van hierdie studie. Dit is vanselfsprekend dat ek ook aandag sal skenk aan die huwelik: hoekom is die huwelik nodig, hoe lyk die huwelik vandag, en hoe moet die huwelik lyk?

Die Christelike lewenswyse (soos aan ons openbaar deur Jesus Christus) daag die mens uit om ín hierdie wêreld te leef – om nie te leef asof hierdie sondige wêreld nie bestaan nie. Jesus leer alle mense om hul bestaan te omhels en dit ten volle uit te leef en te beleef. Dít bring bevryding. Die weg van Christus help die mensdom om sin te maak uit hulle bestaan. Die rykdom van die Woord van God en die Christelike tradisie moet daarom ontgun word in hierdie strewe na ‘n verstaan van seksualiteit en die huwelik.

So, al skryf ek spesifiek *vir Christene* wat sukkel om hul seksuele lewe en hul Christelike lewe met mekaar te vereenselwig, is bevindinge en afleidings wat ek uit hierdie studie maak relevant en van toepassing op alle mense, ongeag jou nasionaliteit, godsdienstige voorkeure, ras, seks, ekonomiese stand of politieke voorkeure. Ek wil nie vir een oomblik my verstaan en benadering tot seksualiteit en die huwelik aan enige iemand afsmeer nie – ek dink dit sou onsensitief en onbilik wees: “Individual Christians may continue to observe the purity code of their culture, but they may not demand that other Christians do so…Those whose confidence in grace is great enough to free them from purity codes (the ‘strong’ as Paul called them) may not force their position on others; but neither may those who observe such codes (the ‘weak’) refuse the strong the right to follow their consciences.” (Countryman in Lebacqz 1999:519 & 523) Maar, ek glo dat ‘n tradisionele seks-etiek (met die Bybel as riglyn) die pyn en hartseer, veroorsaak deur ‘n verdraaide verstaan van seksualiteit, in ons samelewing kan genees.

Verder is hierdie onderwerp ‘n baie glibberige een om te bestudeer - “...it has too many shapes and colors for anyone to capture all of it in one piece.” (Smedes 1976: 10) Dit gaan moeilik wees om ‘n volledige, omvattende beskrywing van seksuele moraliteit te gee, maar dit sny so naby aan mense se werklike lewens, dat dit ‘n kans is wat ek bereid is om te neem. Ek is egter ten volle bewus van die beperktheid van hierdie studie - *ek is maar een stem in ‘n koor van denke oor die seksualiteit van die mensdom. Hierdie is my nederige bydrae.*

As ‘n laaste punt wil ek net duidelikheid gee oor die keuse van die vakgebied vir die bestudering van hierdie onderwerp: ek kies *Christelike etiek* as die vakgebied. Etiek is die bestudering van moraliteit. Moraliteit is die antwoord wat mense gee op die vraag van die bekende filosoof *Sokrates*: Watter tipe lewe is die moeite werd om te leef? Normatiewe etiek is ‘n poging om die norme & standaarde van goeie optrede te bepaal. Maar hierdie is ‘n studie in *Christelike etiek*. Hoe kwalifiseer Christenskap etiek? “Whereas secular ethics identifies the primary questions of ethics as ‘What is the good life? What life is worth living?’ Christian ethics identifies the primary questions of ethics as ‘Who am I as a follower of Jesus? What life is worthy of one who recognizes the authority of Jesus? What sort of people should those who confess Jesus as Christ be?’” (Boulton ed. 1994:5) Hierdie is die soort vrae waaraan ek aandag sal skenk in hierdie studie.

Hierdie is ‘n *hermeneutiese studie* waar daar gepoog word om sistematies na te dink oor die mens, ons seksualiteit en die huwelik. Ek sal bloot ‘n paar standpunte en benaderings oor seksualiteit en die huwelik op die tafel sit, dit in gesprek met mekaar bring, en dan afleidings maak hieruit. Geen empiriese navorsing sal gedoen word nie. In hierdie tesis val die fokus dan op die mens se seksualiteit en in watter verhouding dit staan met die huwelik. Wat nou volg, is ‘n meer sistematiese- en logies uiteengesette verduideliking van die inhoud van hierdie tesis.

- **Agtergrond en navorsingsvraag**

    - Om alle misverstande en wanopvattings uit die weg te ruim, begin ek hierdie studie met ‘n beskrywing/definisie van die drie sentrale temas in die tesis: *seksualiteit, seks en die huwelik;* dit gaan hier oor *wie ons is as seksuele wesens;*

- Die mens se *seksuele gedrag:* ‘n Vlugtige oorsig van die kerk se omgang met die mens se seksualiteit deur die geskiedenis; dan sal ek ook kyk na die impak en gevolge daarvan op die samelewing vandag;

- Die huidige situasie is ‘n tyd van verandering: Die wêreld verander by die dag; tegnologiese vordering maak die lewe ‘n kompetisie waar mense se waarde bepaal word deur hul vermoë om te produseer. ‘n Moderne samelewing wat beweer dat waarheid by elke mens self lê – daar is geen universele waardes meer nie. Daar heers ‘n gevoel van absolute wanorde - mense doen wat hulle wil. Hoe moet die mens optree in sulke omstandighede?;

- Twee standpunte oor seks en die huwelik sal my aandag geniet: 1) ‘n “tradisionele” siening[1] en 2) ‘n meer “liberale” siening[2];

- Teen hierdie agtergrond stel ek die volgende navorsingsvraag voor: Is ‘n tradisionele seks-etiek (seks slegs vir die huwelik) vandag, in só ‘n veranderende wêreldkonteks, steeds relevant? Daarom is die titel van hierdie ondersoek die volgende: Seks vir die huwelik. ‘n Uitgediende paradigma?

- **Hipotese**

“A hypothesis is a statement of what is deemed possibly true, assumed and reasoned upon as if certainly true, with a view of reaching truth not yet surely known; especially in the sciences - that it remains a working hypothesis, that is, one that may answer for the present practical purposes until it is verified. Every research as a social science has a working hypothesis that directs the investigation.” (Mouton 1996:175) Ek aanvaar vir geen oomblik dat my hipotese korrek is nie. Dit is inderdaad op hierdie stadium slegs ‘n *werkende hipotese.* Indien ek sou vind dat my aanvanklike idees en aannames nie korrek was nie, sal ek dit duidelik so aandui in my afleidings. Dit sal egter duidelik na vore kom soos wat hierdie studie verder ontwikkel. Gevolglik is my hipoteses: 1) *‘n*

[1] Hierdie benadering tot seks en die huwelik glo dat seks slegs in die huwelik beofen mag word.
[2] Hierdie benadering tot seks en die huwelik maak die huidige sosiale patrone die agenda van die evangelie – die mens self kan maar besluit of seks voor die huwelik gepas is óf nie. Konteks speel in hierdie benadering ‘n baie belangrike rol. Deur die verloop van hierdie studie sal dit duidelik word dat ek ook ten gunste van kontekstuele teologie is, maar dat daar ‘n kritiese dialoog tussen die konteks en die evangelie moet plaasvind – iets wat, in my opinie, ontbreek in hierdie liberale benadering.

dialoog met verskeie sienings en standpunte oor seks en die huwelik sal tot 'n hernude bevordering en bevestiging van die tradisionele seks-etiek lei. Ek wil graag toon dat, indien daar geluister word na die huidige, verteenwoordigende standpunte oor seks en die huwelik, ons hieruit kan aantoon dat 'n tradisionele seks-etiek steeds die mees verantwoordelike manier is om ons seksualiteit te benader, 2) ek wil ook aantoon dat *die redes wat oorspronklik aanleiding gegee het tot 'n etiek van seks vir die huwelik, nie altyd so getrou aan die Woord was nie,* en daarom sien al hoe meer mense dit vandag as 'n onbilike verwagting. *'n Terugkeer na die riglyne van God se Woord in dié verband sal dinge weer in die regte lig plaas.*

- **Die doel van hierdie navorsing**

"The need to express oneself in writing springs from an unresolved inner conflict. The writer does not write out of having found an answer to the problem, but rather out of having discovered the problem and wanting a solution. And the solution is not a resolution of the problem so much as a deeper and wider consciousness of the issue to which we are carried by virtue of having wrestled with that problem." (Nelson 1978:9) Ek vertrou dat die leser saam met my sal worstel om meer duidelikheid te kry oor hierdie onderwerp, juis ook vanuit hul eie ondervindings as seksuele wesens.

Die doel van hierdie navorsing is dus om twee standpunte oor die mens en hul *seksualiteit,* en dan *seks en die huwelik* in dialoog met mekaar te bring om sodoende aan te toon dat die tradisionele seks-etiek (wat ontstaan vanuit 'n spesifieke interpretasie van die Bybel) 'n waarde besit wat ryklik kan bydrae tot die huidige debat rondom ons samelewing en ons omgang met seks. In hierdie hele proses speel die Bybel dan natuurlik 'n essensiële en noodsaaklike rol, juis omdat ek 'n teoloog is wat my lewe in gehoorsaamheid aan God se wil (bekendgemaak aan ons deur Sy Woord) probeer inrig. Die Woord van God staan sentraal in hierdie studie. So, waar kry die Woord van God sy gesag vandaan, en hoekom moet ons dit wat die bybel sê ernstig opneem?

- **Die gesag van die Woord van God?**

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk." (2 Tim 3:16-17) Soos ek reeds vroeër gesê het, is al die standpunte wat in hierdie tesis behandel word, op een of ander manier

gebaseer op *'n interpretasie van die Woord van God*, die bybel. Maar, die vraag is egter: hoekom moet ons dit wat die Woord van God sê ernstig opneem? Het die bybel vandag steeds betekenis, en waar kom die gesag van hierdie Woord (van God in mense taal) vandaan?
Om antwoorde op hierdie vrae te probeer kry sal ek 'n kort oorsig gee oor die hoofpunte van *John Webster* (2003) in dié verband in sy boek *Holy Scripture: A Dogmatic Sketch*.

Webster gee die volgende beskrywing van die Heilige Skrif: "…Holy Scripture (the human text which God sanctifies for the service of his communicative presence) is still 'scripture' (human writing generated and used by religious communities)." (Webster 2003:1-2) Drie baie belangrike aspekte speel 'n groot rol in ons verstaan *van* en benadering *tot* die Heilige Skrif: *openbaring, heiligmaking, en inspirasie*: *Openbaring* is die self-aanbieding van die drie-enige God, die vrye werk van soewereine genade waarin God reddende gemeenskap met homself wil, vestig en voltooi. Hierdeur kom die mens tot kennis, vrees en liefde vir God bo alle dinge. Openbaring is dan, uiteindelik, versoening.
Heiligmaking: in die verlede was daar altyd 'n onderskeid getref tussen die bybel as die Woord van God, en die bybel as die woorde van mense. Dit was óf die een óf die ander. Die twee kan nooit saam gesien word nie. Maar, die oomblik wanneer ons in so 'n dualisme verval, ontken ons die heiligmakende werk van die drie-enige God vandag, in elke mens se lewe. Juis omdat God op hierdie oomblik besig is om ons heilig te maak, kan ons praat van die Woord van God in die mens se taal (die Skrif as 'n profetiese en apostoliese getuienis, as 'n "means of grace", en die Skrif as "servant-form" kan ons ook help om nie te verval in die bogenoemde dualisme nie).
Om dus te praat van die bybel as Heilige Skrif, impliseer twee dinge: 1) omdat die bybelse tekste geheilig is, kan dit nie afgemaak word as blote natuurlike tekste nie – dit is 'n ruimte vir die aktiwiteite van die Gees waardeur kennis oor God aan die mens verskaf word
2) alhoewel hierdie tekste geheilig is, behou dit steeds die menslike element. Dit is juis omdat dit menslike realiteite is dat hierdie tekste God dien. Dit maak hierdie tekste op geen manier minderwaardig as die Woord van God nie. "Once again the rule is: sanctification establishes and does not abolish creatureliness." (Webster 2003:30)
Inspirasie: wanneer daar gepraat word van die inspirasie van die Woord, moet ons die woorde van 2 Petrus in gedagte hou: "…deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die Woord wat van God kom, verkondig." (2 Petrus 1:21) Alle inspirasie is van God self; geen profesie het ooit deur die

mens se wil ontstaan nie; om meegevoer te word is die werk van die Gees van God en dieGees genereer taal.
In die bogenoemde beskrywing het Webster voorgestel dat die behoorlike plasing van ‘n Christelike teologiese verantwoording oor die aard van die Heilige Skrif *die Christelike leerstelling oor God* is.

Na hierdie *leerstelling oor God se self-openbaring*, beweeg Webster aan na *die leerstelling oor die kerk* (beide hierdie aspekte is steeds deel van die leerstelling oor God). Dit is belangrik om te besef dat die Heilige Skrif nie die woord van die kerk is nie; die kerk is die kerk van die Heilige Skrif.
Die belangrikste taak van die kerk is i) om getrou te luister na die evangelie van verlossing wat deur die opgestane Christus aangekondig word in die krag van die Gees deur die diens van die Heilige Skrif. Die kerk is dus ‘n “hearing church.” (Webster 2003:44) In die proses van luister na die Woord is die kerk blootgestel aan onderbreking – die Woord dwing ons om voortdurend gevorm, verander, en vernuwe te word
ii) die kerk se sigbaarheid, waarvan die Heilige Skrif deel is, is ‘n spirituele sigbaarheid. Die kerk is wat dit is a.g.v. die woord van die evangelie, en daarom is dit primêr ‘n spirituele gebeurtenis
iii) die kerk se geskiedenis, waarvan die Heilige Skrif deel is, is apostoliese geskiedenis. Die kerk bestaan wel in tyd; as ‘n menslike onderneming; dit is ‘n tradisie. Maar wat die kerk anders maak as enige ander menslike instansie, is die feit dat dit *deur Christus* geroep en gestuur is.

Pectora roborant cultus recti

Dus: Die gesag van die bybel kom van die gesag van die Heer van die kerk, Jesus Christus self. Tog maak God gebruik van menslike taal en insigte om die bybel te skryf en dit saam te stel. Maar, soos ons hierbo reeds gesien het, neem die menslike element wat daarin teenwoordig is niks van die gesag van die Woord weg nie. Die mens se handelinge in die proses van die ontstaan van die bybel word deur God self geheilig, en daarom het dit ewige waarde.

Ons moet nie vir een oomblik uit die oog verloor dat die proses van die *kanonisering* van die Skrif (die proses waardeur die 66 boeke in die bybel saamgestel is) die werk van mense is nie. Indien ons dit sou doen sou ons verval in ‘n idealisering en ‘n spiritualisering van die kanon. Die werk van die mens in dié verband word egter weereens deur God self geheilig. Kanonisering moet in die eerste plek verstaan word in die lig van die karakter van die kerk as ‘n vergadering rondom die teenwoordigheid van die opgestane Christus. Die kerk is altyd ‘n horende kerk voordat dit ‘n kerk is

wat praat, en indien die kerk wel praat, is dit belangrik om te weet dat dit die resultaat is van die uitsprake van Christus self. In die tweede plek word die kerk se oordele gerig deur deur die Heilige Gees – die kanon is nie net die resultaat van mense se konsensus nie, nee, dit is 'n charismatiese gawe om te kan onderskei wat waarlik apostolies is. Webster som dit alles baie goed op: "…the church's act of canonization is a set of human activities, attitudes and relations which refer beyond themselves to prevenient divine acts of speaking and sanctifying. Like any other element in the church… the canon is a matter of grace, of a divine promise attached to a creaturely reality. And like all those elements too, is a playground of human self-will; but it is also the sphere of the lordship of Christ…" (Webster 2003:65-66)

Hoe moet ons die bybel dan lees? *Johannes Calvyn* is daarvan oortuig dat die lees van die bybel nie net 'n intellektuele gawe is nie, maar dat dit juis ook *'n vorm van gebrokenheid* van die leser vra. Deur God se genade in Jesus Christus word ons denke vernuwe en word ons tot kennis en gemeenskap met God gebring deur die lees van die Woord: i) hierdie kennis van God is vir Calvyn teenstellend daarmee om vir jouself te dink – God moet ons leer

ii) Calvyn sê verder dat ons maar net studente van die Woord is, ons is nie meesters van die Woord nie

iii) "the heart of understanding is reverence and obedience towards the divine self-witness." (Webster 2003:78)

Dietrich Bonhoeffer glo dat die volgende met ons gebeur wanneer ons die Woord van God lees: "We are uprooted from our own exsistence and are taken back to the holy history of God on earth. There God has dealt with us, with our needs and our sins, by means of divine wrath and grace. What is important is not that God is a spectator and participant in our life today, but that we are attentive listeners and participants in God's action in the sacred story, the story of Christ on earth. God is with us today as long as we are there." (Bonhoeffer 1996:62) Ons moet doodeenvoudig die Woord aanvaar en dit in ons harte oordink, sê Bonhoeffer.

Aangesien ek baie staatmaak op hierdie insigte van die Woord van God in dié tesis, is dit belangrik dat u verstaan hoe ek met die Woord sal omgaan: In 'n baie insiggewende artikel skryf *Al Wolters* (2000) oor die nege vlakke van bybelse interpretasie. Hy lys hulle as volg: 1) tekstuele kritiek (bepaal of 'n woord werklik in die oorspronklike Masoretiese teks voorkom) 2) leksikografie (bepaal

die betekenis van ‘n woord) 3) sintaksis (bepaal die verhouding van die verskillende woorde in ‘n sin tot mekaar) 4) diakroniese literêre analise (hier word daar erns gemaak met die historiese prosesse wat aanleiding gee tot die finale vorm van ‘n teks) 5) sinkroniese literêre analise (die fokus is hier op die finale literêre vorm van ‘n teks) 6) historiese analise (fokus op inligtng rakende die onmiddellike omgewing van die ontstaanskonteks van ‘n teks) 7) ideologiese kritiek (die outeur se ‘sosiale plasing’ is belangrik vir die interpretasie van sy werk) 8) verlossings-historiese analise (die rol wat ‘n teks speel in die groter Christelike kanon) 9) belydende onderskeiding (wat sê die teks vandag vir my?). Wolters argumenteer dan dat al nege hierdie vlakke op mekaar inspeel – geeneen van die prosesse kan alleen funksioneer of sin maak nie.

Wolters stel dan twee verskillende verhoudings voor wat hierdie nege vlakke op mekaar kan hê: die eerste is ‘n “bottom-up” verhouding (Wolters 2000:106). In hierdie verhouding is elke vlak afhanklik van die vlak wat dit voorafgaan.

Die ander verhouding noem hy ‘n “top-down” verhouding (Wolters 2000:108). In hierdie verhouding is dit moontlik dat die onderste vlak beïnvloed kan word deur een van die boonste vlakke. Om hierdie paradoks egter aan te spreek, maak Wolters gebruik van die terme *“eerste/naïewe” lees en “tweede/kritiese” lees* van ‘n bybelse teks. Die eerste lees volg ‘n “bottom-up” benadering, terwyl die tweede lees weer gebruik maak van ‘n “top-down” benadering. Op hierdie manier (‘n kritiese lees van die bybel) word daar wegbeweeg van die ou, tradisionele sienings. Nuwe argeologiese ontdekkings, nuwe insigte in die dinamika van geslag en klas, en ‘n waardering vir die temas in bybelse teologie, maak dit moontlik en noodsaaklik dat ons op nuwe, kritiese maniere na die Woord van God sal kyk.

Dit is dan ook die metode wat ek, sowel as die meeste akademici wat ek aanhaal, sal volg in ons benadering tot daardie bybelse teksste wat fokus op die huwelik en seksualiteit. Hierdeur wil ek nie vir een oomblik die tradisonele benaderings tot seksualiteit en die huwelik afmaak of weggooi nie; nee, ek probeer bloot om op so ‘n manier met die Woord van God om te gaan dat dit vir ons as mense as ‘n riglyn kan dien oor hoe ons met ons seksualiteit moet omgaan. ‘n Kritiese bestudering van die bybel het hierdie doel as mikpunt.

John Webster praat van die lees van die bybel in die “*economy of grace*” (Webster 2003:86). Wat hierdie term presies behels moet as die riglyn dien vir die manier waarop ons dit wat die bybel oor

seksualiteit en die huwelik te sê het, interpreteer: 1) ‘n getroue lees van die bybel in die lig van genade is ‘n episode in die geskiedenis van sonde en die oorwinning daaroor

2) ‘n getroue lees van die bybel in die lig van genade is ‘n getroue lees van die duidelike Woord van God: “…to read Scripture is to be slain and made alive.” (Webster 2003:88)

3) Om die Woord te lees is om vasgevang te wees in die “waarheid-skenkende” Gees van God – die duidelikheid van die Skrif is nie slegs die gevolg van vrugtevolle eksegese óf weens die aard van die teks self nie

4) ‘n getroue lees van die bybel in die lig van genade is nie die taak van meesters nie, maar eerder die taak van leerlinge in die skool van Christus.

Ek is hier besig met Christelike teologie: Christelike teologie ontstaan vanuit die kerk se bestaan in die Woord, en die gemeenskap van gelowiges in die “economy of grace.” Teologie is ‘n poging om die Woord te lees en weer te lees en om vasgevang te word in die Skrif se uitdaging aan ons om ‘n belydende kerk te wees. Teologie is ‘n poging om die kerk op te bou deur ‘n verantwoordelike lees van die Skrif. In hierdie proses is gebed en *koinonia* noodsaaklik.

Uiteindelik sal ek probeer om die bevindinge van hierdie tesis in lyn te bring met wat *James Gustafson* sê oor die gebruik van die Skrif: “These moral teachings provide prominent lines; they are not unexceptionable rules or laws of conduct, nor are they moral ideals. They are coherent with the revelation of God in the Scriptures; and thus, if one’s judgement is not in accord with these prominent lines, it is doubtful whether one is really hearing God’s command.” (Gustafson in Boulton ed. 1994:25-26) Dít is die Woord van God, en dít is hoe dit hier gelees sal word.

- **Metodologie**

‘n Gepaste metodologie is ‘n noodsaaklike element in enige wetenskaplike navorsingsprojek. Dit gaan hier oor hoe ons kennis bekom. Hoe kan ons seker maak dat ons ‘n navorsingsdoel sal bereik? Ek sal sistematies-teologies omgaan met hierdie vraag; dit behels ‘n hermeneutiese navorsing waartydens ‘n reeks werke bestudeer word. Ek glo dat hierdie ‘n betroubare metode is om te hoor presies hoe ‘n sekere groep mense vandag in ‘n sekere omgewing oor ‘n spesifieke tema dink. In die literêre studie sal ek gebruik maak van die werke van, o.a, *Lewis B. Smedes en James B. Nelson* as twee maniere van dink oor seksualiteit, seks en die huwelik. Die primêre fokus sal val op ‘n meer “tradisionele” siening (Smedes) en ‘n “liberale” (Nelson) benadering tot seksualiteit, seks en die huwelik. In die proses sal dit natuurlik ook belangrik wees om te kyk na ander werke en

skrywers - hoe meer areas en sienings daar bestudeer word, hoe beter: "If we really want the whole truth, we will let other people tell us why they see what we don't see and why they hear what we don't hear. If we listen to each other while we look at the facts, we may, together, get closer to reality than we could on our own." (Smedes 1986:41) Dit is noodsaaklik om kennis te neem van al die huidige standpunte rondom seks en die huwelik - dit sal onverantwoordelik, onsensitief en arrogant wees om te dink dat die tradisionele seks-etiek die enigste en beste manier is, sonder om ooit te luister na die sienings van ander. Eers dan kan die regte besluite geneem word: "To make right choices, we need to listen to each other as we reason together." (Smedes 1986:41) Eers dan is ons waarlik besig met Gereformeerde teologie.

Dit is baie belangrik om wyer te lees as net "seks en die huwelik." Goeie *sosiologiese* en *antropologiese* insigte rondom die huwelik en die invloed wat byvoorbeeld kultuur op die huwelik en mense se verstaan van hulself het, is ook goeie aanknopingspunte vir die hooffokus, naamlik of 'n tradisionele seks-etiek steeds relevant is in 'n veranderende wêreldkonteks. Uiteraard word hier nie volledig op hierdie aspekte in hierdie studie gefokus nie, hoewel daar by die werk van *Don S. Browning, Lewis B. Smedes, James B. Nelson, Allan Verhey, & Karen Lebacqz* aangesluit word.

- **Navorsingsontwerp en struktuur van die tesis**

Die uitleg van my hoofstukke sien soos volg daarvan uit: In *hierdie oriënterende hoofstuk* het ek inleidend gesels oor die doel, metode en redes vir hierdie studie. Daar is ook aandag geskenk aan die outoriteit en interpretasie van die bybel aangesien die Woord van God as 'n sentrale bron in hierdie studie funksioneer.

Hoofstuk twee sal fokus op die invloed wat prosesse van modernisering op die huwelik het. In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word na die werk van Don S. Browning, *Marriage and Modernization: How globalization threatens marriage and what to do about it*, en in die proses hoop ek om meer duidelikheid te kry oor die verskillende moontlike response op moderniteit, veral op die vlak van die huwelik.

In *hoofstuk drie* sal die aandag val op 'n deeglike oorsig van twee gesaghebbende werke oor seksualiteit, naamlik: Lewis B. Smedes se *Sex for Christians: the limits and liberties of sexual living*, & James B. Nelson se *Embodiment: an approach to sexuality and Christian theology*. Die

agtergrond van beide skrywers sal eers aangedui word waarna die inhoud van hulle werke bespreek word.

In *hoofstuk vier* sal die werke van Smedes en Nelson krities met mekaar vergelyk word, en ‘n samevatting van alles wat in hierdie tesis gesê is, sal gedoen word. Ek sal probeer aantoon hoe ‘n lewende gesprek en interaksie tussen hierdie twee standpunte van Smedes en Nelson ‘n tradisionele seks-etiek kan bevorder en beklemtoon. *Dit is my opregte hoop dat ek hierdeur kan aantoon dat ‘n tradisionele seks-etiek nie ‘n uitgediende paradigma in ‘n veranderende samelewing is nie.*

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk twee

Die huwelik in ‘n moderne samelewing: in gesprek met Don Browning

- **Waar kom die huwelik vandaan?**

Voordat ons kan begin praat oor die invloede wat modernisasie op die huwelik het en wat ons daaromtrent kan doen, is dit nodig om te kyk na die redes vir die bestaan van die huwelik in die samelewing. Alhoewel *die huwelik* in alle gemeenskappe erken word, is dit, teologies beskou, *nie ‘n menslike instelling nie*. Die huwelik is God se idee, nie die mens s’n nie. God stel dit voor die sondeval reeds in, Jesus bevestig dit wanneer hy die huwelik in Kana bywoon, en dit simboliseer die mistieke eenheid tussen Christus en sy kerk. Die huwelik is God se gawe aan alle mense.

John Stott (1984) stel in sy boek *Issues Facing Christians Today* voor dat daar drie redes is wat die instelling van die huwelik in ons samelewings, as deur God so georden, regverdig: 1) die eerste rede het te doen met die eerste opdrag wat God aan die mens gegee het: “Wees vrugbaar, word baie…” (Gen 1:27) Om hierdie rede is voortplanting, asook die grootmaak van kinders binne die liefde en dissipline van ‘n gesin voorgehou as een van die redes vir die huwelik

2) God het gesê dat dit nie goed is vir die man om alleen te wees nie, en dat God vir hom iemand sal maak om hom te help, sy gelyke (Gen 2:18). Daarom het God die huwelik bedoel vir die “mutual society, help and comfort that the one ought to have of the other both in prosperity and adversity.” (Stott 1984:285)

3) die huwelik is bedoel om ‘n wedersydse toewyding van self-gewende liefde te wees wat ‘n natuurlike uitdrukking vind in seksuele eenheid, óf, om “een vlees” te word (Gen 2:24). Al drie hierdie funksies van die huwelik word reeds voor die sondeval deur God ingestel, en die behoefte daarna word net versterk deur die sondeval, aldus Stott.

Ongelukkig word nie net die instelling van die huwelik vandag afgemaak as die instelling van ‘n era wat verby is nie, die inhoud en funksie van die huwelik, soos hierbo uiteengesit, word ook bevraagteken. Daar is diegene wat glo dat die huwelik ‘n lastigheid is wat geïgnoreer en verwerp kan word; daar is egter mense wat steeds glo dat die huwelik ‘n goeie instelling is, maar dat, bv., die seksuele ekslusiwiteit wat daamee saamgaan, nie meer ‘n relevante waarde is in ‘n veranderende wêreld nie. Hierdie mense is oortuig van die instelling van die huwelik, maar hulle vra dat die aard van die huwelik verander moet word. Deur die loop van hierdie tesis sal dit duidelik word dat ek myself ook in die laasgenoemde groep bevind; die veranderinge waarvoor ek smeek in die huwelik

is egter van ‘n ander aard as dit waarvoor die meerderheid van die mense in hierdie groep smeek. Ek vra vir ‘n kritiese benadering tot seksistiese dualisme, sodat die man en die vrou die waarde wat hulle het weens die feit dat hulle na die beeld van God geskape is ten volle kan beleef en uitleef.

Vir ons as Christene is die huwelik dus ‘n geskenk van God. Hoe hierdie huwelik moet lyk, is egter nie aldag so duidelik nie. Om meer duidelikheid te kry oor die stand van die huwelik in ‘n moderne wêreld is dit nodig dat ons nadir sal kyk na die insigte van *Don S. Browning* (2003) in dié verband.

- **Die huwelik en modernisasie**

Don S. Browning (2003) skryf in sy boek *Marriage and Modernization*, dat die huidige omstandighede rondom die huwelik in dieselfde asem genoem kan word as rasse-diskriminasie, hongersnood, armoede, VIGS, gesondheid en selfs oorlog. Die redes wat hy hiervoor aanvoer behels dat die status, betekenis, beheer en disintegrasie van die huwelik geasosieër kan word met al hierdie bogenoemde verskynsels. Browning sê dat, indien ons die huwelik wil red, die betekenis en aard daarvan gereformeer moet word. Hierdie is ‘n multi-dimensionele taak, ‘n komplekse taak van kultuur.

Alhoewel die prosesse van globalisering[3] en modernisasie[4] die belofte van rykdom en gesondheid vir baie mense inhou, is dit ook ‘n bedreiging vir die huwelik. Onlangse navorsing toon dat huweliksontwrigting bydrae tot armoede onder vrouens en kinders wêreldwyd. Die gaping tussen ryk en arm word wel veroorsaak deur nie-gelyke ekonomiese geleenthede en die oneweredige verspreiding van rykdom, maar hierdie gaping word selfs groter gemaak deur huweliks- en familie disintegrasie. “*The cure for this situation, however, does not mean protecting marriage and family at any cost; it entails reforming and reconstructing these institutions while also nurturing a wide range of other social supports and transformations. World marriage revival and reform require a complex cultural network*.” (Browning 2003:x)

Browning fokus op die unieke bydrae wat die Christendom tot hierdie gesprek kan lewer. Twee vrae bepaal die inhoud van Browning se werk: 1) hoe moet die Christendom reageer op die effek van modernisasie en globalisasie op die huwelik en familie?

2) Hoe moet die Christendom met ander gelowe omgaan wat ook reageer op hierdie verskynsel?

[3] “Globalization in its contemporary form is a far more interactive process that is driven in part by the communications revolution. It is a process by which information, images, symbols and styles of life zigzag back and forth across the world in unpredictable patterns.” (Browning 2003:129-130)

[4] “Modernization is the spread throughout the world of technical rationality and its efficiency-oriented and cost-benefit logics and patterns.” (Browning 2003:129)

Hy wil nie vir een oomblik die huwelik en modernisasie teenoor mekaar afspeel nie. Hy vra veel eerder vir modernisasie *en* die huwelik. Sommiges sal nie saamstem met hierdie benadering van Browning nie: hulle glo dat jy nie die huwelik en modernisasie kan hê nie – dis óf die een óf die ander; sommiges glo weer dat die huwelik hoort tot 'n era wat verby is. Browning stem op 'n manier saam hiermee: die huwelik en modernisasie kan nie saam bestaan nie, tensy modernisasie beheer word en die huwelik herdefinieër word. Hy begin sy studie deur te kyk na die werk van drie uitstaande sosioloë – *William Goode, David Popenoe, en Alan Wolfe*. Hierdie drie se werk kan uitgeken word aan hulle etiese en filosofiese benaderings tot die hedendaagse metamorfose van die familie, eerder as deur hulle empiriese feite.

Goode skryf in 1963 in *World Revolution and Family Patterns* dat die veranderende familiepatrone (kleiner families, meer gelykheid tussen man en vrou, en meer onderrig vir beide geslagte), positiewe gevolge inhou vir samelewings wêreldwyd. Dit beteken *vryheid van* die dominasie van ouer mense, van klasse diskriminasie, ens. Maar dit beteken ook *vryheid tot* die ontwikkeling van persoonlike potensiaal, die reg om lief te hê, gelykheid in die familie, ens.

In 1994 skryf Goode weer 'n boek, *World Changes in Divorce Patterns*, maar dié keer is hy nie so optimisies oor die gevolge van modernisasie en die nuwe familiepatrone soos wat hy drie dekades van tevore was nie. Nou glo Goode dat modernisasie die huweliksfamilie, wat geboorte geskenk het aan modernisasie, verslind.

In suidelike Afrika lyk dinge effens anders: terwyl die uitgebreide familie aan die afneem was in Europa en dit vervang was deur die huweliksfamilie, is dié nuwe verskynsel goed ondersteun deur 'n welgestelde industriële sisteem. Die ontstaan van die huweliksfamilie in suidelike Afrika was egter nie gereed om die gapings te vul wat gelaat is deur die wegbeweeg vanaf 'n uitgebreide familie nie. Die druk van modernisasie is verder vermeerder deur die realiteite van onderdrukking en kolonialisering in Afrika. In 1963 glo Goode dat suidelike Afrika die huweliksfamilie patroon sal aanneem. Hierdie proses was egter tot dusver baie problematies en sensitief.

Die standpunte van Popenoe en Wolfe word ingelei deur interressante statistieke[5]: sedert die 1960's is daar meer egskeidings, meer buite-egtelike kinders, meer geboortes onder mense wat nie getroud

[5] Sien bladsye 15-16 van Browning (2003) se werk vir presiese getalle in dié verband

is nie, meer mense wat nie trou nie en mense wat saambly sonder om te trou in lande regoor die wêreld: "…a new social order, it seems, in which few of the old stigmas apply…old rules are breaking down." (Browning 2003:16) In Europese gemeenskappe word daar eerder meer en meer klem gelê op *verantwoordelike ouerskap* – of dit nou in óf buite die huwelik gebeur, maak nie saak nie. Britse sosiale wetenskaplikes sê dat die huwelik binne dertig jaar sal "uitsterf." Wat só 'n stelling kommerwekkend maak is die feit dat die verbrokkeling van die huwelik en familiestrukture negatiewe gevolge inhou vir mans, vrouens en kinders wêreldwyd.

Popenoe glo dat "expressive and utilitarian individualism" (Browning 2003:18), afgesien van die sosiale prosesse van industrialisasie, die grootste faktore is wat bydrae tot die ontwrigting van die familie. Gevolglik glo Popenoe dat die genesing van die huidige ontwrigting van die familie in 'n massiewe kulturele "bekering" lê – wat hy noem "…the birth of a new familism." (Browning 2003:18) Hoe dit moet gebeur bly steeds 'n saak om oor te gesels: Popenoe verwerp wel Goode se voorstel van 'n Sweedse alternatief[6]: "stable high-divorce societies." (Browning 2003:19) *Wolfe* verwerp ook hierdie Sweedse alternatief wat Goode voorstel. Hy stem saam met Popenoe dat die Sweedse alternatief kultureel vernietigend is. *Beide Wolfe en Popenoe skep veel meer moed uit die moontlikhede wat kulturele verandering en herstrukturering inhou vir die aanspreek van die huidige familie debat.*

Hierdie sienings van Wolfe en Popenoe stem baie ooreen met die idees wat Browning in gedagte het - 'n rekonstruksie van kultuur wat geïnisieër word deur die gemeenskappe van die burgerlike samelewing, in 'n poging om die instelling van die huwelik ook te herstruktureer. Browning voel egter dat Wolfe en Popenoe *die rol van godsdiens* in hierdie proses heeltemal ignoreer. Wanneer ons na die bybel gaan kyk sal ons sien dat *pre-Pauliniese en Pauliniese Christenskap* 'n familie revolusie begin het: die eer-en-skaamte kodes van die dag (in die Grieks-Romeinse wêreld) was gekwalifiseer deur die Christendom (alhoewel die Christendom nooit heeltemal afgesluit was van hierdie kodes nie). 'n Eer-en-skaamte kultuur het bepaal dat die man moet domineer, en dat die vrou haar lewe moet beperk tot die huishoudelike arena. Die vrou moes haar ook onderwerp aan die man

[6] Dit behels die volgende: die wêreld is nou maar eenmaal soos wat dit is – egskeiding is 'n realiteit. Ons moet nie probeer om egskeidings te verminder nie, dit is 'n mors van tyd. Ons moet eerder aanvaar dat mense gaan skei, en ons moet probeer om stabiele hoë-egbreuk samelewings te skep. Aanvaar die realiteit van egskeidng en maak die beste daarvan.

se gesag. Deur hierdie 'vereistes' na te kom het 'n persoon sy/haar eer behou. Die Christendom lê in só 'n wêreld egter sterk klem op die waarde van elke persoon – man, vrou en kind. Dit is hier waar die idee van 'n huwelik, waar almal gelyke regte het, ontstaan.

In die elfde- en twaalfde eeu erken die *Rooms-Katolieke Kerk* (a.g.v. die invloed van hierdie siening) dat die liefde tussen 'n man en 'n vrou die rede moet wees vir die huwelik, nie meer die mag en aansien van die uitgebreide familie nie.

Volgens *die hervormers* was die huwelik 'n publieke, sowel as 'n ekklesiale affêre. Dit was vir hulle 'n goeie instelling, iets wat bygedra het tot die welstand van die samelewing. Die huwelik ontstaan uit die liefde tussen 'n man en 'n vrou, maar dit word voltooi deur die staat en die kerk. Genesis 1:27-28, sowel as Genesis 2:18 en 24 dien as die motivering agter die huwelik: "God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het hy die mens geskep, man en vrou het hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en gesê: 'Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit.'" "Verder het die Here God gesê: 'Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.'" "Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word." Jesus herbevestig hierdie aspekte in Matt 19:4-6.

In die kerk se strewe daarna om in gesprek te tree met die ander godsdienste van die wêreld, is dit noodsaaklik dat die kerk deeglik kennis moet neem van haar eie komplekse huwelikstradisies m.b.v *'n kritiese hermeneutiek*.

Ons kan op hierdie stadium met redelike sekerheid sê dat, alhoewel modernisasie positiewe gevolge inhou vir sommige mense in die samelewing, meer mense daardeur benadeel word. Familiestrukture word ontwrig – beide op sosiale en ekonomiese vlak. Die vraag bly steeds wat die Christendom se respons moet wees op hierdie verskynsels. Hier volg nou 'n bietjie agtergrond oor die kerk se omgang met die huwelik in die Amerikaanse geskiedenis:

Die families in die V.S.A in die agtiende en negentiende eeu het soos volg daarvan uitgesien: patriargale sisteme was aan die orde van die dag. Die vader het al die outoriteit en die huisgesin word gesien as 'n ruimte waar die waarde van verantwoordelike burgerskap en vrye godsdienstige

heiligheid aangeleer word. Dinge verander egter met die uitbreek van die Revolusionêre Oorlog (1775-1783) – vrouens het meer ekonomiese- en politieke mag bekom, hulle het plase bestuur wanneer hulle mans in die oorlog dood is, en hulle het leer lees en skryf.

Die ontwikkelinge wat aanleiding gee tot die klassieke Amerikaanse middelklas familie, vind egter plaas gedurende die vroeë- en middel negentiende eeu. Hierdie nuwe familie was ‘n reaksie op die eerste tekens van modernisasie, veral in die vorm van die mark rasionaliteit. Die wegbeweeg van landbou na ‘n geïndustrialiseerde samelewing beteken dat die man nou van die huis moet weggaan om geld te verdien, terwyl die vrou by die huis bly en afhanklik is van die geld wat haar man inbring. Maar hierdie was nie die enigste invloede op die familie nie: ‘n Metodistiese styl van prediking, bekering en spiritualiteit, saam met hierdie nuwe industriële ekonomie, legitimeer die Amerikaanse middelklas familiepatroon.

Baie van die redes wat aangevoer is om hierdie familie sisteem te regverdig, was egter gebaseer op ‘n letterlike lees van die bybel (veral die “een vlees” aspek in die Woord is heeltemal verdraai deur patriargale motiewe). Fundamentalisme in sekere dele van evangeliese Protestantisme maak hierdie familie sisteem uiteindelik die norm.

In reaksie hierop ontstaan daar twee groepe: die *konserwatiewe benadering* tot die huwelik, en die *progressiewe benadering* tot die huwelik – die konserwatiewe benadering wil mark-rasionaliteit balanseer met ‘n stewige familie wat ondersteun word deur die instellings van die burgerlike samelewing self (soos skole en kerke), terwyl die progressiewe benadering mark-rasionaliteit met burokratiese rasionaliteit (in die vorm van ondersteuning van die regering) wil uitbalanseer. Browning glo die beter benadering lê iewers tussen hierdie twee benaderings.

‘n Nuwe groep sosiale wetenskaplikes kom intussen na vore: hierdie mense wil die verantwoordelikheid van mans beklemtoon, egbreuk en buite-egtelike geboortes verminder, die status van die huwelik as ‘n instelling verhoog, en familie stabiliteit verhoog. Op hierdie manier hoop hulle om die onderdrukking van vroue te ilimuneer, en om aan vrouens meer deelname te gee in die publieke lewe. Verder wil hulle die welsynsisteem restruktureer sodat diegene wat daarop staatmaak nie afhanklik word daarvan nie, maar om wel toe te laat dat daardie families wat hulp nodig het dit kry. “They were simultaneously pro-welfare, pro-family, and even pro-marriage, but with a new vision of marriage.” (Browning 2003:40) *TANF* (Temporary Asssitance for Needy

Families) is uiteindelik a.g.v. hierdie visie op die been gebring – ‘n organisasie wat man en vrou leer om weer op mekaar staat te maak eerder as op die welsyn van die staat. Gelyke regte vir mans en vrouens word deur hierdie organisasie aangemoedig en Browning glo dat hierdie organisasie as ‘n voorbeeld moet dien vir ‘n moontlike reaksie op die invloede van modernisasie. Dit spreek egter nie die groter probleem, naamlik die groot spanning tussen werk en familie aan nie.

‘n Deeglike bestudering van die bronne van die vroeë Christendom gee aanleiding daartoe dat Browning ‘n vorm van *die liefde as “equal regard”* vir families voorstel. “Love as equal regard is love as mutuality and contains within it the capacity for reversibility between self and other, i.e., the capacity to treat both self and other with equal respect and equal concern.” (Browning 2003:46) Dit kan gesien word as ‘n kombinasie van naasteliefde in die Nuwe Testament, sowel as die“similar-ethics ideal” (Browning 2003:45) van feministiese teoloë. *Kant* se siening dat etiek te make het met beginsels van universele vereistes en wedersydse respek, kleur die idee van “love as equal regard” verder in. Uiteindelik word dit alles binne-in ‘n *meer omvattende Christelike narratiewe raamwerk* geplaas. Hierdie benadering word deeglik aangevul en versterk deur ‘n etiek van dialoog/redevoering: daar moet ‘n norm wees van hoe ons met mekaar mag praat in die familie/huwelik – een wat gerig word deur gelyke aansien, wedersydse respek, gelyke regte om te mag praat, gelyke omgee vir die ander se welwese, en ‘n bereidheid om die ander se siening aan te hoor en dit te respekteer. Dit wil egter voorkom asof modernisasie en kulturele impulse van indiwidualisme ons kapasiteit vir wedersydse en gelyke aansien beperk. Alhoewel Amerikaners meer waarde heg aan wedersydse liefde as self-opoffering in die huwelik, sukkel hulle om só ‘n wedersydse liefde prakties te laat werk. Om hierdie waarde van “equal regard” toe te pas is ‘n moelike taak.

Die funksionering van *families in Suid-Korea* het redelike skerp veranderinge ondergaan sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Tot en met die negentiende eeu was Koreaanse families hoofsaaklik opgestel rondom die landbou, terwyl die families met aansien die *Confusiaannse patroon*[7] gevolg het: die man se aktiwiteite was buite die familie gefokus; die vrou was

[7] “Confucius (551-479 B.C.E.), according to Chinese tradition was a thinker, political figure, educator, and founder of the *Ru* school of Chinese thought. His teachings, preserved in the *Lunyu* or *Analects*, form the foundation of much of subsequent Chinese speculation on the education and comportment of the ideal man, how such an individual should live his life and interact with others, & the forms of society and government in which he should participate. Fung Yu-lan, one

verantwoordelik vir die huishoudelike aktiwiteite, soos om na die man en kinders om te sien en hulle te ondersteun. Hierdie gebruike *word behou, sowel as getransformeer* deur die hedendaagse Koreaanse middelklas familie: sedert die Tweede Wêreldoorlog is die groot waarde wat geheg was aan die man se publieke diens aan die Keiser, vervang met die man se diens aan die moderne korporasie, sowel as sy bydrae tot die nasionale rykdom en aansien. Die vrou se primêre taak is die onderrig van haar kinders. Die vrouens sosialiseer buite die familie, maar hulle werk daar is bloot vir die opbou van hulle man se familielyn.

In die weste het 'n *Protestantse etiek* dus aanleiding gegee tot tegniese rede en mark rasionaliteit; aan die ander kant konsolideer die etos van Confucius die mark-rasiosnaliteit van Korea en ander Oosterse lande. In die V.S.A is die verhoging van utilitariese waardes veronderstel om die indiwidu te versterk; in Korea versterk utilitariese waardes die nasie, die korporasie, en die man se familielyn. Beide hierdie benaderings is ekonomies suksesvolle reaksies op modernisasie. *Christelike etiek* glo egter dat die mens meer waarde het as enige iets anders. Die mens, geskep in die beeld van God, is die belangrikste ideaal in die huis en in die publieke samelewing. Daar is niks mee verkeerd om ryk te word nie, solank as wat die waarde van elke persoon daardeur bewaar en gerespekteer word. Geen vorm van utilitarisme, indiwidualisties of gemeenskaplik van aard, mag hoër aansien geniet as die mens self nie.

Pectora roborant cultus recti

Uiteindelik is dit duidelik: Goode, Wolfe en Popenoe vergeet nie net van die rol wat godsdiens het om te speel in die kulturele hervorming waarvoor Browning vra nie, hulle gee ook geen aanduiding van die ontstaan van die huweliksgesin (i.t.m. die uitgebreide familie) nie. Browning gee egter aandag aan die Christendom en die Westerse familie – die oorsprong van die huweliksgesin.
In 'n poging om hierdie vraag te beantwoord verwys Browning na vroeë Christelike tradisies: die vroeë Christendom was verantwoordelik vir 'n hele aantal familie revolusies. Dit sluit in i) die kwalifisering van die eer-en-skaamte kultuur van 'n eerste eeuse Grieks-Romeinse wêreld wat bepaal dat 'n man moet domineer en dat 'n vrou onderdanig moet wees aan haar man. Hierdie uitlatings was gebaseer op die huishoudelike kodes (*Haustafeln*) van *Aristoteles* en die *Nuwe Testament* wat ons dan ook in Matteus 19-20, Efesiërs 5:20-33, Kolosense 3:18-25 en 1 Petrus 3:1-7

---

of the great 20th century authorities on the history of Chinese thought, compares Confucius' influence in Chinese history with that of Socrates in the West." (http:/plato.stanford.edu/entries/Confucius besoek op 07/09/2006)

kry. Elkeen van hierdie teksste besit egter radikale verskille van die huishoudelike kodes van Aristoteles: volgens die vroeë Christendom moes die man veel eerder *verantwoordelik wees en 'n dienaar wees*, terwyl die vrou ook tot 'n mate meer aansien gekry het (leierskap rolle, ens.). Die waardes van liefde, genade en omgee, wat as 'n teken van swakheid gesien is in die Grieks-Romeinse wêreld, was dan juis daardie waardes wat deur die Christendom aangehang was! ii) Christenskap het gegroei vanaf omtrent 1000 navolgers in 40A.D. tot omtrent 33000 000, of 56% van die totale populasie. Dit was ook die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk onder Konstantyn. Wat het veroorsaak dat hierdie godsdiens so geweldig gegroei het? *Rodney Stark* (Browning 2003:60-66) glo dat dit die gevolg was van *rasionele keuse*. Dit beteken dat mense keuses maak wat vir hulle voordelig is of wat hulle basiese belange bevredig. Om nou egter te sê dat vrouens deur die Christendom aangetrek is weens die radikale nuwe benadering tot die familie (wat gelyke regte vir die man en vrou beteken het), is naiëf. Dan word die anti-seks en die anti-huweliks bewegings in die tweede- en derde eeuse Christendom, wat geen voordeel vir die vrou ingehou het nie, misgekyk. Die groei van die Christendom was nie bloot die gevolg van rasionele keuses nie. (Wat Stark wel goed doen is om dit duidelik te maak dat godsdiens se mag lê in die feit dat dit voorsien in die aardse behoeftes van die mens).

So, waar laat dit ons nou? "Early Christianity simultaneously relativized the patriarchal clan family, functioned to differentiate the conjugal couple from its embeddedness in the extended family, affirmed families, converted families to the kingdom, equalized to a degree the balance of power between husband and wife, and supported families within the wider family of God's kingdom." (Browning 2003:75) Hierdie verskynsels in die vroeë Christendom het 'n beduidende invloed op baie van vandag se idees oor manlike verantwoordelikheid in die weste. Dit was ook teenwoordig in die vroeë stadiums van modernisasie en die invloed wat hierdie Christelike revolusie op die moderne familie het, is noemenswaardig, aldus Browning.

Die vraag is nou: hoe is dit moontlik om die verantwoordelikheid van die man, soos hierbo uiteengesit, te behou sonder om te verval in 'n sisteem van patriargale dominasie, en sonder om die man se verantwoordelikheid heeltemal te skrap? 'n Groot tema in Browning se boek is die situasie van die man in verhouding met sy familie in die konteks van modernisasie en globalisasie. Hy kyk na hoe daar omgegaan is met wat hy noem die "male problematic" – dit is die neiging wat daar onder mans bestaan om voort te plant en om dan geen een van hulle vaderlike pligte teenoor hulle

kinders na te kom nie – in die werk van *Thomas Aquinas* en *Maarten Luther*. Vir Browning is die grootste uitdaging van ons tyd om ‘n “love ethic of equal regard” (Browning 2003:82) tussen man en vrou te kombineer met ‘n kragtige etiek van ouersorg en verantwoordelikheid. Hierdie is ‘n uitdagende kulturele taak: *Aquinas* gee vier *natuurlike redes* waarom die mens, anders as ‘n dier, neig tot die huwelik en familie: i) die man ondersteun sy vrou in die opvoeding van ‘n baba, omdat ‘n menslike baba vir ‘n baie lang tydperk afhanklik is van die ondersteuning en sorg van ‘n ouer

ii) die man ondersteun sy vrou in die opvoeding van die baba omdat die man seker is dat dit sy kind is. Die man wil seker wees dat sy familielyn voortgesit word, en daarom is die eenheid tussen een man en een vrou ‘n natuurlike instink

iii) ‘n derde rede waarom families vorm, volgens Aquinas, is omdat dit wedersydse ondersteuning verseker

iv) laastens gee Aquinas ‘n klein plekkie aan die rol wat die behoefte na seksuele ruiling in die ontstaan van die huwelik en familie speel. Hy regverdig ‘n monogame huwelik op grond van die volgende: indien een man baie vrouens het (poliginie) is dit ‘n onregverdige behandeling van die vrou; poliandrie (een vrou wat met baie mans trou) aan die ander kant maak dit weer vir die man onmoontlik om te weet watter kinders syne is en op die manier is daar nooit sekerheid oor die familielyn van die man nie.

Aquinas glo dat die liefde van Christus vir sy kerk as voorbeeld moet dien vir die liefde en toewyding van ‘n man aan sy vrou en kinders[8]. Aquinas pas hierdie analogie egter net toe op die man, nie op die vrou nie. Dit is ‘n fout.

Luther veroorsaak ‘n massiewe revolusie in westerse familie patrone: hy verhoog, o.a. die roeping tot die getroude lewe, en hy maak die huwelik ‘n publieke saak onder die beheer van die staat (dit is wel deur die kerk geseën). Aquinas het geglo dat daar natuurlike redes was (wat aangevuur was deur die sonde) waarom die man meer geneig was om weg te skrum van hul verantwoordelikhede teenoor hul vrouens en kinders. Luther glo egter dat die Rooms-Katolieke Kerk se klem op die waarde daarvan om ongetroud te bly, baie mans laat glo dat die verantwoordelikheid wat hulle as pa en as man het, nie waardig is nie. Om hierdie rede was daar neergekyk op die huwelik en vrouens.

Alhoewel Luther in ‘n tyd geleef het waarin prostitusie hoogty gevier het, sê hy dat die behoefte na voortplanting en seksuele eenheid deur God so geskep is: “God het die mens geskep…man en vrou

[8] Sien Efs 5 in dié verband

het hy hulle geskep." (Gen 1:27) Waar Aquinas natuurlike redes voorhou, praat Luther van God se wil wat duidelik na vore kom in die ordes van die skepping. Die huwelik en familie is dus 'n goddellike roeping volgens Luther. Net soos Aquinas fokus Luther ook op die self-opofferende liefde van Christus vir sy kerk as die voorbeeld vir die liefde tussen 'n man en 'n vrou. Luther maak egter hierdie self-opofferende liefde 'n doel opsigself, terwyl Aquinas eerder praat van die liefde as 'n vriendskap.

Browning verkies die benadering van Aquinas: "The love that truly enriches the marital relation is not one that makes sacrificial love an end in itself. It is a love that celebrates the mutuality of love as equal regard and employs the sacrificial momement as the extra effort, done with the grace and help of God, that is required to restore strained relations to mutuality once again." (Browning 2003:98) Om hierdie rede, glo Browning, is Aquinas (met sy *sakramentele teorie van die huwelik*) se benadering tot die "male-problematic" die beter benadering (Onthou: Browning beoog 'n Protestanse en filosofiese pragmatiese verwerking van die Rooms-Katolieke Kerk se famile- en huweliks tradisie. Aquinas is juis deel van daardie tradisie).

So, Browning se punt is dat die simbole van die Christendom sin maak omdat dit nie net bou op die natuurlike insigte van manlike en vroulike seksualiteit nie, maar dit ook transformeer. Alhoewel die Christendom baie verkeerde afleidings gemaak het in die verlede (o.a. dat die vrou van nature passief is), toon hulle baie goeie insigte oor die asimmetriese verhoudings tussen 'n man en 'n vrou, en hoe die simboliek van die huwelik daardie onduidelikhede van manlike en vroulike seksualiteit uit die weg moet ruim en dit in 'n ander rigting moet instuur. As 'n voorbeeld hiervan wys Browning op die groot invloed wat Aristoteles op Aquinas uitgeoefen het: Aquinas glo dat, alhoewel die vrou in die beeld van God geskape is, die man steeds die beeld van God meer volkome vergestalt. Ten spyte hiervan is dit belangrik om kennis te neem van Aquinas se insig dat, indien die familie sisteem verval, geweld sal toeneem, en die sosiale stand van die samelewing in chaos gedompel sal word. Ons moet deeglik kennis neem hiervan.

Uiteindelik stel Browning 'n praktiese teologie vir families voor. In kort: 'n praktiese teologie vir families moet teologiese en strategiese gronde hê om die 'dehumanisering' van die familie te weerstaan – d.i. die agteruitgang na 'n fase voor die 'jagter-versamelaar' gemeenskappe; na 'n tyd van 'n 'voor-menslike soogdier bestaan' toe die man geen verbinding met sy kinders of die vrou wat aan hulle geboorte geskenk het, gehad het nie. As 'n voorbeeld van die bogenoemde idee dat

Christelike simbole onduidelikhede van manlike en vroulike seksualiteit in ‘n nuwe rigting kan stuur, verwys Browning ons na die insigte van *Helmut Thielicke*: Thielicke glo dat die huwelik en familie, as ordes van die skepping, sekere innerlike neigings van die mens se seksualiteit vasvang en dit in ‘n ander rigting instuur. Thielicke voel dat die ordes van die skepping nou verband hou met die instellings van die natuur, en dat die ordes van die skepping daarop voortbou en dit vernuwe tot voordeel van die mensdom.

Emil Brunner sê weer dat die fundamentele sosiale sfere van die lewe – die huwelik, die mark, en die regering – ontstaan vanuit basiese menslike belange wat deur die rede geken en geänaliseer kan word. Vanuit die perspektief van die menslike rede is die funksie van hierdie strukture om menslike behoeftes te lig en daarin te voorsien; vanuit de oogpunt van geloof is hierdie strukture gawes van God in die skepping. Dit is waar, selfs al verander hierdie strukture voortdurend, en al is dit gebroke en vol sonde. Brunner verskil heel duidelik van *Karl Barth*, Thielicke en *Pous Johannes Paulus II*: Barth glo dat die opdragte van God in die skepping geen verband hou met die reëlmatighede van die natuur nie; Thielicke is daarvan oortuig dat die ordes van die skepping die natuurlike reëlmatighede wat hy fenomenologies beskryf het maar nie volledig kon verduidelik nie, voltooi; die Pous gee weer op sy beurt geen deeglike aanduiding van die balans tussen die natuur en die skepping in sy teologie van die huwelik en familie nie.
Spesifiek op die gebied van die huwelik bevind Brunner homself iewers tussen Thielicke (‘n Protestant) en Aquinas (‘n Rooms-Katoliek): die natuurlike behoefte na seks en voortplanting word verwag en vervul in die monogame verhouding tussen ‘n man en ‘n vrou – wat deur God so gewil is in die skepping. Brunner glo dat daar ‘n natuurlike neiging (maak nie saak hoe gebroke dit is nie) in die mens is tot monogamie, aangesien dit so openbaar was in God se wil vir die skepping. In Matt 19:6 bevorder Jesus hierdie idee wat in Genesis beskryf word: dat ‘n een vlees verhouding lewenslank moet wees.

Uit die bogenoemde beskrywing is dit nou moontlik om te sê dat, alhoewel daar sekere maniere is waarop ‘n familie saamgestel kan word, sekere van hierdie maniere meer in lyn is met Christelike waardes as ander. Die familie is egter nie ‘n absolute waarde nie – ons word deur God gered, nie deur ons families nie. “Family, for Christians, must be seen as a finite, in contrast to an ultimate value. Christianity’s emphasis on the sacrality of the person, its positive attitude toward both nature

and creation, its twofold ethic of creation and salvation, and its high valuation of children and the task of raising them to enjoy God – all of these values may have lead Christian cultures increasingly to celebrate what I have called the equal regard family." (Browning 2003:144) Ons moet egter nou nie verwag dat alle mense wêreldwyd hierdie "equal regard" familiepatroon sal aanneem nie. Hierdie visie moet veel eerder deur dialoog en analogie versprei word. Daar moet 'n sensitiwiteit getoon word vir daardie onbekende godsdienste en kulture waarin wedersydse belangstelling en "equal regard" wel voorkom.

In die *Christendom, Islam en die Jodendom* kry ons dieselfde skeppingsverhale. Al drie hierdie godsdienstige bewegings interpreteer hierdie narratiewe tradisie egter verskillend; tog daar is een aspek wat in al drie godsdienste voorkom: wat Browning noem 'n "ontology of gift." (Browning 2003:151) Dit is die idee dat ons bestaan aan ons deur God gegee is, en dat ons daarom iets moet teruggee. So 'n "ontology of gift" lê die grondslag vir ons om te sê dat seks 'n goeie ding is, en dat die man sy vaderskap moet baseer op die voorbeeld wat God as 'n vader stel – een wat omgee en regverdig is. Dit gee aanleiding tot die korrekte verhoudings tussen alle mense, maar dan meer spesifiek ook tussen man en vrou – 'n wedersydse verhouding van gelykheid omdat alle mense in God se beeld geskep is (Gen 1:27).

Hierdeur maak Browning dit duidelik hoe modernisasie gedeeltelik deur die huweliksfamilie (met sy fokus op die nou verband tussen 'n man en 'n vrou, en die min aantal kinders) geproduseer is. Hy het ook aangetoon hoe hierdie familiepatroon na die res van die wêreld geneem is deur modernisasie, en waarom dit nou deur dieselfde sosiale prosesse wat dit help ontwikkel het, bedreig word.

Daar is gekyk na response van drie sosiale wetenskaplikes op hierdie verskynsel: Goode glo dat daar nie veel is wat gedoen kan word om die ontwrigting van families te keer nie. Hedendaagse samelewings moet hulleself eerder orden om stabiele hoë "egbreuk-samelewings" te wees. Dit kan gedoen word deur 'n uitgebreide welsynsisteem.

Die ander siening, die van Popenoe en andere, glo dat 'n kulturele wedergeboorte van huwelikstrou nodig is, veral die toewyding van die man aan sy vrou en kinders. Buite die sosiale wetenskappe is daar diegene wat slegs kulturele vernuwing aanmoedig – hierdie is egter 'n terugkeer na 'n negentiende eeuse patriargale sisteem van dominasie en afhanklikheid.

Browning assosieër homself met 'n middel posisie: een wat glo in die rol wat die burgerlike samelewing het om te speel in sosiale verandering, die komplekse kulturele werk wat nodig is om só

‘n verandering teweeg te bring, en die belang daarvan om die spanning tussen werk en familielewe op te los wat die gevolg is van modernisasie.

Dit is interressant om te merk dat daar geen bestaande, gesaghebbende Christelike teologiese standpunt is rondom die heersende debat oor die familie nie. Die Rooms-Katolieke Kerk mag wel dalk die uitsondering wees op hierdie reël: sommiges glo dat dié kerk se standpunte teen voorhuwelikse seks, egbreuk, kunsmatige geboorte en aborsie, en hulle siening dat die huwelik ‘n sakrament is wat nie gebreek mag word nie, die gevolg is van ‘n deeglike bestudering van die huidige situasie en die impak van modernisasie. Dit is nie net die swaar hand van tradisie wat die Rooms-Katolieke Kerk tot hierdie standpunt bring nie. Ander glo egter weer dat hierdie benaderings van die Rooms-Katolieke Kerk die familie net skade berokken. Browning maak egter gebruik van die standpunte van hierdie kerk om sy hipotese verder uit te bou.

Browning het ook aangetoon hoe die vroeë Christendom die patriargale familie sisteem van hulle tyd gekwalifiseer het: daar is wegbeweeg van ‘n uitgebreide familie model en daar is meer gefokus op die huweliksgesin. Vrouens in die Christendom het meer aangesien geniet as dié in die samelewing. Alhoewel daar nooit ten volle wegbeweeg is van die onderdrukking van vroue nie, het die vroeë Christendom die sterk patriargale familie sisteem skerp gekwalifiseer.

Die “male-problematic” – die hedendaagse verskynsel dat mans nie meer hulle kinders wil grootmaak en hulle vrouens wil ondersteun nie – is ook in detail bespreek. Browning glo dat “love as equal regard” die antwoord is op hierdie verskynsel: d.i. huwelike waar die man en die vrou dieselfde aansien geniet. Hierdie benadering tot die huwelik is meer in lyn met Christelike waardes. Dit moet vir geen oomblik gesien word as ‘n absolute waarde nie, argumenteer Browning. Só ‘n idee van die huwelik moet egter wel versprei word deur dialoog en analogie, juis omdat hy glo dat hierdie siening van die huwelik *meer vervullend en eties verantwoordelik* is as ander sienings daarvan.

- **Opsommend**

Die huwelik is ‘n instelling van God. Modernisasie is egter besig om die huwelik soos wat ons dit ken as ‘n instelling te bedreig – mans gee nie meer om vir hulle vrouens en kinders nie, al hoe meer buite-egtelike kinders word gebore, en die finansiële implikasies hiervan is baie negatief. Dit is ‘n krisis situasie. Browning stel voor dat ‘n huwelik van “love as equal regard” eties die mees

verantwoordelike en vervullende soort is. Die huwelik as ‘n instelling moet bly, maar die ondersteuning van regerings, ‘n familie-vriendelike ekonomie, sowel as die kulturele werk vir die rekonstruksie van die huwelik is broodnodig. Dit behels die mobilisering van die institusies van die burgerlike gemeenskap wêreldwyd. Aangesien godsdienstige instellings ‘n sentrale deel van die burgerlike gemeenskap uitmaak, moet hulle die sentrum vir die aktiwiteit van huweliks rekonstruksie vorm. ‘n Aanhaling uit Browning se boek som sy pogings soos volg op:

> “Christianity, as I have argued, has important contributions to make, especially in its profound understanding of the ontology of life as a gift, its high valuation of children, its belief that childbirth participates in the divine creative process, its theological ground for the equality of husband and wife, and its powerful marriage symbolism that not only portrays marital commitment as a reflection of divine love but also builds on ambiguous male inclinations and redirects them toward higher degrees of responsibility and parental investment. But, as the Religious Consultation argues, many of the great religions of the world may contain similar insights. These religions have housed the great symbols of marriage in the past. And it is these symbols that require fresh interpretations for the future. This will entail a new interfaith conversation about a subject that has been neglected. It will require a new confidence about the role of religions to shape cultures and societies. And it will call for a new capacity on the part of these religions to find fruitful analogies with one another – analogies that themselves might increasingly form the sensitivities and working concensus of the cultures that surround them.” (Browning 2003:243-244)

Die kerk het ‘n baie belangrike verantwoordelikheid teenoor huwelike en families in ‘n moderne samelewing. Soos wat Browning tereg sê moet die godsdienstige instellings die sentrum vir die aktiwiteit van huweliks rekonstrusie vorm. Die pad vorentoe vir die huwelik moet geteer word met die idee van “love as equal regard” – man en vrou moet mekaar respekteer. ‘n Wedersydse respek en verstaan van mekaar se seksualiteit is ‘n onontbeerlike deel van hierdie hele proses.

In hoofstuk drie sal die aandag nou verskuif na die mens en sy/haar verstaan van hul seksualiteit. Die werke van Lewis Smedes en James Nelson sal onder ons aandag kom.

Browning se voorstel van “love as equal regard” sal deur die loop van hierdie tesis baie inslag vind by Nelson en Smedes se verstaan van seksualiteit.

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk drie

Lewis B. Smedes en James B. Nelson se sienings oor seksualiteit

- **Lewis B. Smedes**

In die hierdie afdeling sal daar, as een deel van die gesprek rondom seksualiteit en die huwelik, gefokus word op die werk van *Lewis. B. Smedes*[9]: *Sex for Christians: the Limits and Liberties of Sexual Lving* (1976). Die volgende aspekte sal duidelik na vore kom in hierdie kort beskrywing van Smedes se werk: Smedes glo dat die redes waarom seks in die huwelik hoort nie buite die seksdaad self gesoek moet word nie. Die aard van die seksdaad self is die rede waarom seks in die huwelik hoort. Smedes sê dus dat *seks voor die huwelik sonde is* op grond van drie standpunte: i) die Woord van God glo dat onsedelikheid (*porneia*) 'n sonde is. Omdat voorhuwelikse seks gesien word as onsedelike optrede, beteken dit dat voorhuwelikse seks sondige optrede is
ii) verder is voorhuwelikse seks sonde omdat seks 'n "lewensverenigende" daad is wat "lewensverenigende" intensies van die twee persone wat geslagsgemeenskap het verlang; in die geval van voorhuwelikse seks is daar egter geen "lewensverenigende" intensies nie, aldus Smedes iii) laastens sê Smedes: daar is geen morele gronde vir die huwelik nie; as mens en as Christen het ons bloot die verantwoordelikheid om 'n antwoord te gee op wat ons elke dag doen. Om hierdie rede is dit beter vir mense om te trou, as om bloot net saam te bly in 'n vaste verhouding. Smedes se pogings in hierdie boek word uitstekend saamgevat in die volgende aanhaling:

> "Freedom is possible within an order limiting us extensively so that we can be the more free intensively. And a sexual live within its true environment is more free than promiscuous sex. Of course, sexual relations are not confined to marriage; but it is in the sphere of marriage that sexual relations can be truly free. For marriage provides the atmosphere of relaxed trust that the most intense sexual experience requires. Marriage accepted as a life-long partnership is the sphere in which two people can learn the secrets of self-giving in their impulsive abandon to sexual play. In marriage time is available for teaching one another how to be a rewarding sexual partner; here husband and wife can patiently teach each other the

[9] Smedes (1921-) is 'n professor van geïntegreerde studies by die Graduate School of Psychology te Fuller Theological Seminary, waar hy voorheen professor in etiek en teologie was. Hy is die outeur van, o.a., *Love within Limits: A Realist's View of 1 Corinthians 13*; *Mere Morality*; *Choices, Caring and Commitment*; en *A Pretty Good Person*

> techniques of sexual pleasure. But more important, marriage provides the deep security needed for the abandonment that sexual freedom needs. We must get it into our heads that God sets sexual activity within an order not to dampen sex but to bring it to life and set it free." (Smedes 1976:89) (Soos wat ek reeds in my hipotese duidelik uiteengesit het, is dit waarvoor Smedes hier veg, presies ook wat ek probeer bereik in hierdie tesis).

Hy doen dit in drie dele: die eerste gedeelte handel oor die mens se seksualiteit – die geskape goedheid daarvan, die sondige verdraaings, en die potensiaal wat dit besit om verlos te word. Hier kyk Smedes na *wie ons is* as seksuele wesens; die tweede en derde gedeeltes handel oor seksuele gedrag – *dit wat ons doen*. Smedes se morele argumente is 'n poging om getrou te wees aan die bybelse boodskap: "What I am after is a Christian perspective for a truly human sexual life." (Smedes 1976: 12) Soos wat hy homself egter telkens herinner, is hierdie geen maklike taak nie!

- **Seks en Christene: "Hoe voel jy daaroor?"**

Die grootste probleem wat Christene vandag m.b.t hul seksualiteit het, is hoe hulle presies daaroor moet voel. Baie van ons is deurmekaar en wisselwallig as dit kom by hierdie deel van ons lewens. Baie min mense verwerp hul seksualiteit heeltemal, maar daar is ook egter nie veel mense wat dit regkry om hierdie seksualiteit *met vreugde* te vier nie. Ons sit met 'n komplekse mengsel van gevoelens. Die alledaagse Christen vind dit baie moelik om sy/haar seksualiteit te inkorporeer by hul geloofslewe: ons is toegewy aan 'n Heer wat die lewe van 'n selibaat gelei het, en van wie die navolgers nie geïnteresseerd was om te rapporteer oor sy sekslewe nie. Ons word geroep om die Heer in reinheid en in heiligheid te volg, en nie een van dié twee eienskappe word tradisioneel met 'n gesonde sekslewe geasosieër nie. Ons word gelei deur die Skrif wat nie altyd so duidelik is oor seksualiteit nie. Hou God van seks? Sou Jesus tevrede wees met ons rustelose fantasieë en drange? Mag 'n Christen dink oor die misterie van sy eie seksualiteit en hom daaroor verheug?

Die rede waarom baie Christene hierdie frustrasie ondervind, is omdat seksualiteit dikwels geasosieër word met wat Paulus noem "…die begeertes van julle sondige natuur." (Gal 5:16) Om 'n Christen te wees beteken dan om standpunt in te neem *teen* seksualiteit sodat ons getrou kan wees aan God. Sommige Christene voel dat seksualiteit ons grootste kompetisie is in ons strewe na

gehoorsaamheid aan Christus: "*Jy kan nie vir God en seks liefhê nie*." Seks word dan nie gesien as God se geskenk aan ons tydens die *skepping* nie, maar liewer iets wat die gevolg is van die *sondeval*. Maar, ons het goeie rede om só te dink: ons Christelike tradisie is vol van sulke idees. *Augustinus* het juis dan ook gesê dat 'n worsteling teen die bose hand aan hand loop met 'n worsteling teen ons seksualiteit. Hoe minder ons dink aan seksualiteit en hoe minder plesier ons daaruit put, hoe meer verseker kan ons as Christene wees oor ons verlossing en heiligmaking! God aanvaar dat ons wisselwallig is wanneer dit kom by ons seksualiteit, maar ons moet weet dat hy ons roep tot beter, "sekslose" dinge.

Ander Christene het dalk al ontslae geraak van hulle skuldgevoelens, maar hulle het nogsteeds nie 'n manier gekry om hulle goeie gevoelens oor hul seksualiteit in lyn te bring met die verhouding wat hulle met Jesus Christus het nie. Christus is dalk 'n vriend van seksualiteit maar die kerk is defnitief nie.

Om, o.a., hierdie redes fokus Smedes dan op "…how we are invited by God to feel about our sexuality within and not alongside our Christian faith. Here we will be laying the groundwork of sexual morality." (Smedes 1976:18) Seksuele moraliteit het dan eerstens te doen met hoe ons behoort te voel oor onsself as seksuele wesens. As Christene word ons uitgenooi om ons *seksualiteit te ontdek en om dit te geniet* – dit is nie iets wat vreemd is aan die Christelike geloof nie, maar liewer 'n essensiële deel van ons lewens as dissipels van Christus.

Pectora roborant cultus recti

Seksualiteit is *nie net iets wat ons doen nie, maar dit wys ook na wat ons is*. Ons seksualiteit penetreer verskeie areas van ons lewens; daar is in die verlede so daaroor gedink: die eerste vlak van seksualiteit is *fisies* – deels neurologies, deels hormone, en deels gevoel, smaak, sig en reuk. Wanneer ons hierdie deel van ons seksualiteit beleef voel dit nie vir ons baie geestelik nie; hier het ons te make met spontane drange wat ons nie gekies het nie en wat oënskynlik indruis teen alles wat ons as geestelik beskou: gebed, toewyding, reinheid, skoonheid en die liefde vir God.

Ons seksualiteit neem ons egter altyd verby die fisiese fase na 'n meer *persoonlike behoefte*: ons verlang hartstogtelik na 'n persoonlike, intieme konneksie met ander mense. Seksualiteit dryf ons tot verhoudings en intimiteit. Dit is daardie gevoel wat ons het dat *ons nooit volledig sal wees totdat ons onsself volkome aan 'n ander gegee het nie*. Ons biologiese seksualiteit word verhef tot persoonlike *eros*.

Die derde vlak van ons seksualiteit is die behoefte aan *self-kennis*: om jouself te ken beteken om ’n ander persoon seksueel te ken. Ons seksualiteit is dan ’n biologies gegronde behoefte om onsself te ken.

Is daar meer aan ons seksualiteit as net hierdie drie aspekte: die fisiese begeertes, die behoefte aan persoonlike intimiteit, en die ontdekking van onsself? Om hierdie vraag te beantwoord is dit noodsaaklik dat ons na *die Bybel* sal gaan kyk. Maar waar sal ons begin en wat sal ons lees? Moet ons soek vir teksste wat ons sal vertel hoe ons moet voel? Dit sal moeilik wees, die Bybel is nie vol resepte nie. Daar is ook nie net een standpunt oor seksualiteit in die Bybel nie; nee, verskillende bybelse skrywers skryf in reaksie op die behoefte in sy eie tyd en konteks: i) baie *Ou Testament* skrywers het die heidense godsdienste in gedagte en hulle waarskuwings teen sekere seksuele gebruike is ‘n waarskuwing teen ‘n godsdiens wat aanbidding verander in ‘n seks orgie

ii) *Jesus* praat op sy beurt weer in die konteks van wettiese Jode en hy herinner hulle dat seksuele reinheid nie gekoop word deur net sekere onwettige aksies te vermy nie. *Jesus sien die seksuele as gewortel in die skepping* en daarom het Hy ‘n baie hoë dink daarvan

iii) *Paulus* verwag dat Jesus binnekort sal terugkom en daarom sien hy nie werklik die sin van die huwelik nie, behalwe as ‘n houer om ons seksuele drange in te bêre!

Buiten die boek *Hooglied* praat *Spreuke* ook ten gunste van ons seksualiteit: “Sing die lof van jou eie fontein, verheug jou oor jou eie vrou, so vol liefde, so mooi soos ‘n takbok, soos ‘n ribbok. Geniet voluit van haar liefkosings, laat dit jou deurentyd bedwelm…” (Spreuke 5:18-19). Hierdie gedeelte moedig ‘n jong man aan om liewer sy genot in sy eie vrou te vind as om homself met ‘n ander vrou te laat “bedwelm” - die spreuk sê glad nie dat ‘n man hom moet skaam oor sy seksualiteit nie.

Aan die ander kant van die spektrum kry ons *Openbaring 14*: hier is die spirituele helde by die troon van die Here daardie oudstes wat hulle “…nie met vrouens besoedel het nie; hulle het kuis gebly. Hulle volg die Lam waar Hy ook al gaan.” Die *viering* van ons seksualiteit word nou nie juis deur Openbaring 14 aangemoedig nie! *Die res van die bybel praat oor die seksuele iewers tussen die grense van Spreuke 5 en Openbaring 14.*

In die *Ou Testament* kry mens die idée dat seksuele drange maar eenvoudig deel van die man is en dat dit op een of ander manier beteuel moet word. Die seksualiteit van die vrou word nêrens erken nie. In die *Nuwe Testament* is die fokus daarop dat jy nie egbreuk moet pleeg nie. Die erotiese

begeerte om die intieme teenwoordigheid van ‘n ander persoon te ervaar vorm nie ‘n groot gedeelte van die NT nie. Die huwelik word byvoorbeeld nie voorgehou as ‘n verhouding wat betree moet word vir die verryking van die persone wat deel is van hierdie verhouding nie. Baie van ons glo dat die huwelik vir *Paulus* maar net ‘n manier is om die mens se drange te beheer sodat dit nie ontaard in egbreuk nie!

In teenstelling hiermee leef ons in ‘n wêreld waar alle vlakke van seksualiteit die top prioriteit geniet. Romantiese liefde - die persoonlike kant van erotiese drange - word voorgehou as die pragtigste belofte in dié lewe. Erotiese verhoudings word aangehang vir hul beloftes van geluk. As daar een ding is wat ons in ons lewens al gehoor het, is dit dat seksualiteit ‘n goeie ding is. *Die skrywers van die bybel het seksualiteit egter nie ‘n groot tema gemaak nie*.

So, waarvoor ons soek is nie ‘n teorie oor seksualiteit of ‘n stel reëls daaroor nie, maar liewer vir ‘n verstaan van wie ons is, wat ons van onsself maak, en wat ons potensiaal is deur genade. Dan kan ons ons seksualiteit en ons seksuele optrede inpas by die bybelse patroon en perspektiewe. “What we want, then, is not sexual information first of all, but a view and an attitude toward our sexual lives that is informed by the Gospel as a whole.” (Smedes 1976:24)

Die verkeerde benadering sal wees om te soek na bybelse tekste wat vir ons sê wat ons mag en nie mag doen as dit kom by die seksuele nie. Daar is wel reëls, en enige ware navolger van Christus sal dit ernstig opneem, maar wat ons nodig het is om uit te vind of daar ‘n insig is, ‘n visie wat vir ons meer duidelikheid gee oor die dieper betekenis van ons seksualiteit en ons seksuele optrede. Dit is verkeerd om te dink dat die Nuwe Testament ‘n nuwe openbaring van seksuele reëls is. *Die Nuwe Testament is ‘n boodskap van genade; dit is die evangelie van vryheid in Christus*. Deur die Nuwe Testament kom ons in ontmoeting met God se beweging na ons toe, sodat ons na Hom toe kan beweeg en ook na ons naaste toe. Indien ons die ware boodskap wil hoor wat die bybel het rondom seksualiteit, is dit nodig dat ons sal kennis neem van hoe ons seksualiteit omhels word in die evangelie. As ons dít kan regkry sal dit vir ons moontlik wees om die grense binne-in die vryheid te ontdek – sowel as die vryheid binne-in die grense – van ons seksuele lewens in Christus.

- **“Laat ons juig en vrolik wees daaroor!”**

Vir ons as Christene hang die vraag rondom hoe ons voel oor ons seksualiteit saam met ‘n groter vraag: *hoe voel ons oor die skepping?* Indien ons seksualiteit deel is van die skepping, kan ons

gevoelens daaroor in lyn wees met hoe God voel oor dit wat Hy gemaak het, nl.dat dit goed is. Vir baie Christene is ons seksualiteit egter die gevolg van die sondeval en een van die groot struikelblokke in ons verhouding met God. Die spontane impulse van ons seksualiteit druis in teen die Christen se roeping tot selfbeheersing.

Om die goeie van die skepping te onderskei van dit wat verdraai is deur die sondeval is egter ‘n baie moeilike taak. Dat daar nog die goeie is in dit wat God geskape het, kom baie duidelik in die bybel na vore: “Alles wat God gemaak het is immers goed. Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie…” (1 Tim 4:4) Dit is egter belangrik om te sê dat seksualiteit goed is, maar dat die seksualiteit soos wat ons dit ervaar sedert die sondeval boos is. Ons moet wel attent wees op die feit dat baie van die ervarings wat ons van seksualiteit het, verdraai is, maar ons moet ook besef dat nie alle vorme van plesier wat seksualiteit verskaf sonde is óf ‘n verdraaing deur die sondeval is nie.

“Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens ‘n lewende wese geword het.” (Gen 2:7) – ons kan amper sê: ‘n lewende liggaam. Hierin lê ons band met die aarde, asook ons band met die lewende God. Ek is ‘n liggaam wat lewendig is a.g.v. God se Gees; indien God sy Gees van my sou onttrek, is dit klaar met my.[10] So, ons lewens is “liggaam-lewens”; ek is ‘n “*liggaam-mens*”.

Die tweede skeppingsverhaal (Gen 2) maak dit duidelik dat ‘n mens homself nie kan ken indien hy nie sy liggaam ken nie. Ons mag onsself dalk sien as spirituele wesens en net aandag gee aan ons spirituele behoeftes, maar ons liggaam vra al hoe meer respek. Verder maak die Genesis skrywer dit ook duidelik dat ons nie *alleen* tot kennis van onsself sal kom nie: God het ‘n manlike “liggaam-persoon” gemaak en sy naam was *ish*. Maar *ish* was alleen en onrustig. God het voorsien in hierdie behoefte en hunkering wat *ish* ervaar het: “Toe het die Here God ‘n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe ‘n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, en die ribbebeen wat hy uit die mens geneem het, bou hy om tot ‘n vrou en bring haar na die mens toe.” (Gen 2:21-22) *Toe Adam haar sien het hy onmiddellik geweet dat sy die antwoord is op die hunkering en verlange in sy binneste*: “Toe sê die mens: ‘Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy vrou (*ishshah*) genoem word, sy is uit die man geneem.’” (Gen 2:23) *Ish* en *ishshah* saam – as “liggaam-persone”. Nou weet die man wat dit beteken om man te wees. Die man en die vrou ken hulself slegs in verhouding tot mekaar, en daarom die diep dryfveer binne-in

[10] Sien Ps 104:29; Job 34:14e.v.

die geslagte om saam te kom: God het nie opgetree teen Adam toe hy nader aan Eva wou kom nie. Man en vrou is gemaak as seksuele wesens en om seksueel saam te wees. Ek stem saam met Smedes as hy sê: "…we may suppose that God looked on and smiled." (Smedes 1976:29) Die mens is egter nie net gemaak om seksuele *wesens* te wees nie, maar juis ook om seksuele *persone* te wees; hulle moes in verhouding met mekaar, sowel as met hul persoonlike skepper staan.

"God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het hy die mens geskep, man en vrou het hy hulle geskep." (Gen 1:27) Een mensdom in twee seksueel onderskeidelike instansies – man en vrou. Die tradisionele siening van die mens as die beeld van God maak nie rêrig ruimte vir die mens se seksualiteit nie; ons word gesien as die beeld van God *t.s.v.* ons liggame en nie *as* ons liggame nie. "God is gees; bo alles is hy sonder geslag." Hoe kan dit dan sin maak as *Karl Barth* sê dat ons seksualiteit die "God-like" in ons is? Is dit nie 'n klap in God se gesig nie?
Reeds by *Plato* ontstaan die idee dat die mens *seksuele behoeftes en drange het a.g.v. die sondeval* – die Christendom het hierdie idée van Plato deur die eeue aangehang. Maar, *ons seksualiteit is egter deel van ons skepping in God se beeld*. Die verlange wat 'n man en 'n vrou na mekaar het is die behoefte aan intieme gemeenskap met ander; dit is die behoefte om onvoorwaardelik aanvaar te word deur 'n ander. Die seksuele daad is dan uiteindelik die hoogtepunt, die klimaks van ons gemeenskap met die ander; God het ons immers geskep om in verhouding te staan! Ja, die mens as indiwidu *is* wel die beeld van God, maar is dit eers volkome wanneer hy met ander in verhouding/gemeenskap tree.[11] Miskien was Barth reg: miskien is ons seksualiteit die diepsste dimensie van ons geskapenheid na God se beeld.

- **Seksualiteit en die huwelik**

Seksualiteit is dit waaroor die huwelik gaan. Maar, seksualiteit is baie meer as net die huwelik: "…a home has more rooms than the master bedroom…" (Smedes 1976:34) *Die huwelik sou nie bestaan sonder seksualiteit nie, maar seksualiteit bestaan wel sonder die huwelik.* Om seksualiteit net te sien as 'n *manier om voort te plant*, is 'n klap in God se gesig. Seksuele omgang het noodwendig die gevolg van nuwe lewe, maar ons verkeer seksueel met iemand van die ander geslag om onsself te vervul in gemeenskap met die ander. Seksualiteit is nie net 'n gereedskapstuk vir voortplanting nie. Dit is 'n gawe van God self. *Uiteindelik is dit dan vir ons baie belangrik om te besef dat ons*

[11] Dit beteken nie dat ongetroude mense nie volkome mens is nie!

seksualiteit ons mensheid bepaal, m.a.w. ek is ‘n mens, maar mense reageer teenoor my op grond van my geslag – of ek ‘n man of ‘n vrou is.

- **Verdraaide seksualiteit**

Presies wat morele, verantwoordelike seksuele gedrag is, is moeilik om te bepaal; dit is moeilik om te weet presies wat 1) God se gawe aan ons is en 2) wat die mens se verdraaings daarvan is[12]. Smedes gee die volgende riglyne in sy evaluering van die mens se seksualiteit: “1) The sexuality of every person is meant to be woven into the whole character of that person and integrated into his quest for human values 2) The sexuality of every person is meant to be an urge toward and a means of expressing a deep personal relationship with another person 3) The sexuality of evey person is meant to move him toward a heterosexual union of committed love.” (Smedes 1976:42)

Met só ‘n raamwerk in plek evalueer Smedes dan 6 baie belangrike areas van moontlike seksuele afwykings: sensualisme, die verlies van skaamte, afgodsdiens, “the sexual put-down”, eksentrisiteit en afwyking, & homoseksualiteit: Mense moet bewus wees van hulle toestand van afwyking (*self-kennis*), hulle moet glo/hoop hê dat verandering moontlik is (indien só ‘n afwyking as sonde beskou word), en hulle moet ‘n moreel verantwoordelike lewe lei t.s.v. hierdie afwyking. *Die kerk se rol* in hierdie hele proses is ‘n baie ingewikkelde een: die kerk moet dit duidelik maak dat hulle geen sondige optrede duld nie, maar dat hulle wel glo dat God die mens in sy genade wil red en vernuwe. Die kerk moet hierdie mense bystaan en aanmoedig tot ‘n nuwe lewe in Christus, vry van sonde en skuld.

Sonde dring ons seksualiteit binne en verhoed die ontwikkeling daarvan tot ‘n wesenlike komponent van ons lewe saam met ander. Nie elke seksuele “snaaksheid” hoef veroordeeel te word nie – baie van dit wat buitengewoon is kan verteer word deur die liefde. Dit is nie nodig dat elke persoon wat die las dra van seksuele verdraaing, ook moet voortleef in skuld daaroor nie – daar is wel ‘n mate van *verantwoordelikheid* op alle mense om so medemenslik as moontlik te leef en om te gaan met hul seksualiteit. Hierdie is egter nie die laaste woord van ons worsteling met die impak van sonde op ons seksualiteit nie – menslike spiritualiteit is oop vir die ontvangs van genade…!

[12] Verdraaings van die mens se seksualiteit is *nie* gelykstaande aan sondige seksuele dade *nie*, aldus Smedes

- **Verlossing en seksualiteit**

Die evangelie van die verlossing van Jesus Christus is die verlossing van die *hele mens*. *God se verlossing is nie die verlossing van ons menslike natuur nie, maar dit is wel die verlossing van ons sondige menslike natuur*. Die verlossing wat daar is in Jesus Christus is nie verlossing van ons seksualiteit nie, dit is eerder verlossing van ons seksuele afwykings: i) *Jesus Christus* se lewe is 'n bevestiging van God se aanvaarding van ons seksualiteit[13]– daar is geen rede vir ons om te aanvaar dat Jesus nie blootgestel was aan alles wat ons vandag ervaar nie; as ons sê dat Jesus volkome mens geword het, dan kan ons nie anders as om te sê dat God ook die seksuele ervarings deurgemaak het wat ons vandag deurmaak nie. Vir Jesus sou die behoefte aan seksuele liefde gelykstaande wees aan die behoefte om vis te vang óf om in opstand te kom teen die onderdrukkende Romeinse regering van die dag: in elk geval sou dit nie 'n temptasie wees om die bose te doen nie, maar eerder om weg te draai van sy primêre roeping. Jesus se lewe en opstanding is 'n bevestiging van God se Ja! vir ons menswees as "liggaam-persone."

ii) Vir *Paulus* is die mens nie net gees nie – die fisiese deel van ons bestaan is ook deel van ons lewe in Christus. *Die mens is 'n eenheid van vlees en gees*. In 1 Kor 6:13-18 is dit duidelik dat Paulus die mens se liggaam as deel van sy verlossing in Christus sien: "…'n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam die Here is…weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak? Beslis nie! Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam. Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie?" Paulus is baie duidelik oor ons seksualiteit. "No Christian can make believe that sex with a whore is only a release of his bodily tension. Casual sex is a contradiction in terms." (Smedes 1976:82) Dit mag dalk voorkom asof *Paulus* nie baie waarde geheg het aan die idee van die huwelik nie: "…maar weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man…maar as hulle nie in onthouding kan leef nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om deur hartstog verteer te word." (1 Kor 7: 2 en 9) Vir Paulus was die huwelik dus nie iets wat deel was van God se geskape orde nie, maar liewer 'n verdedigingsmeganisme teen seksuele losbandigheid. Hy dink dat die einde naby is en dat mense daarom vry moet wees om Christus optimaal te kan bedien. Om hierdie rede skryf hy wat hy skryf. Elkeen moet die rol vind waarin hy/sy vir God optimaal kan dien (Dit gaan

[13] Sien Mark 10:5-9

hier veel eerder oor diensbaarheid aan God as wat dit gaan om ‘n verwerping van ons seksualiteit as iets boos).

Vryheid in Christus word dikwels misverstaan: daar is diegene wat dink dat vryheid in Christus *vryheid van ons seksualiteit* beteken, en dan is daar weer diegene wat dink dat vryheid in Christus *vryheid van enige verantwoordelikheid* beteken. Beide hierdie sienings is foutief. Vryheid het altyd twee pole: vryheid *van* en vryheid *vir*. In Christus is ons vry *van*: 1) die wet van sonde en dood[14] - dit is vryheid van die begeerte om ’n ander uit te buit net om jou eie seksuele drange te bevredig
2) skuldgevoelens[15] - daar is geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie
3) morele tiranne[16] - die wet van mense dra nie dieselfde gesag as die Woord van God nie
4) illusie – as Christus ons van enige iets bevry het, dan is dit van die illusie dat ons die vakuum in ons persoonlike lewe kan vul met die korrekte seksuele tegnieke of ’n “vulkaniese orgasme”; ons aanbid seks as iets wat lewendig is, terwyl dit eintlik maar net ’n abstraksie is. God bevry ons van die illusie dat die afgod, seks, vervulling kan bring daar waar ons leeg voel.
Ons is vry *vir*: om vry te wees in Christus beteken om ’n *mens-met-Christus* te wees; verder beteken dit ook om ’n *mens-vir-ander* te wees. Daarom is dit nodig om te praat van vryheid vir ander, sowel as vryheid in onsself. Die mens-met-Christus is die seksuele persoon vir ander: seksualiteit in Christus word vrygemaak tot liefdevolle diens aan die ander.

Pectora roborant cultus recti

- **Christelike liefde en seksuele liefde**

Maar, is hierdie Christelike liefde (om mens-vir-ander te wees) iets heeltemal verskillend van seksuele liefde, of kruis dié twee se paadjies mekaar iewers? Seksualiteit bestaan uit soveel meer as net die fisiese seksuele drange; seksualiteit strek dwarsdeur ons hele menswees, selfs tot in ons geestelike bestaan. Ons ervaar ons seksualiteit op ’n geestelike vlak as die verlange na ’n ander persoon. Eers wanneer die fisiese en die geestelike belange mekaar ontmoet ervaar ons volkome seksualiteit.
Die Grieke het die naam *eros* aan hierdie verlange, hierdie smagting na die ander, gegee. *Eros* besit die volgende eienskappe: 1) *eros* word gebore uit behoefte 2) *eros* is selektief 3) *eros* is natuurlik. Aan die ander kant van die spektrum kry ons dan vir *agape* – die liefde wat God het vir die sondaar.

[14] Sien Rom 8:2
[15] Sien Rom 8:1
[16] Sien Gal 5:1

Agape besit die volgende eienskappe: 1) *agape* word gebore uit vervulling en nie uit ’n behoefte nie 2) *agape* soek nie die mooiste en beste uit nie; dit is vir almal 3) *agape* is bo-natuurlik.

Sommige mense glo dat hierdie twee tipes liefde so baie van mekaar verskil dat hulle eintlik niks met mekaar uit te waai het nie (*Anders Nygren*). Ander glo weer dat dit eintlik maar net twee kante van dieselfde munstuk is; dat albei ontstaan uit die behoefte om vervulling (*Paul Tillich*). Dan is daar diegene wat glo dat dié twee mekaar aanvul – dat *agape* die *eros* aanvul en dit net beter maak (*Thomas Aquinas*). Smedes is oortuig daarvan dat *agape* en *eros* mekaar aanvul. *Agape* kan *eros* egter op geen manier vervang nie. Christelike en seksuele liefde is vermeng. Ons het ander lief omdat hulle dit nodig het *en* omdat ons dit nodig het. Ons het ander lief “omdat” en “ten spyte van” wie hulle is. Christelike liefde kan seksuele liefde red deur dit binne te dring, en dit kan op drie maniere gebeur: 1) *agape* verryk seksuele liefde deur die ware omgee vir die ander persoon

2) *agape* stabiliseer seksuele liefde omdat dit aanhou liefhet t.s.v. die ander persoon se onvermoë om te produseer

3) *agape* verbeter seksuele liefde deurdat dit nie nou meer oor selfvervulling gaan nie. Met hierdie verstaan van Christelike liefde as ‘n vertrekpunt, beredeneer Smedes die vraag na ‘n tradisionele seks-etiek.

- **Seks en enkellopendes: seksuele omgang**

Die tradisionele seks-etiek glo dat seks in die huwelik hoort. Hoekom is dit vir Christene belangrik om hierdie ideaal aan te hang? Al hoe meer enkellopende mense is seksueel aktief, en diegene wat wel nog wag vir hul troudag, is nie so seker oor presies wat die redes vir hierdie besluit van hulle is nie. Een ding is seker: ons leef in ’n tyd waar mense gebombardeer word met seksuele beelde, veral in die media. Hierdie blootstelling het iets van die morele misterie van seksualiteit weggeneem. Seksuele omgang is egter nie die mens se primêre behoefte nie; nee, die behoefte is in die eerste plek een na ’n intieme persoonlike verhouding en ons word gelei om te glo dat seksuele omgang die beste manier is om hierdie leemte te vul.

Wat lê eintlik agter die Christelike moraliteit van seks vir die huwelik? Smedes beantwoord hierdie vraag soos volg: i) *die moraliteit van “versigtigheid” (caution):* voordat ongetroude mense seksueel aktief verkeer bereken hulle eers die koste – “sal ek seerkry deur dit wat nou gaan gebeur en indien wel, hoe seer?” “Hoe groot is die kans dat ek sal seerkry?” Ongetroude mense maak nie die besluit *vir* of *teen* seks op grond van hul morele kapasiteite nie, maar liewer op grond van die gevaar wat die

daad vir hulle inhou. Voorhuwelikse seks het vir die meeste mense nie meer van ’n morele impak as ’n soen op die wang nie

ii) *die moraliteit van bekommernis:* hier word daar gevra of my optrede ander sal benadeel. Daar is ’n defnitiewe omgee *vir* en belangstelling *in* die ander, sowel as vir/in die mense van die wyer gemeenskap (soos familie en vriende)

iii) ‘n derde moraliteit is *die moraliteit van persoonlike verhoudings:* die fokus is hier op hoe seksuele omgang die verhouding tussen die twee mense sal beïnvloed – in kort gaan dit hier om wat die ander persoon *saam met jou kan doen* (persoonlik) en nie noodwendig wat die ander persoon *vir jou* (funksioneel) kan doen nie.

In al drie die bogenoemde gevalle is die *fokus op faktore buite die seksdaad self*. Daar word glad nie gedink daaraan dat daar dalk ’n ingeboude faktor kan wees wat ongetroude mense diskwalifiseer daarvan om seks te hê nie, selfs al kry niemand seer nie, en selfs al word die persoonlike verhouding daardeur verryk!? Is daar meer aan seksuele omgang as wat ons kan sien of bewus is van? Die Bybel gee vir ons ‘n paar deeglike riglyne in dié verband – ons moét dit ernstig opneem.

Die moraliteit van die wet: i) in die *Ou Testament* is dit duidelik dat die hoë waarde wat daar op ’n meisie se maagdelikheid op haar troudag geplaas is, niks te make het met die maagdelikheid daarvan nie. Dit het veel eerder daaroor gegaan dat ’n man seker kon wees van die voortsetting van sy familielyn – hy moes seker wees dat die kinders syne was, en die enigsste manier waarop dit gedoen kon word was deurdat die meisie ’n maagd was op haar troudag. Dit het in die eerste plek gegaan om die beskerming van ’n man se regte

ii) die term wat die *Nuwe Testament* gebruik vir seksuele losbandigheid is *porneia*, wat vertaal kan word as “onsedelikheid”. Dit verwys nie net na seksuele omgang tussen twee mense wat nie getroud is nie, maar ook na die verbreking van die belofte van trou wat beloof is aan ‘n man of ‘n vrou[17]; dit sluit ook ander aspekte soos homoseksualiteit in. In 1 Kor 7:1-2 lees ons: “Dit is goed vir ‘n man om sonder ‘n vrou te lewe, maar weens die gevare van onsedelikheid (*porneia*) behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man.” “God het ons nie geroep om onsedelik (*porneia*) te lewe nie, maar om heilig te lewe.” (1 Tess 4:6) *As onsedelikheid vir Paulus ‘n sonde is en voorhuwelikse seks is onsedelik, dan is voorhuwelikse seks ‘n sonde*.

[17] Sien Spreuke 5:1-20; Hos 5:7; Matt 5:32; 19:9

Die belangrike vraag wat ons egter moet vra is: Hoekom is seks tussen ongetroude mense vir Paulus ‘n sonde? Is dit ‘n sonde selfs wanneer niemand daardeur seergemaak word nie?
“Sexual intercourse involves two people in a life-union; it is a life-uniting act.” (Smedes 1976:128) Paulus baseer sy siening op Gen 2 wat sê: “…die twee sal een word…” “And he sees sexual intercourse as an act that signifies and seeks the intrinsic unity – the unbreakable, total, personal unity that we call marriage.” (Smedes 1976:129) Die realiteit is dat seksuele omgang twee mense fisies, sowel as geestelik met mekaar verenig. *Dit is dan die probleem met seksuele omgang tussen ongetroude mense: hulle neem deel aan ‘n “lewens-verenigende” daad met geen “lewensverenigende” intensies nie.*

Daar is ongetwyfeld ‘n eenheid tussen ons liggaam en ons gees, en om hierdie rede is fisiese seksuele omgang in ‘n sekere mate ook *persoonlike seks*. Sommige van die mense in Korinthe het geglo dat seksuele omgang net iets is wat jou liggaam affekteer; nee sê Paulus: wie jy as mens is sluit jou siel sowel as jou liggaam in. Seksuele omgang is bedoel om ‘n “lewensverenigende” daad tussen twee mense te wees en daarom is die instelling van die huwelik daarvoor nodig. Wat Paulus probeer sê is dat seksuele omgang tussen twee mense ‘n immorele daad is indien twee mense nie ‘n “lewensverenigende” bedoeling daarmee het nie.
Nou kom ons egter by ‘n volgende vraag: Hoekom moet mense trou? Is dit die enigste manier waarop “life-union” verkry kan word?

- **Die huwelik?**

Vandag leef baie ongetroude jongmense saam – hulle glo dat só ‘n reëling hulle goed sal voorberei vir die huwelik; hulle is opsoek na intimiteit en ‘n verhouding van onvoorwaardelike aanvaarding saam met iemand van die ander geslag; hulle is opsoek na die maklike dele van saambly en saamleef – daar is geen gedagtes van ware liefde nie, ‘n liefde wat bereid is om te worstel en op te offer nie: “die oomblik as dinge vir my te veel raak, dan kan ek maar loop.” Geen toewyding nie, geen verantwoordelikhede nie. Daar is egter geen manier waarop hierdie tipe saambly deur die Woord van God regverdig kan word nie. Die enigsste vraag wat ons gaan help om hierdie kwessie op ‘n morele vlak te beantwoord is: wat is die ware betekenis van seksuele omgang?

Daar is sommige mense wat wel in ‘n baie stewige verhouding staan waar die twee mense mekaar respekteer en waarlik opoffer en worstel in hul verhouding, maar tog nie die groot stap kan neem om met mekaar te trou nie. Daar is toewyding en erns in hierdie verhoudings sonder die huwelik. So, hoekom moet ons trou? Dit gaan in die eerste instansie oor *verantwoordelikheid* – daar is twee essensiële sake wat van belang is wanneer twee mense trou: 1) of hulle sal hou by die reëls wat die staat voorskryf, en 2) of hulle bereid is om ‘n nuwe verhouding te begin met ‘n publieke verklaring. M.a.w. hulle het ‘n verantwoordelikheid teenoor die staat sowel as die breër gemeenskap. Vir die Christen is daar egter ‘n derde gemeenskap ook betrokke: die gemeenskap van Christene in die kerk. Hierdie is ‘n ondersteunende gemeenskap. Wanneer twee Christene trou is dit hulle manier om openlik die ondersteuning en tug van hierdie gemeenskap te aanvaar.

‘n Laaste rede wat Smedes aanvoer vir die instelling van die huwelik is die mens se behoefte aan feesviering.

Daar is geen morele gronde vir die huwelik nie: as mens en as Christen het ons bloot die verantwoordelikheid om ‘n antwoord te gee op wat ons elke dag doen. Om hierdie rede is dit beter vir mense om te trou, as om bloot net saam te bly in ‘n vaste verhouding.

Dit is wel so dat mense soms saambly sonder om te trou weens moeilike omstandighede in die ouerhuis, ens. – of twee ou mense is baie lief en toegewyd aan mekaar, maar prakties en finansieël is dit vir hulle baie moeilik om te trou. Hoe oordeel mens oor hierdie situasies? Ek hou baie van wat Smedes in dié verband sê: hy stel “*creative compassion*” voor. “Creative compassion” is nie die sagte magie van die morele wet nie; dit vervang of ondermyn nie die wet nie. Nee, “creative compassion” is eerder wanneer jy in die skoene van die ander gaan staan voordat jy hulle oordeel. “Creative compassion” oordeel ‘n persoon teen die agtergrond van hulle omstandighede. Hulle mag dalk ‘n moreel onaanvaarbare daad pleeg, maar “creative compassion” besef dat hulle motiewe anders is as daardie mense wat seksuele omgang gebruik as ‘n manier om ander uit te buit. “Compassion is not the soft underbelly of morality; it is morality’s creative edge. It is creative because it judges people in the light of their circumstances and because it tries to help them to change their circumstances.” (Smedes 1976:149)

- **Seks en getroude mense**

En, as ons dan nou uiteindelik, deur God se genade, besef dat seks en die huwelik saamhoort, dan is ons verantwoordelikheid nie klaar nie. Dan begin die uitdagings eers! Seks hoort in die huwelik, maar die inhoud van ons seksualiteit in die huwelik is net so belangrik soos die feit dat seks in die huwelik hoort. Trou aan jou huweliksmaat sluit soveel meer in as om net ‘n verhouding met ‘n derde party te vermy. Ons moet ook baie kreatief wees in ons trou aan ons huweliksmaat: die huwelik bestaan uit baie fasette en daar word van ons verwag om getrou te wees in al hierdie fasette!

Die model vir ons trou in die huwelik kom sekerlik uit God se verhouding met sy volk Israel: God bly getrou aan Israel omdat hy ‘n *verbond* met hulle gesluit het, maar meer as dit – hy bly getrou aan hierdie verbond juis omdat sy trou strek tot die *totale welstand* van die ander party. God se trou is uiteindelik gefokus op die welstand van sy verbondsmaat, sowel as op die impak wat hierdie verbond het op res van die wêreld. Die huwelik is ‘n *roeping*: God roep ons om ons huwelike voortdurend beter en meer in lyn met sy wil te bring. Ons doen dit deur te besef dat die huidige stand van ons verhoudings nie die finale stand is nie – ons verhoudings besit altyd die moontlikheid om ryker en meer betekenisvol te word. Daar is ongelooflike potensiaal in enige verhouding, en vir ons om hierdie skat te ontgun is dit noodsaaklik dat die kommunikasielyne oop sal wees tussen ons en die ander party van die verhouding; ons moet dan ook ‘n *ruimte skep* sodat die ander bewus is van die moontlikheid van gesprek en dialoog. Op hierdie manier kan ons groei en rykdom bring in ons huwelik/verhouding met ons maat.

Trou in die huwelik is in sy wese *mens-gesentreerd*: om die ander aan te moedig om vry te wees *van* jou sodat hulle uiteindelik vry kan wees *vir* jou! Baie mense is net getrou aan hul huweliksmaat om *funksionele* redes, soos: die kinders, finansiële sekuriteit, ens. *Positiewe trou* is egter baie meer as dit; positiewe trou is om die groei, vryheid en volwassenheid van die ander persoon eerste te stel.

Die huwelik is *nie* vir seks soos wat ‘n heining vir hond is *nie*. *Die huwelik is ‘n ruimte van geleentheid* – ‘n ruimte waar seks ‘n kreatiewe krag kan wees wanneer dit verweef is in ‘n verhouding.

- **Opsommend**

Smedes sê die volgende oor seksualiteit en die huwelik: dit is gemeenskaplik; dit maak plesier moontlik; dit behels meer as ons geslagsdele; dit is ’n misterie; dit kan gedemoniseer word; dit word bevestig deur genade. Ons seksualiteit is deel van God se goeie skepping en daarom mag ons

vreugde daaruit put; ons mag ons verheug daarin. Met die sondeval is dit ongelukkig so dat daar soms verdraaide idees van ons seksualiteit na vore kom. God roep ons as Christene egter om verantwoordelik op te tree – Hy maak ons vry van die bande van die sonde sodat ons volkome in verhouding met Hom en ons naaste kan leef. Hy verwag van ons om te onderskei tussen die goeie (wat deel is van Sy oorspronklike goeie skepping) en sonde - dit wat die gevolg is van die sondeval. Die bybel help ons in dié verband. Alhoewel die bybel nie vir ons ‘n sistematiese uiteensetting gee van ons seksualiteit en hoe ons daarmee moet omgaan nie, gee dit vir ons wel ‘n duidelike aanduiding van wat ons seksualiteit presies is. Ons seksualiteit is soveel meer as net seksuele omgang. Seksualiteit is deel van ons verlange na ‘n intieme verhoudig met ons naaste. Smedes glo dat die redes waarom seks in die huwelik hoort nie buite die seksdaad self gesoek moet word nie. Die aard van die seksdaad self is die rede waarom seks in die huwelik hoort. Smedes sê dus dat seks voor die huwelik sonde is op grond van drie standpunte: i) die Woord van God glo dat onsedelikheid (*porneia*) ‘n sonde is. Omdat voorhuwelikse seks gesien word as onsedelike optrede, beteken dit dat voorhuwelikse seks sondige optrede is

ii) verder is voorhuwelikse seks sonde omdat seks ‘n “lewensverenigende” daad is wat “lewensverenigende” intensies van die twee persone wat geslagsgemeenskap het verlang; in die geval van voorhuwelikse seks is daar egter geen “lewensverenigende” intensies nie, aldus Smedes

iii) laastens sê Smedes: daar is geen morele gronde vir die huwelik nie; as mens en as Christen het ons bloot die verantwoordelikheid om ‘n antwoord te gee op wat ons elke dag doen. Om hierdie rede is dit beter vir mense om te trou, as om bloot net saam te bly in ‘n vaste verhouding.

Baie van die redes wat Smedes voorhou vir die waarde van seks slegs in die huwelik, kan gekritiseer word. Ek glo egter dat sy verwysing daarna dat die bybel voorhuwelikse seks verwerp, genoeg rede is om ‘n saak te maak *vir* ‘n tradisionele seks-etiek. Die tradisionele seks-etiek (seks vir die huwelik) word dus deur Smedes se werk ontleed, bevestig en versterk! “The marriage of commited love is God’s design for sexual freedom. It is the environment in which freedom in Christ is lived out sexually.” (Smedes 1976:250)

- **James B. Nelson**[18]

James B. Nelson se boek getiteld, *Embodiment: an approach to sexuality and Christian theology*, is die ander stem in hierdie debat rondom seksualiteit en die huwelik. Nelson word gesien as ‘n “liberale” stem in hierdie debat. Sy bydrae verskil op kritieke punte van dié van Smedes, en daarom is dit vir ons noodsaaklik om hierdie insigte van Nelson met die nodige erns te benader. Op hierdie manier kan daar krities in gesprek getree word met Nelson, om, uiteindelik, vir Nelson en Smedes met mekaar in kritiese gesprek te bring.

“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon…” (Joh 1:14). Die menswording van God in Jesus Christus is God se noodsaaklike self-openbaring, aldus Nelson. Maar vir diegene wat glo dat God homself voortdurend openbaar, is die vleeswording nie net ‘n gebeurtenis iewers in die verlede nie; dit gebeur vandag steeds, die Woord word nogsteeds mens. En ons, as “liggaam-self”, word bevestig hierdeur. Die voortdurende vleeswording van God in Jesus Christus is dan vir Nelson die rede waarom ons erns moet maak met ons liggame – ons liggame bepaal tog wie ons is.
Dit word algemeen aanvaar dat ons tans ‘n oorgangsfase in ons verstaan van seksualiteit beleef. Vir ‘n lang tyd het ons die vraag gevra: wat het die Christelike geloof te sê vir ons lewens as seksuele wesens? Hierdie vraag is ‘n belangrike een, en ons moet aanhou om dit te vra, maar daar is ook ‘n tweede vraag wat ons aandag verlang: watter impak het die manier waarop ons ons seksualiteit beleef, in ons pogings om ons geloof te verstaan en uit te leef? Nelson maak dit duidelik dat sy visie van ‘n seksuele teologie baie ontdekkend van aard is – hy skryf nie omdat hy die antwoorde op al die vrae het nie, maar bloot omdat hy akuut bewus is van die probleme wat die mensdom tans ondervind i.v.m hul seksualiteit en hy ‘n oplossing vir die probleme wil help vind.

- **Die menslike liggaam**

Nelson vertel die storie van ‘n Deense filmvervaardiger, *Jens Jorgen Thorsen*, wat ‘n eksplisiete film wou skep oor die sekslewe van Jesus Christus. Die kerk en die godsdienstige leiers het natuurlik baie vinnig hul opposisie hierteenoor uitgespreek. Tog was daar twee kerkleiers wat die situasie op ‘n ander manier benader het: die Biskop van Wakefield was gekant teen die maak van die film, maar hy het geen probleem gehad met die feit dat Jesus Christus ‘n seksuele wese was nie: “Jesus was no

[18] Nelson (1930-) is ‘n professor van Christelike etiek by United Theological Seminary of the Twin Cities in New Brighton, Minnesota. Sy werke sluit in *Moral Nexus: Ethics of Christian Identity and Community*; & *Between Two Gardens*

stranger to sex and its problems…" (Nelson 197:12). *Dr. Collin Morris*, president van die Britse Metodiste Konferensie het sy stem by dié van die Biskop van Wakefield gesit deur te sê dat Jesus steeds die koning sou wees lank nadat daar van die film en die vervaardigers net stof oorgbly het. In hierdie gebeurtenisse kom daar drie belangrike aspekte oor seksualiteit vandag na vore:

1) seksualiteit word gekommersialiseer en uitgebuit

2) die "genitalization" van seksualiteit (seksualiteit = seks)

3) die komplekse en verskillende maniere waarop die Christelike geloof en die mens se seksualiteit ontmoet kom ook duidelik hieruit na vore.

Nelson glo dat *alle seksuele vrae uiteindelik 'n godsdienstige dimensie het*: wat ons glo oor die skepping en God se bedoeling daarmee dat Hy ons as seksuele wesens geskep het, wat ons glo oor die menslike natuur, wat ons glo oor sonde, verlossing, liefde, geregtigheid en gemeenskap – al hierdie basiese dinge bepaal hoe ons onsself seksueel verstaan. Uiteindelik smeek Nelson dat ons sal *aanbeweeg van 'n seksuele etiek na 'n seksuele teologie*, na 'n teologie van die inkarnasie: "…the need for a sexual theology which positively affirms the wholeness of embodied selves, the goodness of sexual pleasure, and the creative significance of sexual self-affirmation in an incarnational theology…" (Nelson 1978:16).

Nelson tref 'n baie belangrike *onderskeid tussen seks en seksualiteit*: 1) seks is 'n biologies-gebaseerde behoefte gemik op voortplanting, om ontslae te raak van spanning, en vir genot

2) seksualiteit is ons self-verstaan en ons manier van leef in die wêreld as man en vrou; seksualiteit is 'n uitdrukking van God se bedoeling dat ons ons outentieke mensheid sal vind in verhouding met ander mense. Seksualiteit behels meer as wat ons doen met ons geslagsdele: "…it is who we are as body-selves who experience the emotional, cognitive, physical, and spiritual need for intimate communion – human and divine." (Nelson 1978:18)

Nelson gee dus erkenning aan die goedheid van die mens se liggaam, gebaseer op die goedheid van die skepping in die Ou Testament, sowel as die vleeswording van God in Christus in die Nuwe Testament. Om hierdie redes is dit belangrik dat die Christelike teologie positief ingestel moet wees teenoor die mens se liggaam. Ongelukkig het die kerk al te veel kere in die verlede die liggaam as iets boos gesien, met die spirituele as iets radikaal anders en beter as die liggaam van hierdie wêreld.

Maar Nelson sê dat die manier hoe ons ons eie liggame sien, bepaal hoe ons optree teenoor ander mense. Die manier waarop ons ons liggame verstaan bepaal nie net hoe ons daagliks leef nie; die manier waarop ons die wêreld sien bepaal ook hoe ons met ons liggame omgaan. In die boek Levitikus beteken heiligheid om afgesonder te wees, maar ook "completeness." Dit beteken dat ons die kategorieë van die skepping van mekaar moet onderskei. Heiligheid vra korrekte definisies en orde. So, as iets nie duidelik 'n vis of 'n voël was nie, het die Jode dit nie as heilig gesien nie – dit druis in teen die goeie orde in die skepping. Net so is daar sekere liggaamlike grense ingestel: bloed, spoeg, melk, semen, urine, en selfs trane is gesien as tekens van onreinheid. Hierdie aspekte van die menslike liggaam is gesien as 'n bedreiging vir die politieke en kulturele eenheid van die groep. "Thus, our bodies mirror and symbolize our perceptions of the world, and our perceptions of the world feed back upon our understanding of our bodies." (Nelson 1978:25)

- **Simbole**

Nelson glo dat ons in 'n simboliese wêreld leef. Simbole, taal, en gebare help ons om sin te maak van dit wat daagliks gebeur, en om die wêreld rondom ons te interpreteer. En hierdie betekenisse is altyd sosiaal van aard. Dit ontstaan en verander voortdurend d.m.v. sosiale interaksie. Só 'n benadering word "symbolic interactionism" genoem, en werp lig op 'n belangrike feit van ons seksualiteit, naamlik: ons seksualiteit het wel 'n biologiese basis, maar ons seksualiteit is ook patrone van betekenis wat *sosiaal eerder as biologies bepaal* word. Om hierdie rede bestaan daar dan 'n wye verskeidenheid van seksuele betekenisse onder mense en ook in die indiwidu self. *Om te praat van natuurlike en onnatuurlike seksuele optrede is bloot gebaseer op biologiese gronde wat nie die impak van 'n veranderende menslike natuur op seksualiteit in ag neem nie.* "A symbolic interactionist interpretation of sexuality is a congenial tool and companion for a Christian sexual theology." (Nelson 1978:29) Volgens die Bybel is ons menslike natuur nie staties en bepaald nie; nee, ons is veel eerder "human becomings" as wat ons "human beings" is! Die proses waardeur ons seksueel word is veel eerder 'n sosiale leerproses as wat dit 'n natuurlike ontvouing van ons biologiese aard is. In 'n pluralistiese samelewing is daar 'n magdom opinies en idees oor seksualiteit. Die taak van die kerk is om daardie seksuele betekenisse te leer wat in lyn is met die Woord van God en die Christelike geloof.

In die Christelike Weste is teologie vir te lank gesien as ‘n rasionele dissipline, ‘n onderneming losgemaak van die liggaam. Nelson noem egter vier baie belangrike aspekte van die seksuele liggaam wat ‘n invloed behoort te hê op die Christelike teologie: 1) *gevoel*; gevoel is nie irrasioneel of arasioneel nie. Om ten volle mens te wees beteken om te luister na alle dimensies van wie ons is – ons denke, ons hart, ons spirituele sintuie, ons geslagsdele, ens.

2) *begeerte*; die antieke Hebreërs het die werkwoord *yādáh* (“om te ken”) gebruik as ‘n sinoniem vir seksuele omgang. Die seksuele daad is, op sy beste, ‘n eenheid van begeerte en kennis. “…to desire can mean to know, and to know, can mean to love.” (Nelson 1978:33) Die boek Hooglied in die Ou Testament is juis dan ook ‘n viering van die mens se seksualiteit – ‘n viering van die sensuele liefde tussen ‘n man en ‘n vrou

3) *gemeenskap*; op die diepste vlak is seksualiteit ‘n begeerte *na*, en die uitdrukking *van* gemeenskap met mekaar en met God. Dit is ‘n ervaring van eenheid, maar nie van vereniging nie. Die ander se identiteit word steeds in die hele proses gerespekteer. Dit gaan hier om deelname, nie om die ander te besit nie!

4) *vleeswording*; God is teenwoordig in ander mense, en die menslike teenwoordigheid is altyd beliggaamde teenwoordigheid. Daarom is die taal van die liggaam ongetwyfeld die materiaal van die Christelike teologie. Ons liggame is altyd seksuele liggame en ons seksualiteit is die basis van ons vermoë om te ken en om God te ervaar.

Pectora roborant cultus recti

- **Spirituele en seksistiese dualisme**

Maar, daar bestaan ongelukkig ‘n dualisme in die samelewing: ‘n dualisme tussen liggaam en siel wat veroorsaak dat dié twee entiteite heeltemal van mekaar vervreem is. Gevolglik word die liggaam gesien as ‘n tipe masjien wat besit en gebruik kan word - *askete* glo bv. dat die liggaam minder waarde het as die siel, ‘n immorele ding, terwyl die *libertyne* glo dat die liggaam ‘n instrument van sensualiteit is, wat uiteindelik ‘n instrument van dominering van die ander word. Omdat die liggaam dan gesien word as ‘n masjien wat besit en misbruik kan word, verander seks in ‘n kompetisie – “the performance principle.” Seks word ‘n doelgerigte oefening: die man moet ejakuleer en die vrou moet ‘n orgasme bereik, dan is die taak suksesvol afgehandel. Seks is dan nie ‘n manier van leef nie, maar eerder ‘n geleentheid, ‘n prestasie.

Die oomblik wanneer ons onsself vervreem van ons liggame, vervreem ons onsself van God. Daar is ‘n groot aantal redes waarom baie mense seksualiteit voorhou as ‘n noodsaaklikheid waaroor God

spyt is. Hulle glo dat ons seksualiteit absoluut niks met God uit te waai het nie en dat dit net in die pad staan van ons verhouding met God. Hierdie verdraaide en verkeerde idees van God moet uitgewis word. Ja, God verheug Hom in sensuele liefde. ‘n Kykie deur die geskiedenis sal dit duidelik na vore bring hoe dikwles daar vervreemding van die menslike liggaam was.

Dit is belangrik om te besef dat seksuele vervreemding en dualisme nie net ‘n Christelike probleem is nie. Ook die *Hindoes en Buddhiste* was al skuldig aan hierdie dualistiese sienings. Ons is egter Christene en dit is op hierdie storie wat Nelson dan sy fokus plaas. Hy identifiseer twee algemene soorte dualisme: *spiritualistiese- en seksistiese dualisme*: 1) *Spirituele dualisme* het sy wortels in die Griekse filosofie en- kultuur aan die begin van die Christelike era. *Plato* glo dat die mens tot volmaakte kennis kan kom slegs wanneer kontak en assosiasie met die liggaam tot ‘n minimum beperk word. Hierdie siening dring dan die Christendom se verstaan van die self binne, t.s.v. die liggaam-siel eenheid in die denke van die Hebreërs

2) *seksisitiese dualisme* behels die onderdrukking van vroue op alle gebiede van die samelewing. Dit staan ook bekend as patriargale dualisme. Die vrou is geasosieër met emosies, die liggaam en sensualiteit, en daarom is hulle as minderwaardig beskou. Die man, daarenteen, is gesien as die rasionele, sterk leier.

In die *vroeë geskiedenis van die Hebreërs* is daar nie tekens van ‘n spirituele dualisme nie, maar daar is wel tekens van ‘n seksistiese dualisme dwarsdeur hulle geskiedenis (met uitsonderings hier & daar).

Tot en met die *laat Klassieke Era* is seksualiteit en sensualiteit vereer deur *die Grieke*. Na die dood van *Aleksander die Grote* ontstaan daar ‘n spiritualistiese dualisme wat nou hand aan hand met die reeds bestaande seksistiese dualisme loop. Die *Stoïsyne*, ‘n filosofiese groep wat die heersende filosofie van Rome was, asook ‘n tydgenoot van die ontstaan van die Christendom, was gekant teen passie en daarom kon die huwelik, volgens hulle, vir geen ander rede bestaan as vir voortplanting nie. Seks self was nie gesien as ‘n slegte ding nie, maar die passie wat daarmee gepaard gaan het hulle verdag gemaak. Dus: “Christianity did not make the world ascetic; rather the world in which Christanity found itself strove to make Christianity ascetic.” (Nelson 1978:49)

Jesus self kom vestig nie een of ander nuwe seksuele etiek nie. Sy opgetekende uitsprake in dié verband is baie beperk, maar dit wat ons wel het is van onskatbare waarde: wat Jesus te sê het oor die seksuele en die huwelik, is radikaal anders as die van sy tydgenote – hy stel voor dat man en vrou gelyk is, dat ontrou in die huwelik en egbreuk sonde is, en hy lê klem op liefde en vergifnis op die seksuele gebied, volgens Nelson.

Paulus is die apostel van die liefde, volgens Nelson. Hierdie man se sienings oor die mens se seksualiteit is egter baie wisselvallig. As 'n Jood het Paulus 'n baie hoë dink van die skepping; as 'n Christen glo hy dat die hele mensdom deur Jesus Christus verlos is. Maar, as 'n kind van 'n patriargale samelewing neig hy na 'n seksistiese dualisme toe, en as 'n Griek is hy nie onaangeraak deur 'n spiritualistiese dualisme nie! Paulus se groot bydrae tot die gesprek rondom seksualiteit is ongetwyfeld die vergelyking wat hy tref tussen 'n huwelik en die verhouding wat Christus met Sy kerk het. Tog is daar kere wat Paulus as 'n Hellenis optree: veral wanneer hy sê dat dit beter is om nie te trou nie. Dan is daar weer kere wanneer Paulus toelaat dat die patriargale samelewing sy teologiese benadering bepaal. So, op hierdie stadium lyk dit asof Paulus bloot met 'n *futuristiese eskatologie* werksaam is wat geen transformerende effek het op die sosiale verhoudings in die wêreld vandag nie.

Die Kerkvaders (wat *Augustinus* insluit) was baie negatief oor die mens se liggaam – hulle glo vas dat seksualiteit die gevolg is van die sondeval. Die laagste rang in die samelewing is dan ook toegeskryf aan diegene wat getroud was en hulle seksuele eenheid binne die huwelik geniet het. Spirituele dualisme vier in hierdie geledere hoogty. Volgens Augustinus is enige vorm van seksuele omgang sonde. Hy sien nie die vermoë wat liefde besit om die seksdaad inherent te verander raak nie.

Gedurende die *Vroeë Middeleeue* word seksuele omgang steeds net geregverdig in die geval van voortplanting, terwyl daar egter 'n groter bewustheid is van die positiewe rol wat seksualiteit in die Christen se lewe kan speel.

Die *Hoë Middeleeue* sien 'n groot fokus op sistematiese teologie en gevolglik ook 'n meer sistematiese refleksie oor seksualiteit. Thomas Aquinas, die groot middeleeuse teoloog, stel die

volgende drie standaarde voor vir die oordeel van ‘n seksuele daad: 1) dit moet om die regte redes geskied (voortplanting)
2) met die regte persoon (jou man of vrou)
3) en op die regte manier (heteroseksuele geslagsomgang).

Die sestiende eeuse *Protestantse Reformasie* het ongelukkig ook nie die spiritualistiese dualisme in die Christelike denkwyse kom verwyder nie: *Maarten Luther* glo dat die huwelik ‘n eerbare instelling deur God is, maar dat dit bloot ‘n noodsaaklikheid is omdat mense nie hulle seksuele drange kan beheer nie. “Luther could also term it an emergency hospital for the illness of human drives.” (Nelson 1978:55) Elke seksuele daad was vir hom bloot die gevolg van die sondeval. Calvyn het verskil van Luther deurdat hy geglo het dat God se bedoeling met die huwelik “companionship” was, nie net vir voortplanting en die beperking van drange nie. Calvyn het wel geglo dat seks ‘n opbouende impak kon hê. Buiten hierdie spirituele dualisme wat die bo-toon gevoer het, was seksistiese dualisme steeds baie sterk aan die orde van die dag.

Vir die *Rooms-Katolieke Kerk* was voortplanting steeds die enigste regeverdiging van die seksuele daad.

Om terug te keer na die seksistiese dualisme: die vrou word geasosieër met die liggaam, terwyl die man geasosieër word met die gees. Gevolglik word die vrou gesien as een wat die kapasiteit vir onafhanlikheid, rasionaliteit en wilskrag kortkom. Sy is afhanklik, irrasioneel en sensueel. Wat is die rede vir hierdie idee dat die man bo-oor die vrou is en hoekom bly dit so sterk teenwoordig van geslag tot geslag? Dit is moontlik dat die biologiese verskille tussen mans en vrouens voorgehou kan word as ‘n rede vir hierdie verskynsel, maar só ‘n benadering lewer nie bevredigende antwoorde op die bogenoemde vrae nie.
Nelson stel die volgende as moontlike redes voor vir hierdie verskynsel: mans het ‘n vrees vir die biologiese magte van die vrou, die man is bang vir die vrou se seksuele mag, en die man ly aan “castration anxiety…the penis must enter the vagina, literally be engulfed by it in coitus, and this may arouse subconscious castration fears.” (Nelson 1978:61)
Wat ook al die rede vir hierdie verskynsel (dat die vrou as minderwaardig aan die man beskou word), die feit bly staan dat dit baie pyn veroorsaak: baie vrouens is bang om met selfvertroue te leef

omdat hulle bang is dat hulle beledig sal word 'omdat hulle nie hul plek ken nie.' Ander vrouens voel weer dat 'n valse onderdanigheid aan hulle mans die enigste uitweg is; verder word vrouens emosioneel afhanklik van hulle mans. Buiten die *sielkundige en emosionele skade* wat hierdie patriargale dominasie vrouens berokken, hou dit ook *institusionele en sosiale gevolge* in. Hierdie manlike oriëntasie tot die seksuele is gefokus op die geslagsdele, wat weer aanleiding gee tot die verwerping van 'n meer totale benadering tot die seksuele ("whole-body erotic sensation"). Die feit bly staan – seksistiese dualisme is 'n minagting van die God-geskape gelykheid van man en vrou.
Hoe moet ons reageer op die huidige toestand van seksuele vervreemding waarin die samelewings van die wêreld hulself bevind? Ons kan gaan kyk na die filosofie of die sielkunde, maar Nelson stel voor dat die diepsste menslike behoeftes slegs deur die genade van God vervul kan word.

- **Die verlossing van ons seksualiteit**

Daardie dele van ons wat benadeel/beskadig is deur seksistiese- en spirituele dualisme, kan verlos word. Dit gaan hier om die *proses en betekenis* van die opstanding van die seksuele liggaam.
Soos ons vroeër gesien het is daar hoofsaaklik op drie maniere gedink oor seksualiteit deur Christene in die verlede: 1) diegene in die *Middeleeue* het geglo dat seksualiteit deur die wil en rede beheer moet
2) die *Dionysis* benadering glo weer dat seksualiteit onderdruk word, en daarom is dit nodig dat mense weer hulle seksualiteit moet omhels: "…we must throw off the social masks, reclaim our inner forces and feelings, and in this way be united with a cosmic vitality." (Nelson 1978:71)
3) die derde benadering is een wat sê dat seks heeltemal onbelangrik is; dit is maar net – dit is nie demonies of goddellik nie. Die groot probleem met hierdie drie standpunte is dat hulle almal die seksuele op 'n ander plek, buite die mens self soek. *En, solank as wat seksualiteit buite die mens self ervaar word, is daar steeds vervreemdig.*

Maar, vir ons as Christene is vervreemding nie die laaste woord nie… "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" (Rom 7:24). Paulus vra hierdie vraag in vers 24, en dan antwoord hy dit self in die volgende vers: "Aan God die dank, Hy doen dit deur Jesus Christus!" (Rom 7:25). Hierin lê ons hoop, ons verlossing, ons seksuele verlossing – die verlossing van ons seksuele vervreemding: in God se genade deur Jesus Christus. Die wonder van hierdie seksuele verlossing lê nie in die feit dat dit noodwendig dramaties is nie, nog minder omdat dit inmeng met

die natuurlike wêreld. Nee, dit lê daarin dat ons hierdeur ontdek wie ons werklik is. In hierdie ervaring van seksuele verlossing is daar ‘n dubbele beweging: regverdiging en heiligmaking.

Regverdiging: die feit dat ons God se aanvaarding in en deur Jesus Christus ontvang, het massiewe seksuele implikasies. “Die Woord het vlees geword.” Jesus was ‘n seksuele wese en juis hierin lê God se erkenning van ons eie seksualiteit. Ten spyte hiervan is een van die grootste ketterse leerstellings van die Christelike geloof die *doketiese leer*: hierdie leerstelling glo dat Jesus nie volkome mens was nie; dat ons Jesus die ware God sien, maar slegs in die skyn van ‘n menslike liggaam. In die meeste gevalle stel die kerk Jesus as seksloos voor. Indien ons nie seker is oor die volkome mensheid van Jesus nie, die Een wat ons Waarlik Mens noem, dan is dit vir ons self baie moeilik om te verstaan presies wat dit beteken om waarlik mens te wees. Die oomblik wanneer ons die seksualiteit van Jesus bevraagteken, loop ons die gevaar om ons eie seksualiteit te ontken, óf ons sal dit moeilik vind om ons seksualiteit in lyn te bring met ons Christelike oortuigings.
In die twee baie sentrale simbole van die vleeswording en die opstanding weet ons egter dat God die vleeslike, liggaamlike lewe omhels. Hy nooi ons uit om dieselfde te doen. En wanneer ons verby hierdie dualistiese vervreemdings kan beweeg, dan ervaar ons die genadige opstanding van die liggaam self. Ek is werklik een persoon – liggaam en siel is een; my liggaam is ek en my siel is ek. Anderkant die boeie van sekere “seksrolle” wat ek moet vervul, word ek hierdeur vrygemaak om ‘n mens te wees. Deur die liggaamlike opstanding besef ek ook verder dat ek intiem aan ander en aan die wêreld behoort.

Heiligmaking kry Nelson se aandag onder vyf kategorieë: *self-aanvaarding, sensualiteit, kennis, vryheid en tweeslagtigheid (“androgyny”)*. 1) *Self-aanvaarding*: die oomblik wat ons onsself haat, verwerp ons wie ons werklik is. Aan die ander kant bestaan daar weer die moontlikheid dat mense ‘n onbereikbare ideaal van hulleself probeer navolg. Omdat hierdie ideaal nooit bereik kan word nie, ontstaan gevoelens van haat met die mens se trots wat ‘n lelike knou toegedien word. Ander mense word ook verafsku en die strewe daarna om perfek te wees gee aanleiding tot ‘n taak-georiënteerde sindroom opsoek na glorie (“performance anxiety”). Self-aanvaarding is egter die vermoë om nee te sê; dit is die vermoë om te onderskei tussen gevoelens en begeertes aan die een kant, en ware behoeftes aan die ander kant. Dit is om seker te wees van jouself, ongeag wat ander mag sê of dink. Dit is ‘n nederigheid wat die “liggaam-self” aanvaar.

In Paulus se verstaan van die liggaam word baie dinge vir ons duidelik: in sy verstaan van die opstanding is daar kontinuïteit en diskontinuïteit met die liggaam. Vlees en bloed soos ons dit ken, kan nie die koninkryk van die hemel beërwe nie. Maar in die opstanding sal ons liggame wel opstaan, die vorm/aard daarvan is egter iets wat ons nie nou kan verstaan of begryp nie. Die liggaam is deur God gemaak en behoort aan Christus (sien 1 Kor 8) en kan daarom nie bloot geskrap word nie: "Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik Christus" (Efs 1:10). "And this sort of transformation of the world as we experience it can begin now with the resurrection of the body in that new self-acceptance made possible by God's grace." (Nelson 1978:84)

2) *Sensualiteit*: in die boek Hooglied sien ons dat daar 'n viering is van die liefde tussen 'n man en 'n vrou – daar word vrylik vreugde geput uit hul seksualiteit en naaktheid. Hier in die boek van Hooglied bestaan daar geen spirituele- of seksistiese dualisme nie: die seksuele liggaam word gevier en die man en vrou word op gelyke voet gesien. Tog was daar só baie teoloë deur die geskiedenis wat so 'n omhelsing van die seksualiteit as verdag ervaar het. Dit is baie male gesien as 'n oorgawe aan die dierlike instinkte in die mens. Maar, 'n omhelsing van ons sensualiteit hou baie potensiaal in: spontaniteit en selfbeheersing ontstaan in die sensuele liggaam; groei op die gebied van die sensuele maak dit moontlik om meer plesier te gee en te ontvang – 'n plesier wat "let go", wat die liggaam toelaat om vrylik te reageer. 'n Onvoorwaardelike aanvaarding van ons seksualiteit gee ook aanleiding tot kreatiwiteit – 'n eienskap wat onontbeerlik is indien ons volkome mens wil wees. En sonder plesier is daar geen kreatiwiteit nie: daar is 'n dialektiese verhouding tussen plesier en toewyding – indien ek meer plesier ervaar is die vlak van my toewyding baie hoër. En toewyding is 'n dimensie van die liefde.

In die aanvaarding en omhelsing van ons seksualiteit word dualisme oorkom, en ontdek ek my essensiële eenheid van liggaam en siel, wat weer aanleiding gee tot 'n groter openheid tot my naaste.

> "The resexualization of the entire body, the movement away from the genital tyranny in relationships, eroticization of the world so that the environment's deliciously sensuous qualities are felt – these things are possible, faith affirms, by the grace of God. To the extent that I can accept my acceptance, experience my body-self as one, and know that my sexuality is richly good, to this extent my sexual awareness and feeling inevitably expand beyond a narrow genital focus." (Nelson 1978:92).

3) *Kennis*: dit is belangrik om ‘n onderskeid te tref tussen daardie kennis wat deelneem aan die realiteit, gemeenskap, en die bewustheid van misterie, en daardie kennis waar dit gaan om te besit, te beheer, en tegniek. Hierdie onderskeid word gebore vanuit ‘n seksistiese dualisme: die man se kennis is dominerend, om te besit en te beheer, terwyl die vrou maar net moet versorg en omgee. Wanneer daar egter ‘n versoening van die self en die seksuele liggaam is, word ons maniere van ken minder voorspelbaar, en meer kreatief en verbeeldingryk. Dit help ons ook om meer verdraagsaam te wees in die gesig van dubbelsinnigheid

4) *Vryheid*: om seksueel te groei in die lig van God se aanvaarding, is om in vryheid in te groei. *Abraham Maslow*, ‘n sielkundige, bevind die volgende interressante dinge. Die mense wat hy bestudeer het: “were loved and were loving, and are loved and are loving” (Nelson 1978:95): i) hulle geniet geslagsgemeenskap heelhartig ii) die seks veroorsaak by tye selfs ‘n mistieke ervaring iii) daar is ‘n gesonde aanvaarding van die self en die ander iv) hierdie mense neem kennis van hulle seksuele aangetrokkenheid tot ander mense, maar hulle is minder geneig om in geheime verhoudings betrokke te raak juis omdat hulle eie huwelike so bevredigend is v) hulle maak nie ‘n groot onderskeid tussen die rolle wat die verskillende geslagte veronderstel is om te speel nie vi) hulle ervaar baie pret en genot vii) die ander se indiwidualiteit word erken en gerespekteer. Só ‘n vryheid is die gevolg van die sekuriteit wat hierdie mense ervaar. Hierdie mense word nie meer gemotiveer of gedryf deur aspekte soos liefde, status, self respek en veiligheid nie, want daar is reeds in hierdie behoeftes voorsien – dít is wat genade doen!

5) *Tweeslagtigheid*: die woordjie “androgyny” beteken letterlik die eenheid van die manlike en die vroulike in een menslike persoonlikheid. Dit is wanneer daardie eienskappe wat tradisioneel met die man en tradisioneel met die vrou geassosieër word, op ‘n kraetiewe manier in een persoonlikheid teenwoordig is. ‘n Bybelse visie van verlossing verwys na ‘n menslike verlossing bo onderdrukkende seksuele rolle – dit is ‘n bybelse boodskap wat, soos ons vroeër gesien het, by tye wel deurtrek is met sesksistiese dualisme, maar die Eksodus verhaal maak dit tog vir ons duidelik dat vryheid van onderdrukking, vryheid van alle vorme van menslike onderdrukking insluit.

“Androgyny” ontken seksuele antitese juis omdat dit (veral) vrouens ontneem van hulle menswaardigheid. Maar, ‘n ander belangrike vraag is of “androgyny” nie net bloot narssisities van aard is nie? “Word my maat hierdeur nie net ‘n instrument wat ek gebruik vir myself en my eie gewin nie?” Daar is waarheid in hierdie aanklag, maar selfliefde is nie noodwendig ‘n slegte ding

nie. Ja, ek word aangetrek na my maat a.g.v. my eie tekortkominge, maar op daardie oomblik word my self liefde getransformeer deur my liefde vir die ander. Die aanvanklike aantrekking a.g.v. my tekortkominge ontaard in ‘n uitdrukking van liefde wat die ander waardeer vir wie hulle is. Dit gaan hier nie om die vrou ‘n man te maak of die man ‘n vrou te maak nie; nee, dit vra eenvoudig *dat ons sal word wie ons reeds is in Christus* – unieke indiwidue, man en vrou, wat die vermoë het om beide te ontvang en te gee, om rasioneel en intuïtief op te tree, om buigbaar en sterk te wees. Dit is soos ‘n duet waar twee stemme op ‘n kunstige manier saamvloei in een harmonie.

Paulus sê in Gal 3:28: “Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal een.” Hierdie eskatologiese realiteit waarvan Paulus hier praat, is deur God se genade nou reeds in ons daaglikse ervarings moontlik en teenwoordig!

Howel ons seksualiteit verlos is, is dit steeds onvoltooid. Om hierdie rede sal ons deur ons seksualiteit nog baie mense seermaak. Maar, die laaste woord is nie een van pyn en lyding nie: die laaste woord van die evangelie is *genade*. ‘n Genade wat vergewe en aanvaar, ‘n genade wat die mensdom laat groei tot volwassenheid en bemagtiging vir ‘n nuwe lewe. Die Woord het vlees geword en daardeur word ons vlees bevestig.

- **Liefde en seksuele etiek**

Aangesien ons in die beeld van God geskep is, is ons van nature sosiale wesens; mense wat geskep is om gemeenskap met ander te hê. Een baie belangrike aspek van gemeenskap is kommunikasie, en seks is ongetwyfeld ook ‘n vorm van kommunikasie. Seks is die taal van die liefde. Ons verloor nooit die behoefte om lief te hê nie, selfs nie in ons slegste oomblikke nie. Ons seksuele dade sal altyd, op een of ander manier, hierdie feit bevestig.

Nelson stel vier maniere voor waarop die verhouding tussen seks en liefde verstaan kan word: 1) die twee kan heeltemal van mekaar geskei word

2) die twee aspekte kan op dieselfde persoon gerig wees, maar dit bly in essensie twee verskillende dinge

3) seks moet heeltemal verwerp word sodat ‘n mens die ander meer volkome kan liefhê

4) die vierde moontlikheid is ‘n radikale eenheid tussen seks en liefde.

Maar, *wat is liefde* presies? Liefde is beide *die proses en die realiteit van gemeenskap* – dit is daardie verhouding van hereniging met God, my naaste en myself. Dit is verder baie behulpsaam om die volgende aspekte van die liefde in gedagte te hou: 1) *epithymia* is die behoefte na seksuele

vervulling 2) *eros* is ‘n intense verlange na die geliefde 3) *philia* is vriendskap en 4) *agape* is ‘n gee van die self tot voordeel van die ander. Hierdie vier aspekte is nie vier verskillende maniere van liefhê nie, dit moet eerder gesien word as verskillende dimensies van die ryke eenheid van die liefde (‘n Deeglike bestudering van die bybel sal hierdie feit bevestig). Tog moet ons die groot impak van *agape* nie miskyk nie: *agape* transformeer besitlike en selfgesentreerde seksuele behoeftes en erotiese aspirasies na ‘n verhouding wat menslik verrykend en kreatief is.

Liefde behels dus trou aan die ander, ‘n bereidheid om jouself toe te vertrou aan die ander. Liefde is afwagtend; dit respekteer indiwiduele identiteit. Seksuele liefde is ‘n bevryding van die self; dit verryk die ander; dit is eerlik; dit is getrou; dit is sosiaal verantwoordelik; dit is “life-serving”; dit is genotvol. Uiteindelik is liefde egter maar net ‘n geskenk van God self. “Because we are loved into being, we are able to love.” (Nelson 1978:118)

Indien ons só ‘n verstaan van die liefde het, beteken dit nie dat ons nou outomaties, in elke situasie, die regte besluite sal neem nie. Daar is ‘n wye reeks faktore wat ‘n rol speel in die besluite wat ons neem, ook dan i.v.m. die seksuele. Deur deeglik kennis te neem van hierdie aspekte is dit vir ons moontlik om te verstaan waarom selfs Christene verskil in die besluite wat hulle neem oor die seksuele: i) elkeen bring sy eie persoonlikheid na die tafel

ii) elke mens se godsdienstige oortuigings is verskillend

iii) mense het verskillende maniere waarop hulle besluite neem

iv) mense interpreteer feite op verskillende maniere

v) waardes en die manier waarop hulle toegepas word verskil van persoon tot persoon

vi) die kerk, as ‘n morele gemeenskap, is verantwoordelik vir die neem van belangrike besluite (wat dan die seksuele insluit). Die kerk is egter ook baie dubbelsinnig in dié verband. Christene het almal hul eie opinie oor wat dit beteken om seksueel verantwoordelik te leef.

Daar is dan *drie riglyne* van ‘n seksuele moraliteit wat ons kan rig: 1) liefde benodig ‘n enkele standaard, en nie ‘n dubbele standaard vir seksuele moraliteit nie – of jy getroud is of nie, of jy nou ‘n man of ‘n vrou is – dieselfde geld vir almal

2) die fisiese uitdrukking van jou liefde vir ‘n ander persoon moet eweredig wees aan die vlak van toewyding wat teenwoordig is in julle verhouding

3) geslagsgemeenskap moet geëvalueer word m.b.t. motivering, intensies, die aard van die daad self, en die gevolge van die daad, elkeen geïnformeer deur die liefde.

- **Die huwelik**

"Tradisioneel" is die huwelik bloot gesien as 'n ordening van die seksuele en die generasionele verhoudings, sodat daardie deel van die samelewing gestabiliseer kon word en die res van die wêreld kon aangaan met hul lewens. Vandag word die idee van monogamie en die kernfamilie egter prontuit bevraagteken[19]. Hierdie verskynsel moet ernstig opgeneem word deur die kerk.

In 'n poging om hierdie sake ernstig aan te spreek, verwys Nelson na 'n paar teoloë se sienings oor die huwelik: i) *Helmut Thielicke* glo dat die huwelik 'n verbond van *agape* is. Volgens hom het die huwelik geen verlossingspotensiaal nie – niemand kan daardeur gered word nie. Dit is bloot 'n orde van behoud vir die hele wêreld – die huwelik is een van daardie instellings wat verhoed dat die samelewing in chaos verval. Die huwelik moet verder 'n monogame verhouding wees. Thielicke baseer hierdie uitspraak op die feit dat *agape* van ons vra om vir die ander te leef. Aangesien die vrou "van nature" meer geneig is tot monogamie, terwyl die man egter meer geneig is om poligamie te beoefen, moet die vrou tegemoet gekom word (a.g.v. die eise wat *agape* aan ons as Christene stel). Thielicke baseer egter sy hele teologie hier op 'n seksistiese dualisme

ii) *Karl Barth* baseer sy teologie van die huwelik op die leerstelling van die Triniteit: Barth glo dat, net soos wat die Vader, Seun en Gees in verhouding met mekaar staan, ons ook, aangesien ons in die beeld van hierdie God geskape is, mense is wat smag na gemeenskap met ander. Om hierdie rede het elke mens 'n komplement nodig – iemand van die teenoorgestelde geslag met wie ons ons lewens kan deel. Alles wat Barth in dié verband sê is waar, maar tog vind Nelson die volgende aspek problematies: by tye sê Barth dat die huwelik 'n roeping is wat nie vir alle mense bedoel is nie; tog, op ander kere sê hy weer dat die huwelik 'n noodsaaklikheid is indien die mens die volheid van sy bestaan wil ervaar. Wat van die ongetroude of homoseksuele persoon, vra Nelson? Is dit nie vir hulle moontlik om ten volle mens te wees nie? Nelson glo dat dit wel moontlik is (en ek stem met hom saam!)

iii) *Derrick Sherwin Bailey* glo dat die huwelik sy volheid bereik wanneer dit gebou is op liefde, die toestemming van beide partye, en die goedkeuring van die gemeenskap. In só 'n opset word die man en die vrou een vlees in die geval van geslagsgemeenskap, 'n proses wat onomkeerbar is. Bailey voel ook dat die huwelik 'n ruimte is vir verlossing – 'n ruimte waar God se vernuwende werk kan

[19] Sien Stott, asook die bespreking van Browning oor die invloed van modernisasie en globalisasie op die huwelik in hoofstuk twee

voortgaan. Die huwelik is nie bloot ‘n instrument wat aangewend word om te verhoed dat die wêreld in chaos verval nie.

Nelson stem saam met Bailey as hy sê dat seksuele omgang die totale mens insluit en affekteer. Hy stem ook saam met die feit dat die herhaaldelike misbruik van seks vir plesier en selfsugtige redes die mens se vermoë vir outentieke verhoudings benadeel. Maar of elke seksuele daad iets onherroepliks tot gevolg het, is vir Nelson ‘n bietjie vergesog. Die oomblik wat jy dít sê, impliseer jy dat God se verlossingswerk nie strek tot by ons seksuele lewe nie. Só ‘n idee is waansinnig[20].

iv) *Norman Pittinger* se benadering tot die huwelik is waardevol: volgens hom is die liefde sentraal – die seksuele uitdrukking daarvan is noodsaaklik, en die trou van hierdie liefde is noodsaaklik vir die eenheid in ‘n huwelik. Dit is ‘n arena waar die verlossingswerk van God moontlik is. *Tog glo Nelson is die huwelik nie die enigste plek waar só ‘n verhouding moontlik is nie!*

Soos ek vroeër reeds genoem het is daar baie stemme wat opklink teen ‘n “tradisionele” benadering tot die huwelik en monogamie: i) *Ronald Mazur* sê dat te veel van die stellings wat tradisionele monogamie ondersteun nie bewys kan word nie. Mazur bevestig die waarde van ‘n lewenslange toewyding aan een persoon in ‘n huwelik, maar hy erken ook die behoefte wat daar bestaan aan verrykende sekondêre verhoudings – wat hy noem ‘n “open-ended marriage”

ii) *Anna K. en Robert T. Francoeur* doen min of meer dieselfde as Mazur. Hulle glo dat daar ‘n onderskeid getref moet word tussen “hot sex” en “cool sex”: “hot sex” is seks wat dominerend is en gefokus op die geslagdele is, en “cool sex” is ‘n seksuele oriëntasie wat die gelykheid van beide partye erken, wat fokus op die ander se unieke behoeftes en persoonlikheid. Die huwelik is hier om te bly; dit sal dalk net anders funksioneer as wat die tradisionele manier vereis. ‘n Huwelik soos die laasgenoemde sal egter sy eie utgebreide familie stig – een van ondersteunende, intieme verhoudings wat gebou is op vertroue en kommunikasie

[20] Nelson flous homself; hy maak twee foute met hierdie aaname: 1) Nelson weerspreek homself wanneer hy sê dat dit vir God se genade moontlik is om so ‘n lewensverenigende daad te verwyder. As daar dan niks fout is met ‘n lewensverenigende daad sonder enige lewensverenigende intensies nie, hoekom is dit nodig dat hierdie eenheid deur God se genade verbreek moet word? 2) in die tweede plek maak Nelson misbruik van God se genade – wat hy eintlik sê is dat ons maar kan voortgaan met ons sondes, God sal ons tog in elk geval later in sy genade vergewe! “Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde nog daarin voortleef?” (Rom 6:1-2) Paulus spreek Nelson skerp aan op hierdie punt!!

iii) *Rustum en Della Roy* poog ook om die huwelik se erotiese en intieme gemeenskap te verbreed iv) *John Snow* tref ‘n baie handige onderskeid tussen “passive-adaptive” (fokus op indiwiduele vervulling/groei) en “counter culture” (fokus op ‘n ideologie) patrone in die veranderende huweliksarena. Snow vra egter vir ‘n derde, Christelike alternatief: een waar ‘n huwelik nie gesien word as ‘n eiland wat in kompetisie staan met die wêreld om te oorleef nie; die huwelik moet veel eerder oop wees: “…marriages which are open in the sense of being hospitable, generous, and socially concerned.” (Nelson 1978:142)

- **Trou in die huwelik**

Wat beteken dit om getrou te wees in die huwelik? Daar moet ‘n duidelike onderskeid getref word tussen ontrou en egbreuk – *egbreuk* beteken om geslagsgemeenskap te hê met iemand anders as jou huweliksmaat, terwyl *ontrou* die beskadiging/vernietiging van die bande van getrouheid, eerlikheid, vertroue en toewyding tussen twee mense in ‘n huwelik impliseer. *Trou*, aan die ander kant, is die voortdurende toewyding aan die huweliksmaat se welwese en groei.

Nelson kyk dan na die voordele van seksuele eksklusiwiteit in ‘n huwelik: i) die bybel praat teen egbreuk in Eks 20:14, Deutr 22:22, Mark 10 en Joh 8

ii) die radikale aard van die seksuele daad regverdig die eksklusiewe beoefening daarvan in die huwelik. Só ‘n benadering word dikwels gebaseer op ‘n interpretasie van Paulus se “een vlees” konsep, soos wat Bailey dit sien: as ‘n onherroeplike band wat tussen die twee mense ontstaan wat seksuele omgang met mekaar het

iii) verder kan daar gesê word dat seks, slegs vir die huwelik, as ‘n simbool dien van God se trou, die band tussen Christus en Sy kerk. Om hierdie band te breek is om God se trou te ontken

iv) die twee funksies van seksuele omgang, nl. eenheid en voortplanting word as ‘n eenheid gesien - die oomblik as ‘n man seksueel met ‘n vrou verkeer sonder dat daar enige behoefte is om ‘n kind by daardie persoon te hê, is dit ‘n nuwe vorm van die liggaam-siel dualisme wat ontken dat die liggaam die vermoë het om voort te plant

v) die gevolge van seksuele omgang word ook voorgehou as ‘n ondersteuning van die seksuele eksklusiwiteit in ‘n huwelik – egbreuk maak mense seer en dra dus glad nie by tot die groei en welwese van die huweliksmaat nie.

Aan die anderkant is die implkasies van nie-eksklusiewe seksuele trou in ‘n huwelik: sommiges glo dat daar onrealistiese verwagtings op ‘n monogame huwelik in vandag se samelewing geplaas word. Persoonlike groei vir beide die man en die vrou benodig intieme vriendskappe afgesien van dié met die huweliksmaat. Baie mense glo ook dat hierdie sekondêre verhoudings nie net groei by die indiwidu veroorsaak nie, maar dat dit ook die huwelik self sal verryk. Hierdie verhoudings sal egter wel gesien word as ontrou wanneer die motivering daaragter gemik is op “revenge” óf indien dit daarop gerig is om jou weer sekerheid te gee oor jou aantreklikheid.
Deesdae lê die keuse vir getroude paartjies by seksuele eksklusiwiteit óf die voortsetting van die huwelik – die voortsetting van die huwelik kry dikwels die voorkeur. Wat is dit wat die kerk werklik nastreef? Is dit seksuele eksklusiwiteit óf is dit langtermyn toewyding?

So, nadat albei kante van dié saak nou aangehoor is, waar laat dit ons? Ek haal graag aan wat Nelson se standpunt in hierdie verband is: “But given the Gospel’s bias toward judging both acts and institutional forms by their capacity to further human wholeness, the case (of reinterpreting the traditional meanings of fidelity and monogamy) deserves serious consideration. There are simply too many couples today who are sincerely struggling to find more meaningful kinds of marriages.” (Nelson 1978:148) Uiteindelik gee Nelson die volgende riglyne as dit kom by die huwelik: dit is ‘n blywende verbond van intimiteit. Dit is ‘n verbond wat sakramenteel van aard is, en laastens is dit ook ‘n verbond wat die ander se kapasiteit vir gemeenskap met ander mense vergroot.

- **Opsommend**

Nelson vra dat die kerk weer ‘n keer moet dink oor haar benadering tot die mens se seksualiteit; hy vra dat ons erns moet maak met ons liggame juis omdat dit deur God geskep is as ‘n goeie ding: dit word bevestig deur die vleeswording en die opstanding van Christus. Ja, die sondeval verdraai selfs ons seksualiteit, maar deur God se genade word ons geregverdig en geheilig.
As seksuele “liggaam-self” is die mens ‘n sosiale wese – die mens smag na verhouding met ander. Ons seksualiteit is die manier waarop ons in hierdie behoefte vervul. Ons seksualiteit is dus nie net ‘n deel van ons lewens nie - dit maak dit vir ons moontlik om in verhouding met ons naaste te staan. Ons seksualiteit is goed en dit is ‘n gawe van God. As ons tot hierdie besef kan kom is dit vir ons moontlik om verby ‘n seksistiese -en spirituele dualisme te beweeg. Nelson gee die posisies van diegene wat krities staan teenoor die tradisionele verstaan van die huwelik en monogamie - ek stem

saam met al hierdie mense se sienings – die huwelik mag nie boot ‘n eiland wees wat in kompetisie staan met alle ander mense en verhoudings nie. Ja, sekondêre, intieme verhoudings is wel noodsaaklik, maar moet dit noodwendig seksuele geslagsgemeenskap insluit? Later meer hieroor.

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk vier

Kritiese dialoog en gevolgtrekking

- **‘n Kritiese dialoog tussen die werke van Don S. Browning, Lewis B. Smedes en James B. Nelson**

Dit is baie duidelik dat die sienings van James B. Nelson en Lewis B. Smedes oor seksualiteit en die huwelik op kritieke punte van mekaar *verskil*. Daar bestaan egter ook *baie ooreenkomste* in hulle onderskeie maniere van dink oor die mens en sy/haar seksualiteit. Beide is dit eens dat daar geen sistematiese teorie of ‘n stel reëls in die bybel is m.b.t. die mens en sy seksualiteit nie. Wat die bybel wel vir ons gee is ‘n deeglike beskrywing van die aard van ons seksualiteit. Indien ons die inhoud van ons seksualiteit verstaan sal dit vir ons moontlik wees om op ‘n verantwoordelike manier seksuele mense te wees.

Beide sien die mens se seksualiteit as goed geskape deur God. Dit word bevestig deur die vleeswording en die opstanding uit die dood van Jesus Christus, die Seun van God. Dit word egter verdraai deur die sondeval. God se genade verlos/vernuwe die mens se seksualiteit en daarom moet ons vreugde vind in ons seksualiteit. Hierdie verlossing is ‘n verlossing *van* sonde, wat noodwendig oorloop tot ‘n lewe *vir* die ander. Ons moet besef dat ons “liggaam-self” dit vir ons moontlik maak om in verhouding te staan met ander - ‘n inherente behoefte van elke mens op aarde (aangesien ons na die beeld van God geskep is).

Aangesien daar geen sistematiese teorie oor die mens se seksualiteit in die bybel bestaan nie, is dit belangrik dat die groter bybelse storie ons seksuele optrede moet informeer en rig. Vir beide Smedes en Nelson is hierdie storie een wat fokus op die opbou van die ander persoon in enige verhouding. Enige seksdaad moet dus gemotiveer word deur die ander persoon se belange - hulle persoonlike groei en verryking.

Albei dié skrywers glo dat die huwelik ‘n positiewe instelling is: ‘n ruimte wat hierdie vertroue, toewyding, en sekuriteit bied wat seksuele omgang verlang. Nelson is egter daarvan oortuig dat die huwelik nie die enigste ruimte hiervoor is nie.

Die huwelik vra vir seksuele ekslusiwiteit en trou. Voorhuwelikse seks is ‘n sonde, maar beide gee toe dat daar soms uitsonderings mag wees – wat Smedes “creative compassion” noem. Terwyl

Smedes vra dat hierdie uitsonderings deeglik gekwalifiseer moet word (aangesien seks *vir* die huwelik die ideaal is), is Nelson meer geneig om ‘n “liberale” benadering te volg.
Indien die huwelik optimaal funksioneer is daar geen beter ruimte as die huwelik vir seksuele omgang tussen ‘n man en ‘n vrou nie.

Soos ons egter gesien het in die werk van Don Browning word die huwelik, soos wat ons dit ken, deur moderniteit bedreig. Tog glo hy dat dit nie die einde van die huwelik beteken nie – dit beteken wel die einde van die huwelik soos wat ons dit ken, nl. die patriargale familie sisteem waarin die man in die huis al die sê en outoriteit het. Waarvoor Browning vra is ‘n massiewe kulturele rekonstruksie, d.i. een waarin “love as equal regard” die inhoud van die huwelik bepaal. Die huwelik is hier om te bly mits die mensdom bereid is om die vorm daarvan te rekonstrueer: ‘n hedendaagse samelewing vra vir ‘n huwelik waarin die man sowel as die vrou gelyke aansien en respek moet geniet. Browning baseer hierdie versoek op bybelse gronde (aangesien man en vrou in die beeld van God geskape is). Indien ons die huwelik benader met ‘n wedersydse respek tussen die man en vrou, kan dit ook die “male-problematic” aanspreek – die hedendaagse verskynsel dat mans nie meer enige verantwoordelikhede nakom teenoor hulle vrouens en kinders nie. Die man plant net voort en dan verdwyn hy – hy aanvaar geen verantwoordelikheid vir sy optrede nie. Statistieke toon dat sulke optrede negatiewe finansiële gevolge inhou vir mans, vrouens, en kinders. *“Love as equal regard” is die toekoms van die huwelik*. Ek voel wel dat Nelson ‘n massiewe bydrae lewer deur aandag te skenk aan wat hy noem: *seksistiese en spirituele dualisme*[21]. *Spirituele dualisme* is daardie dualisme wat ‘n onderskeid tref tussen die liggaam en die siel, met die siel wat beter is as die liggaam. Nelson argumenteer dat daar te veel pyn veroorsaak is deur só ‘n onderskeid. Hy argumenteer dan, op bybelse gronde dat die mens se liggaam goed is, en dat ons liggame dit vir ons moontlik maak om in verhouding te staan met ander. Ons moet vreugde vind in ons liggame.
Seksistiese dualisme is daardie dualisme wat ‘n onderskeid tref tussen ‘n man en ‘n vrou – die man is die leier en die sterk een, terwyl die vrou die swak een is, die een wat onderdanig moet wees aan haar man. Nelson spreek skerp kritiek uit teenoor hierdie verskynsel en hy argumenteer weereens op bybelse gronde dat beide die man en die vrou in die beeld van God geskep is. Om hierdie rede verdien man en vrou ewe veel respek. In hierdie boek smeek Nelson vir wat hy “androgyny” noem:

[21] Op hierdie manier sluit Nelson en Smedes hulleself in by Browning se idee van “love as equal regard” waarna ek vroeër verwys het. Sien ook Nelson se artikel “The Liberal Approach to Sexual Ethics” in *Boulton* 1994 oor hierdie twee temas.

tweeslagtigheid. Dit is, bv., wanneer die man bereid is om vroulike eienskappe aan te neem in sy optrede. Maar in ‘n ander artikel maak Nelson dit selfs meer duidelik presies wat hy hiermee bedoel: “The concept of androgyny has been commonplace for some years. Most simply put, it denotes the integration within a single person of traits traditionally identified by gender stereotypes as masculine and as feminine. Androgyny is an appealing alternative to the oppressiveness of gender role stereotypes. It moves us beyond oppressive gender expectations into the possibility of a more genuinely human liberation for each and for all.” (Nelson in Lebacqz 1999:41) Maar, uiteindelik sê Nelson is dit nodig dat ons sal aanbeweeg verby “androgyny”. Die visie is nie vir die man om vroulike energie te ontwikkel nie; nee, dit is tyd dat die man sy manlike energieë volkome moet ontwikkel. *Die visie is volheid*. Ons word doodeenvoudig uitgenooi om ons manlikheid meer volkome te ontwikkel. As dit beteken om sogenaamde ‘vroulike eienskappe’ aan te neem, dan moet ons dit doen. Dwarsdeur sy boek *Sex for Christians* doen Smedes presies dieselfde as Nelson, Smedes sê dit net in ander woorde. Browning smeek ook hiervoor.

Dít is die massiewe kulturele transformasie wat moet plaasvind in samelewings wêreldwyd indien die huwelik as ‘n instelling - waarin die mens sy/haar seksualiteit verantwoordelik kan uitleef en beleef – kan voortbestaan.

Op hierdie manier is daar ‘n erkenning van en respek vir die beeld van God in elke mens op aarde, en mense begin hierdeur verantwoordelikheid aanvaar vir hulle optrede. Binne so ‘n huwelik is daar meer as genoeg ruimte, sekuriteit, aanvaarding en respek teenoor mekaar – aspekte wat onontbeerlik is vir die beoefening van seksuele omgang.

Nelson kritiseer die beoefening van seks slegs in die huwelik, maar hy gee egter geen alternatiewe vir die huwelik nie – hy gee te veel gesag aan die indiwidu om maar self te besluit wat vir hom/haarself die beste is i.v.m. die seksuele. Dit is asof Nelson die bybelse gegewens wat hy so deeglik uitlig, heeltemal ignoreer. Sy verstaan van die gesag van die Woord van God verskil klaarblyklik van dié wat ek vroeër uiteengesit het. Die manier waarop Nelson omgaan met die *verhouding tussen kultuur en die evangelie*, laat ook veel te wense - *ja*, die verstaan van kultuur in die sosiale wetenskappe maak *kontekstuele teologie*[22] ‘n hoë prioriteit: “…distinguishes between a classicist notion of culture and one that is empirical” (Bevans 1992:7) d.i. die idee dat daar net een,

[22] “Contextual theology is an interpretation of Christian faith, which arises in the consciousness of its context. The interpretation of ‘God today’ occurs in connection and in dialogue with people, phenomena, and traditions in our age and the surrounding world...It also strives to actively change the context.” (Bergmann 2003:4)

universele en permanente kultuur is, teenoor die verstaan van kultuur as "a set of meanings and values that informs a way of life" (Bevans 1992:7) – en daar is baie hiervan in die wêreld! *Maar*, die uitdaging is hoe ons hierdie kulture van die wêreld (in dié geval die invloed van modernisme) ernstig kan opneem (aangesien kultuur die manier is waarop mense sin maak uit die lewe), *sonder om dit ten koste van die evangelie van Christus te doen*. Wat 'n uitdaging!

Daar is in die geskiedenis al op verskeie maniere probeer om sin te maak uit die verhouding tussen kulture en die evangelie. Twee van hierdie benaderings staan egter uit as die mees verantwoordelike manier waarop die kerk vandag kan omgaan met die verhouding tussen die evangelie en kultuur: *inkorporasie* en *akulturasie*. *Dit gaan om die insluiting van daardie elemente in enige kultuur wat 'n positiewe bydrae kan lewer tot die Christelike spiritualiteit, en om hierdie elemente ook in te sluit by die Kerk as 'n geheel*. *Lamin Sanneh* maak gebruik van die term "translatability" om die idees agter die twee konsepte van akkulturasie en inkorporasie saam te vat: hiermee bedoel hy "…a process in which the Christian message expresses its universal ethos, its capacity to enter into each cultural idiom fully and seriously enough to commence a challenging and enduring dialogue." (Satari 1996:271) Dit verwys na die *wedersysde interaksie* tussen die evangelie en kultuur; dit impliseer dat *die Christendom versoen kan word met alle kulture*. Die evangelie kom nie om kultuur te vernietig nie. Dit beteken egter nie dat die evangelie nie *krities* met kultuur moet omgaan nie; soos Sanneh dit stel: "culture as both a natural ally as well as a natural foe of the gospel." (Satari 1996:274) Daar moet 'n *voortdurende kritiese interaksie* tussen kultuur en die evangelie wees sodat daardie kultuur *gerelativeer en verfris* kan word. Dit gee weer aanleiding tot *kulturele pluralisme*, 'n idee wat reeds tydens die pinkstergebeure in Hand 2 teenwoordig is - die ervaring van verskillende tale bevestig die gelykheid van beide Jood en Griek voor God. *God maak geen kultuur absoluut nie*, Hy *deursoek en relativeer* kulture (Satari 1996:276-277).

Hierdie kritiese dialoog, tussen 'n modernistiese kultuur wat die huwelik tans bedreig, en die evangelie, is 'n komponent wat afwesig is in Nelson se argumente. Dit is noodsaaklik om 'n deeglike studie te doen van die heersende patrone in die samelewing, en Nelson doen dit uitstekend, maar hy redeneer asof hierdie patrone die agenda vir die evangelie moet bepaal. Nelson bevind homself in daardie groep waarvan Browning praat: stabiele hoë-egbreuk samelewings. Hierdie mense glo dat daar nie veel is wat gedoen kan word aan die morele verval van die samelewing en families nie. Al wat ons kan doen is om stabiele samelewings te ontwikkel t.s.v. hierdie hoë egbreuk syfers. Hulle

glo dat jy nie die probleem kan oplos nie – jy moet mense eerder help om sinvol te leef binne-in hierdie probleem. Ek stem saam met Nelson: die samestelling van ‘n hedendaagse samelewing bepaal wel tot ‘n groot mate die manier waarop ons ons geloof uitleef, maar slegs wanneer dit tot die opbou van my naaste strek.

Smedes se werk, aan die anderkant, fokus glad nie in soveel detail (soos Nelson se werk) op die huidige stand van die samelewing nie. Wat Smedes wel goed doen is om getrou te bly aan die Christelike tradisie en die evangelie. Sy studie sal egter baie meer baat indien hy ‘n deeglike analise doen van sy omgewing. Op hierdie manier kan hy die evangelie en die kultuur deeglik met mekaar in ‘n kritiese gesprek bring.

Karen Lebacqz praat in dieselfde trant as James Nelson. Sy som die “tradisionele” Christelike siening van seksualiteit soos volg op: “celibacy in singleness, fidelity in marriage.” (Lebacqz 1999:129) Sy vra egter dat hierdie tradisionele siening herbesoek moet word. Aanvanklik was daar ‘n wettiese benadering tot seksualiteit: moenie daaroor praat nie, moet dit nie geniet nie, en moenie seksueel aktief wees nie. Sedert die seksuele revolusie in die 1960’s is daar egter ‘n ‘bevrydende’ benadering tot die seksuele: almal is seksueel aktief en almal praat daaroor. Daar is dus wegbeweeg vanaf ‘n vrees vir die seksuele na wat ons vandag het: druk op mense om seksueel aktief en suksesvol te wees.

Volgens die Christelike tradisie is seks ‘n gawe van God. Dit is deel van God se skepping en daarom is dit goed. Seks moet beoefen word binne die grense van God se bedoeling daarmee. Deur die sondeval ontstaan daar egter verdraaings van God se oorspronklike bedoeling met ons seksualiteit, en daarom moet ons seksualiteit verlos word. Die twee primêre funksies van seks was nog altyd voortplanting en eenheid. Om hierdie rede glo die Christelike tradisie is die huwelik die plek vir seks, aangesien die huwelik die mees geskikte plek is vir die grootmaak van kinders, sowel as vir die eenheid waarna daar gestrewe word tussen ‘n man en ‘n vrou. Soos u kan sien, is dit moeilik vir enkellopende mense om hul seksualiteit te omhels.

Lebacqz stem saam met die “tradisionele” siening dat seks goed is en dat dit beoefen moet word binne die grense van God se bedoeling daarmee. Sy wil egter ‘n derde funksie van seks byvoeg by die tradisionele siening dat seks voortplanting en eenheid as doel het, nl. seksualiteit hou verband met *kwesbaarheid*. Om haar punt te maak verwys sy na die laaste woorde van die skeppingsverhaal:

"Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was nie skaam nie." (Gen 2:28) Om kaal te wees in antieke Hebreeus was om kwesbaar te wees. En om nie skaam te wees nie was geasosieër met gepastelikheid. Daarom kan hierdie gedeelte in Genesis vertaal word met: "*En die man en sy vrou het gepaste kwesbaarheid beleef*." Aangesien hierdie die laaste gedeelte van die skeppingsverhaal is, sê die vers vir ons dat die gevolg van die seksuele ontmoeting die moontlikheid van gepaste kwesbaarheid moontlik maak. En kwesbaarheid is die voorvereiste vir voortplanting en eenheid – indien ons nie bereid is om kwesbaar te wees, ontbloot te word, en gekwes te word nie, kan daar geen eenheid wees nie.

Tradisioneel is die huwelik gesien as die ruimte waarin so 'n gepaste kwesbaarheid moontlik is. Lebacqz glo egter dat die huwelik nie noodwendig die enigste plek hiervoor is nie. Wat ons dus nodig het, sê Lebacqz, is 'n teologie van kwesbaarheid. In die tussentyd kan ons net voortploeter tot 'n behoorlike seksuele etiek. Enkellopendes sal maar hulle eie kwesbaarheid moet ondersoek om die gepaste uitdrukking daarvan in seksualiteit te vind. Die bestaande opsies van: geen seks voor die huwelik, óf: soveel seks voor die huwelik soos wat jy goed dink, is vir haar nie gepaste benaderings nie. "Celibacy in singleness is not the answer." (Lebacqz 1999:135)

Ek stem saam met Lebacqz – kwesbaarheid is 'n sentrale deel van ons seksualiteit en daarom is 'n geskikte omgewing vir seksuele omgang noodsaaklik. Waarmee ek wel nie kan saamstem nie, is dat Lebacqz beweer dat die huwelik nie die enigste ruimte vir die uitdrukking van gepaste kwesbaarheid is nie, maar dat sy nooit 'n alternatief vir die huwelik voorstel nie. Sy sê die huwelik is wel 'n geskikte ruimte hiervoor, maar tog kritiseer sy die "tradisionele" seks-etiek van seks slegs vir die huwelik! Ek dink sy weerspreek haarself. Ek sien geen ander alternatief tot seks slegs vir die huwelik nie – nie in my eie gedagtes nie, nie in die Woord van God nie, en defnitief nie in hierdie artikel van haar nie.

Die Woord van God dien as die riglyn van beide die studies van Smedes en Nelson. Volgens die bybel is egbreuk en losbandigheid sonde. Omdat voorhuwelikse seks met losbandigheid geasosieër word, is voorhuwelikse seks ook sonde. Die bybel sê nie net dat voorhuwelikse seks sonde is nie; wanneer ons die bybel in sy geheel lees is dit vir ons moontlik om die boodskap daarvan as volg saam te vat: "Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: 'Jy moet jou naaste liefhê soos

jouself.'" (Gal 5:14) Deur seks vir die huwelik te bewaar is om getou te bly aan hierdie gebod van God.

Smedes is baie duidelik hieroor. Nelson is egter bereid om te luister na die kritiek teen seksuele monogamie en trou in die huwelik, asook kritiek teen voorhuwelikse seks as 'n sonde. Hy glo dat daar waardige kritiek gelewer word teen 'n "tradisionele" seks-etiek. Ek stem saam met Nelson dat die kerk moeite moet maak om hierdie kritiese stemme ernstig op te neem, en ek het dit ook gedoen deur te luister na die standpunte van sommige van hierdie stemme soos wat dit deur Nelson geskets is. Maar ek vind hulle argumente onoortuigend: as die samelewing die evangelie kan kritiseer, moet daar ook ruimte geskep word vir die kritiese benadering van die evangelie tot kultuur! Maar, hierdie komponent is ongelukkig afwesig in die argumente van hierdie kritici.

As Christen baseer ek my lewe op die bybel. 'n Deeglike lees en interpretasie van God se Woord, soos gedoen deur Smedes, gepaard met 'n deeglike kennisname van die stand van die moderne samelewing, maak dit vir my duidelik dat 'n "tradisionele" seks-etiek steeds die mees verantwoordelike manier is om om te gaan met ons seksualiteit. Ek neem dit wat die Heilige Skrif te sê het oor seksualiteit en die huwelik baie ernstig op, aangesien dit die woorde van God in mense taal is – deur God self geheilig. Daarom het dit wat die Woord van God sê gesag en daarom sal ek die inhoud daarvan respekteer en aanvaar (Nelson en Smedes maak gebruik van dieselfde teksgedeeltes oor seksualiteit en die huwelik, maar hulle interpretasies daarvan verskil egter – dit kom neer op hulle siening van die bybel).

Ek is wel bereid om die uitsondering te aanvaar, mits die redes daarvoor bevredigend is. Ek hou van Smedes se "creative compassion" voorstel in dié verband.

Die probleem lê nie in dit wat die Woord van ons verwag rondom seks en die huwelik nie; die probleem lê in die samelewing. Browning is heeltemal reg: wat nodig is is 'n massiewe kulturele reformasie. Indien ons die huwelik as 'n instelling wil behou (wat dan die ideale ruimte bied vir seksuele omgang), is dit nodig dat beide die man en die vrou gesien en gerespekteer sal word as die beeld van God – "love as equal regard."

- **Die publieke rol van die kerk**

Die groot vraag in al hierdie dinge is: "Moet die kerk[23] haar neus in publieke sake steek[24]? Indien die kerk *wel deel moet wees* van die sake van die openbare lewe en die samelewing, *hoe* moet die kerk betrokke wees? Hoekom is hierdie onderwerp van seksualiteit en die huwelik enigsens belangrik vir gelowiges wêreldwyd? Mors ons nie ons tyd met hierdie wêreldse probleem nie (asof die mense in die kerk nie worstel met hierdie aspekte van hulle lewens nie!)? Moet die kerk haar nie eerder besig hou met heilige dinge nie?"

Die kerk moét hierdie vraag rondom seksualiteit en die huwelik ernstig bestudeer en bespreek. Volgens die Nuwe Testament *is* die Christelike kerk uniek. Die kerk is die liggaam van Christus, die volk van God, die navolgers van Christus. Die kerk het 'n unieke identiteit, die kerk is 'n nuwe skepping (Smit 1996:125). Uit hierdie unieke identiteit vloei die unieke aktiwiteite van die kerk dan ook voort. Aangesien die kerk 'n unieke identiteit het, behoort dit ook 'n *unieke openbare rol in die wêreld te speel*. Die kerk moét in die openbare sfeer betrokke wees; die kerk moet vryheid, liefde, waarheid, geregtigheid, vrede, versoening, lewe, en die waardigheid van die mens en die skepping bevorder – dit alles sal ontstaan vanuit die unieke oord en aard van die kerk. "Die kerk se soeke moet nie na relevansie of invloed of selfs effektiwiteit wees nie, maar na *integriteit, getrouheid en geloofwaardigheid*." (Smit 1996:200) Sodat ons goeie mense kan wees; mense wat so leef met hul seksualiteit dat ander die volheid van die lewe kan ervaar wat Christus aan die mensdom bied. Mense wat leef met dankbaarheid, integriteit en moed. In Bonhoeffer se woorde: "Costly grace", nie "cheap grace" nie. Ons strewe, as liggaam van Christus, is om *selflose liefde* in 'n *selfsugtige wêreld* te kom vestig. Maar, "…ideal love is not a supernatural layer patched onto the fabric of life to abolish or cover up natural drives and needs. The power of selfless love only works within the tissues of our self-interested lives." (Smedes 1978:x) Die kerk hét 'n unieke publieke verantwoordelikheid en sy moet dit in dankbaarheid aan Christus getrou nakom.

---

[23] Professor *Dirkie Smit* onderskei die volgende ses gestaltes van die kerk deur die eeue: die kerk as i) aanbiddende gemeenskap, ii) as plaaslike gemeente, iii) as denominasie, iv) as ekumeniese liggaam v) as vrywillige organisasie, & vi) as individuele gelowiges (Smit 1996:120-121). Ons moet al hierdie gestaltes ingedagte hou wanneer ons praat oor die publieke rol van die kerk. In hierdie tesis is die fokus meer spesifiek op die indiwidu en sy/haar verantwoordelikheid in die liggaam van Christus.

[24] Breitenberg gee die volgende definisie van publieke teologie (die rol van die kerk in die publieke sfeer): "…public theology intends to provide theologically informed interpretations of and guidance for individuals, faith communities, and the institutions and interactions of civil society, in ways that are understandable, assessable, and possibly convincing to those inside the church and those outside as well." (Breitenberg 2003:66)

- **‘n Nuwe, relevante, goeie mens**

Lewis B. Smedes (1990) skryf in sy boekie *A Pretty Good Person* dat alle mense op aarde die behoefte het om ‘n goeie mens te wees. Volgens hom is hierdie behoefte selfs sterker as die drie rustelose begeertes van die moderne hart: om goed te voel, om goed te maak, en om goed te lyk.

Om goed te voel is ‘n gevoel van bevrediging, vervulling, vryheid, warmte, liefde…enige gevoel net solank as wat dit ons intense begeerte na plesier-verskaffende gevoelens bevredig. *Om goed te lyk* is om fiks te wees, en om ‘n mooi liggaam en voorkoms te hê. Dit is om die woorde “jy lyk fantasties” te hoor. *Om goed te maak* is om iets te maak van ons lewens, om geld te maak en mag te kry, óf om bekend te wees – al is dit ook net vir een dag. Daar is niks verkeerd met hierdie ideale nie, maar wanneer hierdie ideale ons gode raak word die lewe suur. As gode laat dit ons uiteindelik minderwaardig voel. “But plant them in the good of *being* good, and we may have what it takes to make a fine life for ourselves.” (Smedes 1990:2)

Smedes is egter nie naïef nie: hy is deeglik bewus van die feit dat selfs goeie mense daagliks moet worstel met daardie dele van hulle gees wat nog korrup is. *Die beste mense is juis daardie wat besig is om te worstel deur ‘n hoop morele gemors op die steil pad van karakter*. Maar, hoekom die ewe skielike verlange daarna om ‘n goeie mens te wees? Smedes voer die volgende redes hiervoor aan: 1) persoonlike goedheid is ‘n aanloklike en positiewe krag, 2) wanneer iemand ‘n slegte persoon is, gebeur daar slegte goed met ons almal. Uiteindelik, sê Smedes, gaan dit oor die basiese dinge in die lewe: dankbaarheid, moed, integriteit, selfbeheersing, onderskeiding, en regverdige liefde.

Ek dink dat hierdie behoefte van die mens - om ‘n goeie mens te wees - die groot motivering agter my bestudering van die onderwerp oor die huwelik en seksualiteit is. Hierdie is dus my poging om myself, die kerk, en die res van die mensdom te help om goeie mense te wees – wat *Alan Verhey* ‘n “community of moral discourse” (Verhey 1984:2) noem. Dit is ‘n gemeenskap wat voortdurend probeer onderskei wat die vorm en styl van ‘n lewe is wat in “ooreenstemming met die evangelie van Christus is…” (Fil 1:27); wat hulle *persoonlike en sosiale verantwoordelikhede* is - ook wanneer

dit kom by die huwelik en seksualiteit. Verhey stel drie vlakke van morele diskoers[25] voor: 1) die eerste vlak is die *morele-reël* vlak – hier vra ons die vraag "wat moet ek doen?"
2) die tweede vlak is die *etiese beginsel* vlak – hier word die antwoorde wat daar op die vorige vraag gegee is krities bestudeer in die lig van die bybel
3) die post-etiese vlak waar daar gevra word "hoekom moet ons moreel optree?"

Hierdie is die benadering wat ek geneem het in die bestudering van die mens se seksualiteit en die huwelik: ek het begin deur te vra wat ons moet doen met ons seksualiteit; hierna het ek gesê dat seks in die huwelik hoort en ek het hierdie waarde krities bestudeer in die lig van die Woord van God, die Christelike tradisie, en moderne sosiale patrone. My bevinding was dat die Woord van God hierdie standpunt bevestig het. Ek het ook die vraag oor hoekom ons moreel moet optree beantwoord deur te verwys na die kerk as 'n gemeenskap van morele diskoers – ons het persoonlike- en sosiale verantwoordelikhede wat ons op só 'n manier moet nakom dat dit in ooreenstemming met die evangelie van Christus is.

In 1 Kor 13 skryf Paulus 'n baie bekende gedeelte oor die liefde. Ongelukkig is hierdie gedeelte al so bekend dat die mensdom glad nie meer die waarde daarvan besef nie. Die aard van die liefde soos wat Paulus dit hiér beskryf moet as die riglyn dien vir 'n benadering tot ons seksualiteit: "Love suffers long…love is kind…is not jealous…has poise…does not speak its own rights…does not seek its own self…is not irritable…is not resentful…hates evil…bears all things…believes all things…hopes all things…endures all things…love lasts." (Smedes 1978) In hierdie gedeelte "…the writer St. Paul …crystallized the qualities of love into simple absolutes that have never – save once - taken solid hold in network of demands that we recognize as our world. And yet his love song seems somehow meant for our living it. This is our challenge: to find ways to bring the heavenly rhapsody down into our own worldly realities." (Smedes 1978: ix) Dié uitdaging is 'n massiewe een – die liefde mag dalk eenvoudig wees, maar die lewe is gekompliseerd. Dit is egter geen rede waarom ons nie die uitdaging moet aanvaar nie!

Dit alles beteken om mense vry te maak om in die volheid van Christus te lewe: "Die Gees van die Here is op my omdat hy my gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het my gestuur

[25] "The church's communal attempt to discern the shape and style of a life that is worthy of the gospel of Christ." (Phil 1:27) (Verhey 1984:2)

om vrylating vir gevangenis uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig" (Luk 4:18-19). Seks slegs vir die huwelik is getrou aan hierdie opdrag van Jesus.[26]

Daniël Louw verwys na dit wat ek in hierdie tesis probeer doen as *Cura Vitae*:

> "*Cura Vitae is about a theology of life and the healing of life from the viewpoint of Christian spirituality. It is about the question how the perspective of the resurrection in Christ, and the indwelling presence of the Spirit, can contribute to the empowerment of human beings. It is about hope care and the endeavour how to give meaning to life within the reality of suffering, our human vulnerability, and the ever existing predicament of trauma, illness and sickness. This book is a theological undertaking in order to create a paradigm shift in care giving from a predominant focus on our knowing and doing functions to our being functions. From a Christian spiritual perspective the notion of 'to be' implies a growth process of anticipation and transformation from the ethics of performance and achievement to the sacrificial ethics of unconditional love. It also implies a shift in ego-identity: from ego-obsession (the depleted self) to ego-transcendency (the transcendent self). The theological paradigm for this paradigmatic shift is eschatological thinking: form cause-and- effect to the networking of a pastoral hermeneutics, i.e. how to link fundamental existential issues (anxiety, guilt, despair, helplessness, anger) to appropriate God-images and the human quest for meaning. It deals fundamentally with the question about attitude (ensoulment) and the quest for meaning in suffering."* (Louw unpublished: 12-13)

Hierdie tesis is 'n poging om mense te help om relevante besluite te neem oor ons seksualiteit as navolgers van Christus, sodat ons 'n betekenisvolle bestaan kan voer. Dit gaan daaroor om nuwe, relevante, goeie mense te wees in 'n wêreld wat smag na betekenis en sin in die lewe.

"Making love is not the be-all and end-all of life. It rarely approaches perfection and isn't the most important thing we do. But it is far from the root of all sin. On the contrary, it can be life's most delightful means of grace." (Parker in Lebacqz 1999:142) Wanneer ons seks slegs in die huwelik

[26] Dit is baie belangrik om te besef dat die waarde van seks vir die huwelik nie lê in dit wat jy daaruit kan kry nie: "single Christians – encouraged, at times, by chastity educators eager to tout the practical benefits of saving sex for marriage – forget that morality is not a quid pro quo arrangement." (Carroll 2002:140) Ja, daar lê ongetwyfeld voordele daarin vir jouself, maar die motivering daaragter kom in die eerste plek van 'n omgee vir die ander se welstand.

beoefen, vereer ons God se oorspronklike bedoeling met die skep van ons seksualiteit: as ‘n instrument van Sy genade![27] “God…this Creator…down to the beating heart of his divine being, he is love. Wouldn’t it follow that whatever his mind planned for us would include the good his love would want for us. So, when we choose to live by his intelligent design we are also choosing what is best for us all in the long run. And this is what morality is all about.” (Smedes 1986:21)

- **Ten slotte**

In hoofstuk een het ek die volgende twee hipoteses voorgestel: 1) *‘n dialoog met verskeie sienings en standpunte oor seks en die huwelik sal tot ‘n hernude bevordering en bevestiging van die tradisionele seks-etiek lei.* Ek wil graag toon dat, indien daar geluister word na die huidige, verteenwoordigende standpunte oor seks en die huwelik, ons hieruit kan aantoon dat ‘n “tradisionele” seks-etiek steeds die mees verantwoordelike manier is om ons seksualiteit te benader 2) ek wil ook aantoon dat *die redes wat oorspronklik aanleiding gegee het tot ‘n etiek van: seks vir die huwelik, nie altyd so getrou aan die Woord was nie,* en daarom sien al hoe meer mense dit vandag as ‘n onbilike verwagting. *Deur ‘n kritiese gesprek tussen die evangelie en die heersende sosiale strukture het dit duidelik geword dat, indien die mens seks vir die huwelik bewaar, ons God se gebod van naasteliefde gehoorsaam. Op hierdie manier bly ons getrou aan die Woord van God.*

Ek voel dat ek beide hierdie hipoteses korrek bewys het: ‘n “tradisionele” seks-etiek (seks slegs vir die huwelik) is nie ‘n uitgediende paradigma in ‘n hedendaagse samelewing nie, en die motivering daaragter is: die erkenning en respektering van die beeld van God in elke mens (man sowel as vrou) op aarde. Wanneer ons seks slegs in die huwelik beoefen, is ons getrou aan God se opdrag om ons naaste lief te hê soos onsself. Uiteindelik is die enigste manier om God lief te hê om ons naaste lief te hê!

Die lewe gaan oor *die besluite wat ons neem*: “The choice we make can put us in the wrong with God and our ideal selves – or leave us in the right. And being in the right means being in harmony with God’s desing for our humanity.” (Smedes 1983:vii) Die Woord van God gee aan ons sekere opdragte, riglyne oor hoe ons behoort te leef. Maar, wat verwag hierdie opdragte werklik van ons? Hoekom verwag God hierdie dinge van ons? Hoe kan ons hierdie opdragte verstaan en gehoorsaam

[27] As ‘n gereformeerde teoloog sien ek die huwelik egter nie as ‘n sakrament nie

in ‘n wêreld van konflik en verandering? Die profeet Miga gee aan die mensdom duidelike riglyne oor hoe ons in harmonie met God se bedoeling vir sy skepping kan kom: “Hy het jou bekendgemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God.” (Miga 6:8) Hierdie twee “reëls” geld vir die optrede van alle mense teenoor ander, op alle plekke regoor die wêreld – ongeag die konteks: *liefde en geregtigheid* moet as die maatstaf dien vir ons lewens saam met ander; dít moet bepaal watter besluite ons neem, ook wanneer dit kom by ons seksualiteit.

Die wonder van dit alles is dit: hierdie God wat ons geskep het om op ‘n sekere manier te funksioneer en wat sekere optredes van ons verwag, is ook die God wat ons *vergewe* - elke keer as ons nie getrou is aan hoe hy ons gemaak het om te wees nie. “What God expects of ordinary people is obedience born of gratitude; what God gives ordinary people is forgiveness born of grace. Once forgiven, we hear his commands, not as a burden, but as an invitation to enjoy our humanity, and in our joy to glorify our Creator.” (Smedes 1983:243)

Pectora roborant cultus recti

Bibliografie

- Bergmann, S. 2003. *God in Context: a survey of contextual theology*. Ashgate Publishing Company, England

- Bevans, S.B. 1992. *Models of Contextual Theology*. Orbis Books, Maryknoll, New York
- Bonhoeffer, D. 1996. *Life Togeher*. Fortress Press, Minneapolis

- Bonhoeffer, D. 2003. *Discipleship*. Fortress Press, Minneapolis

- Boulton, W.G., Kennedy, T.D., & Verhey, A. (eds.) 1994. *From Christ to the World: Introductory readings in Christian ethics*. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan

- Breitenberg, E.H. in Gudorf, C. & Lauritzen, P. (eds.) 2003. "To tell the truth: will the real public theology please stand up?" in *Journal of the Society of Christian Ethics*. Vol 23, No. 2. Georgetown University Press, Washington, D.C.
- Browning, D.S. 2003. *Marriage and Modernization: How globalization threatens marriage and what to do about it*. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan

- Cahill, L.S. in Lebacqz, K. & Sinacore Guinn, D. (eds.) 1999. "Sexuality and Christian Ethics: How to Proceed" in *Sexuality: A Reader.* Pilgrim Press, Ohio

- Carroll, C. 2002. *The New Faithful: why young adults are embracing Christian Orthodoxy*. Loyola Press, Chicago

- Countryman, L.W. in in Lebacqz, K. & Sinacore Guinn, D. (eds.) 1999. "New Testament Sexual Ethics and Today's World" in *Sexuality: A Reader.* Pilgrim Press, Ohio

- Gustafson, J.M. in Boulton, W.G., Kennedy, T.D., & Verhey, A. (eds.) 1994. "Ways of Using Scripture" in *From Christ to the World: Introductory readings in Christian ethics*. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan

- Kosnik, A. in Lebacqz, K. & Sinacore Guinn, D. (eds.) 1999. "Toward a Theology of Human Sexuality" in *Sexuality: A Reader.* Pilgrim Press, Ohio

- Lebacqz, K. in Lebacqz, K. & Sinacore Guinn, D. (eds.) 1999. "Appropriate Vulnerability: A Sexual Ethic for Singles" in *Sexuality: A Reader.* Pilgrim Press, Ohio

- Louw, D.J. 2006. Ongepubliseerde boek: *Cura Vitae*.

- Mouton, J. 2001. *How to succeed in your Master's and Doctoral Studies - A South African Guide and Resource Book.* Van Schaik Publishers, Pretoria

- Nelson, J.B. 1978. *Embodiment - An Approach to Sexuality and Christian Theology.* Augsburg Publishing House, Minneapolis

- Nelson, J.B. in Boulton, W.G., Kennedy, T.D., & Verhey, A. (eds.) 1994. "The Liberal Approach to Sexuality" in *From Christ to the World: Introductory readings in Christian ethics*. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan

- Nelson, J.B. in Lebacqz, K. & Sinacore Guinn, D. (eds.) 1999. "Embracing Masculinity", in *Sexuality: A Reader.* Pilgrim Press, Ohio

- Parker, R. in Lebacqz, K. & Sinacore Guinn, D. (eds.) 1999. "Making love as a means of grace: women's reflections", in *Sexuality: A Reader.* Pilgrim Press, Ohio

- Satari, P.R. in Hunsberger, G.R. & van Gelder, C. (eds.) 1996. " 'Translatability' in the missional approach of Lamin Sanneh," in *The Church Between Gospel and Culture*. Eerdmans Publishing Company. Grand Rapids, Michigan, bl. 270-283

- Smedes, L.B. 1976. *Sex for Christians - The Limits and Liberties of Sexual Living.* Eerdmans Publishing Company. Grand Rapids, Michigan

- Smedes, L.B. 1978. *Love Within Limits: realizing selfless love in a selfish world*. Eerdmans Publishing Company. Grand Rapids, Michigan

- Smedes, L.B. 1983. *Mere Morality: what God expects from ordinary people*. Eerdmans Publishing Company. Grand Rapids, Michigan

- Smedes, L.B. 1986. *Choices: making right decisions in a complex world*. Harper & Row, Publishers, San Francisco

- Smedes, L.B. 1990. *A Pretty Good Person: whatever it takes to live with courage, gratitude and integrity*. Harper, San Francisco

- Smit, D.J. 1996. "Oor die kerk as unieke samelewingsverband," in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Junie 1996, bl. 119-129

- Smit, D.J. 1996. "Oor die unieke openbare rol van die kerk," in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 1996, bl. 190-204

- Stott, J. 1984. *Issues Facing Christians Today: new perspectives on social and moral dilemmas*. Harper Collins Publishers, London

- Verhey, A. 1984. *The Great Reversal - Ethics and the New Testament.* Regent College Publishing. Vancouver, Canada

- Webster, J. 2003. *Holy Scripture: A Dogmatic Sketch*. Cambridge University Press

- Wolters, A. in Bartholomew, C., Greene, C., & Möller, K. (eds.) 2000. "Confessional Criticism and the Night Visions of Zechariah," in *Renewing Biblical Interpretation*, Scripture and Hermeneutics Series vol. 1. Zondervan: Grand Rapids, Michigan

Pectora roborant cultus recti

Internet bronne

- http://plato.stanford.edu/entries/confucius/

Bybels gebruik in hierdie studie

- Die Afrikaanse Vertaling van die Bybel – 1933 uitgawe, Bybelgenootskap van Suid-Afrika
- Die Afrikaanse Vertaling van die Bybel – 1983 uitgawe, Bybelgenootskap van Suid-Afrika